

# Vrye Weekblad

1 Maart 1991

Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

Oh Shucks, is daar hoop vir ons  
filmbedryf?

SA flikgangers  
soek meer as net  
tranetrekkers,  
slapstick en seks.  
Of hoe?

Die moeder  
van alle oorloë  
wat toe nooit  
was nie

Winnie: 'n verskeurde ANO-  
se moeilike dilemma

Uitgestorwe voëltjie vlieg weer

**As jy iemand se pen  
gesteel het, sê  
aartsbiskop Desmond  
Tutu in 'n debat dié week  
tussen kerkleiers, vra jy  
om verskoning en gee  
die pen terug. Jy sê nie  
jy is jammer en hou dan  
die pen nie. CHRISTELLE  
TERREBLANCHE doen  
verslag**

**D**ie moontlikheid dat die "Rustenburgse belydenis" dalk nie in almal se oë genoeg was om die NG Kerk te onthef van die blaam vir sy aandeel in apartheid nie, het na die oppervlak gekom in 'n debat oor "Apartheid en Belydenis" dié week tussen kerkleiers met uiteenlopende theologiese beskouings.

Dr Dirk Hattingh, moderator van die Wes-Kaapse sinode van die NG Kerk, aartsbiskop Desmond Tutu van die Anglikaanse Kerk en prof Carel Boshoff, sending-teoloog en leier van die Afrikaner Volkstaatparty het deelgeneem aan die debat onder die vaandel van Akademiese Gesprek, 'n forum van die studen-

# Bieg nie genoeg nie, sê Tutu

teraad van die Universiteit van Stellenbosch. Tutu het in sy betoog 'n sterk pleidooi gelewer dat restitusie, ofte wel vergoeding aan diegene van wie weggeneem is, uiteindelik 'n onlosmaaklike deel van belydenis is. Hattingh het die NG kerk se standpunt verdedig dat hy hom met sy belydenis op Rustenburg van die politieke magsbestel losgemaak het en voortaan Christelik-etiese norme op wetgewing sal toepas.

"Dit was 'n fout om so intiem saam te loop met een politieke party sodat kritiek nie uit die kerk gedaan kan word nie." Volgens hom het die belydenis lankal gebroei, maar by Rustenburg "feitlik spontaan voor die kamaras van die wêreld" tot uiting gekom.

Tutu het dit duidelik gestel dat politieke bevryding nie 'n versmelting van nasies en volkere beteken nie, en gevra waarom Afrikaners so waardevol en kwesbaar is dat hulle wette nodig het om hulle te beskerm. Dit was in aansluiting by sy oorspronklike betoog waarin hy aangevoer het dat witmense nooit vry sal wees as swartmense nie vry is nie.

"Belydenis is die sleutel tot vergifnis," het hy gesê. "Maar apartheid was nie net 'n fout in soverre dat dit vergewe moet word nie. As jy iemand se pen geneem het, dan sê jy nie jy is jammer en hou die pen nie. Jy vra om verskoning en gee die pen terug".

Aan die hand van die Kantiaanse beginsels het hy daarop gewys dat iets nie reg en verkeerd kan wees nie, en dat mense nooit 'n middel tot 'n doel mag wees nie, maar 'n doel op sigself.

Hattingh het dit verwerp dat restitusie nodig is, en toe weer die vinger na Tutu gewys.

"Ja, ek dink versoening tussen wit en swart is baie belangrik, dat 'nuwe mense' mekaar



Aartsbiskop Tutu

vind deur die belydenis van die NG Kerk, dat dit nuwe deure vir kerke na mekaar en na die toekoms oopmaak. Daarom wil ek vir Biskop Tutu vra, wanneer hy weer op TV verskyn, om te vra dat sanksies opgehef word. Sê dit, Biskop, sê dit nou, asseblief."

In antwoord op 'n vraag watter soort regstelling en vergoeding moontlik sou kon wees, het Hattingh sy oproep aan Tutu gemotiveer deur te sê dat apartheid misluk het omdat "ons dit nie kon bekostig nie. Dié wat dit die meeste wou hê, wou ook die meeste belasting-afslag hê."

"Na my mening," het hy uitgebrei, "behoort alles in werkking gestel te word ter wille van groei, om mense van werk te voorsien, en daarvoor het ons 'n groeikoers van 6 persent nodig. Ons sal buitelandse kapitaal nodig hê om aan die gang te kom."

"Asdie morele onderbou reg is, dink ek ons

sai iets kan doen." Hy het weer eens ontken dat die kerk die Nasionale Party naloop en redes aangevoer waarom die kerk eerder voor die regering 'n ommeswaai sou gemaak het.

Boshoff het op sy beurt die NG Kerk van dubbele standarde en oneerlikheid beskuldig, omdat hy in Hattingh se woorde "voor die helder ligte van TV-kameras van die buitenland gebieg het", maar "n ander gesig aan sy lidmate en gemeentes voorhou".

Hy het sy bedenkinge oor die belydenis uitgespreek. "Die sinode het gesê alle vorme van diskriminasie is sonde en het dit veroordeel. Die vraag is nou, gaan die sinode dit verder by wyse van dissipline en tug toepas?"

"Dit is 'n bedenklike praktyk hierdie mea culpa op sinodes en berade en die op die bors geslanery sonder om na die gemeentes te gaan en alle nagmaal en sakramente op te skort."

Boshoff het sy teenkanting gegrond op wat hy 'n bedenklike teologie en bedenklike praktyk noem: "Dit verlei my tot 'n soort aakklike of bedenklike vermoede dat die kerk huigel, en eintlik kop in een mus is met die politieke en sosiale revolusie om 'n nuwe nasie te bou."

Sowel Hattingh as Tutu het Boshoff se stellings oor opvolging in gemeentes en die opskorting van Nagmaal verwerp. Hattingh het aangevoer dat die kerk nie meer moet luister na wat mense wil hê nie, maar na dit wat God wil hê.

Hy het aan Boshoff gesê dat hy reeds die toets vir geregtigheid met sy "Nuwe Paradys - Orania" gedruip het, deur die sogenaamde Kleurling-gemeenskap daar te verwerp.

"As die NG Kerk se teologie dan bedenklik is, dit is Bybels, en dit sorg vir sy mense, wie hulle ookal is," het Hattingh gesê.

## Party wil nog hul ras ingevul hê

dié deel oor "bevolkingsgroep" wegelaat sal word, maar totdat hulle beskikbaar raak, moet ouers hulle maar ooplaat.

"As ons dit nie invul nie, hoe sal ons weet hoeveel swartmense daar in die land is?" het Leon Minnie gevra, 'n witman wat sy vier dae oue seun kom registreer het. Sy naam was ook Leon.

"Ek stem nie saam dat die wet geskrap moet word nie. Ons moet die aantal swartmense wat gebore word, dophou anders gaan hulle ons oorstrom."

Sy standpunt is gedeel, maar om heel ander redes, deur Goliath Allen, 'n bruinman wat "kleurling" op sy dogter Anastasia se vorm ingevul het.

"My ouers het as 'n Kleurling geregistreer en ek is trots daarop om 'n Kleurling te wees," het hy gesê.

'n Paar ouers was egter heel tevreden om hul babas eenvoudig as "Suid-Afrikaners" te registreer.

"Ek dink dis great. Dit wys dat daar veran-

dering is," het Mohamed Mangera gesê, wat saam met sy vrou Zaheda tougestaan het om hul drie weke oue Riaaz te registreer.

"Hy sal geleenthede hê wat ons nooit gehad het nie. Ons verwag dat daar volle integrasie sal wees teen die tyd dat hy groter is," het Mangera gesê.


"In Wit vrou, Anne Meyer, wie se dogter Dominique ook een van die "nuwe Suid-Afrikaners" is, het gesê sy is verheug dat dié wet geskrap gaan word."

"Nou sal die verskillende rasse 'n kans hê om mekaar behoorlik te leer ken. Teen die tyd dat sy skool toe gaan, is ek seker Dominique sal in 'n totaal geïntegreerde klas wees."

Jacob Myeza het gesê hy hoop die skraping van die wet sal beteken dat sy pasgebore Jabulani 'n gelukkiger bestaan as hy self sal voer.

"My hele lewe lank het ek gely as 'n swartman - my seun sal bloot 'n Suid-Afrikaner wees. Ek is baie bly," het hy gesê.

- BRYAN PEARSON, AFP



**Vrye Weekblad**

**Jou sleutel tot die Nuwe Suid-Afrika**

Ek wil op Vrye Weekblad inteken vir:

Twaalf maande  ses maande

en sluit hierby 'n thek/poswissel vir R \_\_\_\_\_ in.

Naam \_\_\_\_\_

Adres \_\_\_\_\_

# ANC kry nou vaste onderhandel-taakmag

'n UITSOEK-GROEP van senior ANC-lede gaan hulself binnekort voltyds op die onderhandelingsproses toespits en Nelson Mandela, vise-president van die ANC, in dié verband bystaan. Die "onderhandelings-taakmag", soos dit genoem word, sal onder leiding van Thabo Mbeki, hoof van die ANC se buitelandse sake departement staan.

Dié verwikkeling mag selfs beteken dat Mbeki, en sommige ander, van hul huidige verantwoordelikhede in die ANC verlos sal word. Dit is heel moontlik dat Stanley Mabisela, lid van die nasionale uitvoerende komitee (NUK), en Mbeki se adjunk, laasgenoemde se buitelandse verpligtinge vir 'n onbepaalde tyd sal oorneem.

Mabisela het Mbeki die laaste maande reeds by verskeie geleenthede oorsee verteenwoordig en was ook saam met Mandela op sy besoek in November aan die Ooste.

Daar is reeds voor 2 Februarie verlede jaar 'n onderhandelings-taakgroep deur die ANC in Lusaka aangestel. Maar noudat onderhandelinge op dreef begin kom en die veelparty-kongres spoedig 'n werklikheid sal wees, is die standaard bereik dat dit die voltydse aandag van die betrokkenes begin vereis.

Dit kan verwag word dat ander onderhandelaars mense soos Jakob Zuma, Aziz Pahad - albei reeds van die begin af betrokke by die proses - Pallo Jordan, die hoof van inligting, en Joe Modise, die hoof van Mkhonto we Sizwe, sal insluit.

Dit is bekend dat die NP-leiding ook reeds besluit het dat verskeie kabinetministers op 'n latere stadium uit hul poste sal bedank, om die NP sodoende voltyds in die onderhandelinge te verteenwoordig.

Die ANC-onderhandelaars word bygestaan deur 'n ondersteunende groep van ANC-deskundiges, wat lank reeds op 'n voortdurende basis daarby gemoed is.

Die ANC-onderhandelaars sal die ANC nie net op 'n voltydse basis verteenwoordig nie. 'n Ander

uiters belangrike taak is dat hulle 'n sleutelrol sal speel in die ANC-veldtog om die gewone lede van tyd tot tyd op verslagvergaderings oor die onderhandelinge in te lig.

Tydens die raadplegende konferensie van die ANC in Desember verlede jaar, is die leierskap aan die ongenadige kritiek van die gewone lede blootgestel, omdat hulle in die duister oor die onderhandelinge was.

Soos onlangs in VWB berig is, het die ANC-leierskap sedertdien besluit om ANC-lede op stelmatige wyse oor alle belangrike sake in te lig.

Dit is duidelik dat die regering self nou ook die lesse van die ANC-konferensie ter harte neem.

In dié verband is die onlangse parlementêre toespraak van Roelf Meyer, adjunk-minister van staatkundige ontwikkeling insiggewend, hoewel dit toe min aandag getrek het.

**Namibia sukses nog steeds om vordering te maak in sy ondersoek na die moord op Anton Lubowski.**

**CHRISTELLE TERREBLANCHE skryf oor die Namibiese amptenare se probleme met die saak**

NA byna 'n jaar se pogings om twee stelle vermeende moordenaars en getuies van Suid-Afrika af uitgelever te kry, het Namibia min hoop om die moord op Swapo-aktivis en menseregte-advokaat, Anton Lubowski, spoedig op te los.


'n Sonderlinge deurbraak in die polisie-ondersoek of 'n soort samewerkings-ooreenkoms met Suid-Afrika sal blybaar nodig wees om sy moordenaars aan die man te bring.

"Dit bly vir ons onverklaarbaar dat Suid-Afrika nie ernstige stappe doen om die moord te ondersoek nie," sê Hartmut Ruppel, Namibia se prokureur-generaal. "Die probleem is dat die moord in Suid-Afrika beplan is en hier (in Namibia) uitgevoer is, terwyl die land nog onder Suid-Afrikaanse beheer was."

Ruppel het by navraag gereageer op 'n brief aan Vrye Weekblad deur die Suid-Afrikaanse Departement van Justisie insake 'n artikel op 11 Januarie vanjaar in die koerant oor die pogings om die berugte Staal Burger en Chappie Maree van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) uitgelever te kry.

Die departement ontken die "bewering" in die artikel, met die opskrif "Die Ope Geheim", dat Donald Acheson deur die Namibiese owerheid vrygelaat is nadat die departement van Justisie "geweier het om vyf ander BSB-lede aan Namibia uit te lever wat saam met Acheson tereg moes staan weens moord of om as staatsgetuies op te tree".

Acheson, 'n Ierse burger en



Thabo Mbeki


Met verwysing na die komende veelparty-kongres erken hy dat die eise vanveral die buite-parlementêre groepes, dat hulle gedurende die onderhandelingsproses kontak met hul gewone ondersteuners moet kan behou, baie belangrik is.

Meyer sê: "Daarom is dit belangrik dat betreffende ondersteunersgroepes, terugrapportingsgeleentheide en metodes geskep word, en dat procedures inderdaad ontwikkel word vir gereelde kontak tussen diegene wat aan die onderhandelingsproses deelneem en hul ondersteuners."

Die waarskuwing is duidelik: 'n ooreenkoms tussen leiers op die beoogde veelparty-kongres wat nie deur lede van die ANC, NP, KP en Inkatha verstaan of aanvaar word nie, skep 'n potensieel onstabiele situasie.

-HENNIE SERFONTEIN

## Min hoop om moord op Lubowski op te los



Anton Lubowski

sal sonder Acheson kan geskied.

Daarna sou dit nie onmoontlik wees om Acheson uit 'n ander land uitgelever te kry nie.

Ruppel se kantoor het op 22 April, kort na Namibia se onafhanklikwording, die Suid-Afrikaanse staatspresident versoek om die arrestasie en oorhandiging van die volgende persone te gelas:

Staal Burger en Chappie Maree ten opsigte van die Lubowski-moord; en ten opsigte van die beweerde moorde van 'n Untag-lid en 'n lid van Swapo, Leonard Veenendaal, Darryll Stopforth, Horst Klenz en Cornelius Breidenbach. Die beweerde moorde hou verband met 'n aanval op 'n Untag-kantoor in Outjo en die ontsnapping van aangeklaagdes vir die voorval.

Nou sê die Departement van Justisie in Pretoria dat hy nie oor die bevoegdheid beskik om uitlewerings te gelas nie. "Daar bestaan verder geen magtiging dat getuies uitgelever kan word nie," skryf die Departement op 20 Februarie.

Dit was twee dae voor dat 'n vierde aansoek deur die Namibiese owerheid vir die uitlewering van Klenz, Stopforth en Veenendaal met die toestemming van die Staatspresident voor die Johannesburgse landdroshof sou dien.

Die aansoek was die eerste waarvan die dokumente aan alle vereistes van die Departement voldoen het. Vorige aansoek het volgens die Departement tegniek tekort geskiet. Die hofsitting is egter uitgestel.

Ruppel se kantoor het bevestig dat tegniese probleme die uitleweringspoging ten opsigte van die Outjo-saak in die wile gery het, aangesien die Suid-Afrikaanse wetgewing "nie baie duidelik oor procedure is nie".

Hy is egter "baie optimisties" dat die drie spoedig uitgelever sal kan word. Ten opsigte van die Lubowski-moord het Namibia nog net twee aansoek vir uitlewering aan Suid-Afrika gerig, die een op 22 April en nog een op 4 Mei verlede jaar. Die jongste aansoek het ook nie aan die wetlike vereistes voldoen nie.

Geen verdere aansoek sal waarskynlik gerig kan word alvorens Namibia 'n deurbraak in sy polisie-ondersoek gemaak het nie.

## 110 uitgewekenes keer terug

DIE eerste 110 van ongeveer 40 000 uitgewekenes keer op 7 Maart na Suid-Afrika terug, volgens 'n ANC-woorvoer.

Die uitgewekenes sal in groepes op Jan Smuts-lughawe vanaf Lusaka aankom, waar van hulle die afgelope twintig tot dertig jaar reeds woon.

Die minister van Binnelandse Sake, Eugene Louw, het bevestig dat die ballinge vir die volgende vier tot vyf weke in groepes uit verskillende dele van Afrika op gereelde vlugte hier sal aankom.

Ramings van die getal ballinge verskil - van 10 000 tot 100 000, sê Louw. Die regering meen daar kan tot 40 000, insluitende afhanklikes, wees.

Volgens Louw word reëlings by grensposte getref om terugrendes met tydelike reisdokumente van ander lande die land binne te laat. As hulle eers hier is, kan hulle om permanente reisdokumente aansoek doen.

AFP

Met verwysing na die komende veelparty-kongres erken hy dat die eise vanveral die buite-parlementêre groepes, dat hulle gedurende die onderhandelingsproses kontak met hul gewone ondersteuners moet kan behou, baie belangrik is.

Met verwysing na die komende veelparty-kongres erken hy dat die eise vanveral die buite-parlementêre groepes, dat hulle gedurende die onderhandelingsproses kontak met hul gewone ondersteuners moet kan behou, baie belangrik is.

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE

EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHede HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN

## WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG.

VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM

ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER

## VROUEKRAG.

DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓU DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED

VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VAS-BERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLICK BY ONS VROUE-VIR-VROUEVELDTOG BETROKKEN TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

**BOP**  
**BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM**

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

# Die Winnie-sage bly krap in die ANC

**Die ANC se top-struktuur is maar bra kriewelrig oor die Winnie Mandela Support Ad Hoc Committee (WMSAC) wat dié week in die lewe geroep is. Gerugte dat elemente in die ANC betrokke was by die verdwyning van Gabriel Pello Mekgwe, 'n sleutelgetuie in die verhoor van Winnie Mandela en drie ander, wil ook net nie gaan lê nie.** AUDREY BROWN het wyd in ANC-kringe gesels oor die dilemmas waarin Winnie die organisasie plaas



Winnie Mandela... talle vra wat krap

**W**anneer 'n mens navraag doen oor die persoon Winnie Mandela en die omstrede hofsaak waarin sy betrokke is, word dit gou duidelik dat alles nie is wat dit voorgee om te wees nie.

Geruimte tyd reeds het die konflik rondom Winnie, haar doen en late en haar rol in die ANC dié organisasie nie juis gepla nie.

Maar nou is elemente binne die ANC, waaronder die Winnie Mandela Support Ad Hoc Committee, besig om 'n dilemma vir die ANC te skep met hul aggressiewe houding teenoor die pers en hul uitsprake oor die hofsaak.

Die WMSAC is duidelik nie 'n ANC-initiatief nie. Trouens, ANC-amptenare was verbaas toe dié organisasie op die toneel verskyn het.

Nelson Mandela sou verlede Vrydag by 'n onthaal van die Johannesburgse Persklub die "bullebak"-optrede van sy vrou se ondersteuners

sterk afgekeur het, maar hy het nie dié deel van sy geskrewe toespraak gelees nie.

Die "nie-amptelike" optredes binne die ANC dreig om 'n krisis binne die organisasie te skep. En dié krisis word op die spits gedryf deur die bestaan van die WMSAC, wat geeloods is om die "onvoorwaardelike en ongekwaliifiseerde steun van ons mense" vir Winnie Mandela te betoon.

Die dilemma wat die ANC in die gesig staar, is: hoe om te reageer op die nie-amptelike komitee wat namens Winnie Mandela 'n polemiek teen die pers loods en eintlik die ANC in 'n baie swak lig stel; en hoe om die integriteit van die organisasie te beskerm sonder om Winnie in die steek te laat of Nelson Mandela in die verleentheid te stel.

Daar is verwag dat die Mandelas die amptelike loodsing van die WMSAC sou bywoon. Op die laaste oomblik is daar weet dat hulle "probleme" ondervind om by die geleentheid

uit te kom. Bronne binne die ANC sê 'n vergadering van sekere lede van die nasionale uitvoerende raad van die ANC het dieselfde oggend miskien 'n invloed op dié besluit gehad. Dit blyk dat daar 'n mate van "vyandigheid" jeans dié organisasie binne die ANC is.

Die komitee bestaan uit individue waaronder Aubrey Mokoena, voormalige voorstaander van die Release Mandela Campaign, Fatima Meer, 'n vriend van die Mandela-gesin, en die veteraan-aktivis Helen Joseph, asook lede van die ANC se Vroueliga, Contraleza en die ANC in Brandfort. Hulle verteenwoordig nie ANC-strukture nie en die oorgrote meerderheid van hulle kom uit gebiede buite Soweto en Johannesburg.

Die feit dat nie een van die leiersfigure van die ANC by die WMSAC betrokke is nie én dat mense van die Jeugliga, wat nog altyd Winnie se sterkste kampvegters was, ook 'n baie lae profiel handhaaf, duif op die diepe verwarring en konflik in ANC-kringe wat weer eens deur Winnie Mandela aangewakker is.

Die manier waarop die ANC op die sogenaamde ontvoering gereageer het, gee boonop aanleiding tot ernstige vroeë.

Kan dit wees dat die ANC die agterdeur probeer oophou ingeval dit later aan die lig kom dat lede van dié organisasie iets daarmee te doen gehad het? En dalk nog vooraanstaandes ook? Hoekom is daar dan geen ondubbelzinnige ontkenning en veroordeling nie?

Daar word berig dat drie van die vier besuldigdes wat verdwyn het voor die hofsaak begin het, in die ANC se Dukwe-kamp in Botswana is. 'n Uitleweringsbevel is deur die Departement van Buitelandse Sake uitgereik om dié drie terug in Suid-Afrika te kry.

ANC-leiersfigure met wie Vrye Weekblad gesels het, het self dié week hardop oor die "ontvoering" gewonder.

Hoe sou Mekgwe se beweerde ontvoerders byvoorbeeld geweet het dat hy die betrokke sondagaand van sy verdwyning in Soweto sou wees? Hy het bloot per toeval by die Metodiste-pastorie aangekom nadat hy sy vervoer na 'n veilige huis in die noordelike voorstede verpas het.

Die moontlikheid dat Mekgwe-vrywillig besluit het om nie getuenis te lever nie, word ook geopper.

Twee joernaliste, Patrick Laurence van The Star en ZB du Toit van Die Patriot, is reeds ingevolge artikel 205 van die Strafproseswet gedagvaar om in die hof te verskyn nadat hulle berig geskryf waarin hulle onderskeidelik beweer dat "senior lede van die ANC" en die "Nasionale Intelligensiediens" betrokke was by die verdwyning van Mekgwe.

## Vrystaat bepleit een onderwysstelsel

**BLOEMFONTEIN** - Die konsep van een onderwysdepartement vir die hele land is Woensdag op 'n konferensie van die Stedelike Stigting van die Vrystaat bespreek.

Hoewel die wit Vrystaatse Onderwysdepartement nie amptelik die konferensie bygewoon het nie, het die hoof van een van die land se vooraanstaande wit skole, dr Michay Heyns van Grey Kollege, een ministerie van onderwys wat beleid op alle onderwysvlakte bepaal, bepleit. Streeksdepartemente kan op plaaslike vlak alle laer- en hoërondertwys beheer.

Heyns, voorstaander van die wit Onderwysersvereniging, het gevra vir die algehele herorganisasie van die bestaande stelsel. Later het hy ook voorgestel dat 'n komitee van hoërskoolhoofde van die Vrystaat uitgebred word om hoofde van swart en bruin skole in te sluit om te besin oor die toekoms van die onderwys.

Dr Benito Khotseng van die Universiteit van QwaQwa, asook verskeie ander swart sprekers, het daarop gewys dat een onderwysstelsel nie noodwendig die agterstande in swart onderwys sal uitwis nie. Khotseng het gesê die norm moet nie 'n wit onderwysstandaard word nie, maar die regstelling van die "verlammende ongelijkhede in die swart

onderwys". Daar is belangrike ontwikkelingsbeginsels waaraan voldoen moet word.

Dr Albert Weideman, Onderwysbestuurder van die Stedelike Stigting van die Vrystaat, het in 'n omvattende studie oor die stand van die Vrystaatse onderwys gesê dat om na normaal terug te keer, nie net sal beteken dat geld ingepomp moet word nie, maar ook dat ouer- en onderwysergesag herwin moet word. Taktiese wat die afgelope jare gebruik is, moet heroorweeg word.

Ook die optredes van onderwysers wat betrokke was by gebeure waar werksboeke op die ashoop gegooi is, kollegas of skoolhoofde gedreig en weggejaag is en waar kinders weens wegbllyaksies van onderwys ontneem is, ondersoek moet word.

"Niks wat Verwoerd ooit gedoen het, het 'n geslag swart kinders so effektief tot die laerordes van die gemeenskap verdoem as die verpolitisering van skole in die sewentigs en tachtigs nie," sê Weideman.

Hy het verskeie statistiese gegevens oor die stand van onderwys oor die afgelope jaar in die Vrystaat verskaf - soos dat die gemiddelde getal wit kinders per onderwyser sowat 18 is, terwyl die getal swart kinders per onderwyser gemiddeld 38,9 is.

Indien die swart onderwys die doelstelling wil verwesenlik om 35 kinders per onderwyser in die laerskool en 30 kinders per onderwyser in die hoërskool te bereik, is daar nog 1 289 laerskool- en 391 hoërskoolonderwysers nodig.

Wanneer die leerling/onderwyser-verhouding vir die Vrystaat bereken word deur al die onderwysers van die verskillende onderwysdepartemente bymekaar te tel, kom 'n interessante prentjie na vore. Die gemiddelde leerling/onderwyser-verhouding is dan 34:1 in laerskole en 29:1 in hoërskole.

Weideman het daarop gewys dat alle onderwyskolleges as 'n saak van dringende noodsaaklikheid oopgestel moet word. Veral aangesien wit kolleges 'n kwart van die onderwysers oplei waarvoor hulle oorspronklik gebou is. Swart kolleges hierdieoor ontvang meer aansoeke as wat hulle kan akommodeer.

Die oprigting van 'n nuwe kampus van R9 miljoen vir die onderwyskollege aan die Universiteit van die OVS moet om dié rede ook ernstig bevraagteken word. En so ook die oprigting van 'n wit onderwyskollege in Natal.

Wat die voorsiening van wit skole betref, sê Weideman, was daar 12 176 leë plekke in Vrystaatse laerskole, en 5 516 in hoërskole. Dit is gelyk aan 304 klaskamers of 15 laer-

skole, en 138 klaskamers of sewe hoërskole.

Terwyl swart leerlinge nie noodwendig sonder komplikasies die leë plekke in wit skole kan inneem nie, is daar streke waar swart kinders wel binne bereik van wit skole is en daar geakkommodeer kan word.

Oor die swak matriekuitslae van swart leerlinge, sê Weideman behalwe vir al die ander probleme in die onderwysstelsel, blyk dit ook dat sowat 90 persent van swart matrikulante vakke neem wat voldoen aan universiteitstoelatingsvereistes, teenoor die sowat 50 persent leerlinge in wit skole wat dié vakke neem.

Die gevolg is dat vir elke 10 000 swart kinders wat met skool begin, net sowat 1 300 matriek haal. Hiervan kry net 27 matriekvrystelling, en net een vrystelling in wiskunde en wetenskap.

Baie min studente neem wiskunde en wetenskap op skool, sê Weideman, en een van die sleutelfaktore hiervoor kan moontlik gesoek word in die stelling van dr Hendrik Verwoerd in 1954: "Watter nut kan daaraan wees om 'n Bantoe-kind wiskunde te leer?"

Ten einde die mannekragtekorte in Suid-Afrika die hoof te bied, moet 'n groter aantal swart studente vir technikons gewerf word.

- INA VAN DER LINDE

GEE 'N VROU 'N BIETJIE GROENTE, EN JY DRA BY TOT 'N MAALTYD VIR HAAR EN HAAR GESIN. VIR 'N DAG. GEE HAAR 'N PAAR PAKKIES GROENTESAAD, LEER HAAR OM DIT TE SAAI EN DIT SAL HAAR IN STAAT STEL OM VIR

VROUWE SE HULP IN 'N PROGRAM WAT ANDER VROUWE SAL HELP OM SELF HAND AAN DIE PLOEG TE SLAAN. DIT BEHELS DIE VOLGENDE: VROUWE WAT ANDER VROUWE SE SIEGING OOR DIE GROOTTE VAN HUL GESINNE

## VANDAG VRA VROUWE NIE HULP NIE.

HAAR EN HAAR GESIN TE SORG. VIR ALTYD. DIT IS SOOS WANNEER MENS IEMAND 'N VIS-STOK GEE IN PLAAS VAN 'N VIS. EN DIT IS WAT SUID-AFRIKA NOU NODIG HET. NIE BINNE EEN GESLAG NIE. TEEN DAARDIE TYD, EN TEEN

BEINVLOED; VROUWE WAT ANDER VROUWE BEWUS MAAK VAN DIE WAARDE VAN ONDERWYS VIR HUL KINDERS; VROUWE WAT ANDER VROUWE LEER LEES EN SKRYF; VROUWE WAT ANDER VROUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER

## HULLE WIL HULSELF HELP.

MEER AS 3 000 BABAS WAT INTUSSEN PER DAG GEBORE WORD, SAL DIT TE LAAT WEES. SUID-AFRIKA SAL BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN MENSE HÊ EN DIE BEVOLKING SAL STEEDS GROEI. DIT SAL TOT GEVOLG HÊ DAT DUISENDE MENSE VAN HONGER, SIEKTES EN ARMOEDE STERF. DIT IS DIE REALITEITE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE. EN DIE REALITEITE VAN DIE LEWE IS DAT DIT MAKLIKER IS OM 'N PAAR RAND TE GEE AS OM BETROKKIE TE RAAK, JOU TE ONTFERM EN VAN JOUSELF OF JOU TYD TE GEE. DIT IS MOEILIKER. DIT VERG MEER. DAAROM VRA ONS SUID-AFRIKAANSE

OM DIE GESINSLEWE TE VERBETER EN NUWE EKONOMIESE MOONTLIKHEDE TE SKEP. MET ANDER WOORDE, VROUWE WAT ANDER VROUWE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. AS INDIVIDUE BINNE HULLE GEMEENSKAPPE. OF DEUR IN TE SKAKEL BY BESTAANDE SELF-HELPGROEPE. NOU. VOORDAT DIT TE LAAT IS. AS JY AS VROU GENOEG OMGEET OM DAADWERKLIK BETROKKIE TE RAAK, SKRYF AAN: VROUWEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

**BOP**  
BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUWE HELP VROUWE OM HULSELF TE HELP.

KLERCK & WHITE · 'N SAATCHI & SAATCHI·AGENTSKAP/19055

**Die skaars geelbekrenostervoël het teen 1910 uit Suid-Afrika verdwyn as gevolg van die mens se verhouding met sy omgewing. Dié voël, en die vroeëre bedreigde rooibekrenostervoël, is egter die afgelope ses jaar in verskeie dele van die land met welslae hervestig, en meer boere doen nou navraag oor die moontlike hervestiging van dié voël in hulle gebiede. CHRISTELLE DE JAGER doen verslag**

In die Rooi Data-boek (die amptelike lys van skaars en bedreigde spesies) word daar só van die geelbekrenostervoël, onder die opskrif "uitgestorwe", gepraat:

"Uitgestorfer as 'n broeispesie in Suid-Afrika teen 1910, hoewel dit voorheen in die Nataliese bosveld, Swaziland en Oos- en Noord-Transvaal gebroei het."

Die voël word verder beskryf as die enigste spesie met 'n "aansienlike aanwas-omvang en bevolking" in Suid-Afrika wat in die afgelope eeu binne die land uitgestorfer het.

Vandag kan 'n besoeker aan die Krugerwildtuin of aan die Umfolozi/Hluhluwe-gebied in Natal egter weer die kleurryke voël sien. Die rooibekrenostervoël, waarvan getalle ook die afgelope eeu ingrypend afgeneem het, is ook weer volop.

Dié voël - met sy helder rooi bek al sittende op die rug van grootwild waar hulle bosluse vreet - het in der waarheid 'n algemene gesig in die Krugerwildtuin geword.

Die storie van die verdwyning van die voëls toon duidelik die gevolge van die mens se kortsigtige optrede op die omgewing.

Sedert omrent 1875 - die begin van die gebruik van die jaggeweer en die gevliklike toename in jag - was daar 'n vinnige afname in grootwild soos renoster en buffel, die voëls se natuurlike voedingsbronre.

Beeste het deels vergoed vir die verlies aan grootwild, maar die bees-getalle het ingrypend verminder as gevolg van die runderpes-epidemie in 1896.

In 1902, toe die bees-getalle weer begin toeneem het, is daar begin met die gebruik van arseen in die beheer van bosluse, ook in die gebiede waar dié voëls voorgekom het.

Renostervoëls sterf binne 40 uur nadat hulle 'n paar arseen-besmette bosluse gevreet het. (Bosluisvoëls word nie deur die arseen-besmette bosluse geraak nie, omdat hulle nie bosluse eet nie! Die naam is misleidend, hulle eet eintlik insekte wat deur die beeste opgejaag word.)

Dié drie faktore het die algehele verdwyning van die geelbekrenostervoël in Suid-Afrika teen 1910 veroorsaak, en die aansienlike vermindering in getalle van die oorspronk-

# Dié 'uitgestorwe' voël vlieg weer



Die geelbekrenostervoël (*Buphagus africanus*)

(Foto: Geoff Lockwood)

lik meer volop rooibekrenostervoël.

Die geelbekrenostervoël is in die algemeen redelik skaars en die voël se natuurlike habitat is die savannas van Afrika suid van die Sahara.

In Suid-Afrika is hulle voorheen aangetref in die binnelandse bosveld van Natal, soos die Umfolozi-gebied, Swaziland en Oos- en Noord-Transvaal so ver suid as die Magaliesberge.

Hulle kom ook in Zimbabwe (in die Hwange-

en Chizarira Nasionale Parke) en in die Oos-Caprivi voor.

Die rooibekrenostervoël kom meer algemeen - van Suider- tot Noordoos-Afrika - voor. In Suider-Afrika het dit voorheen hoofsaaklik in die Noordooste voorgekom, vanaf Zoeloeland tot in Noord-Transvaal, Botswana, Zimbabwe en Mosambiek.

Daar is ook rekords dat die voëls voor-

## Die renostervoël

DIE meer algemene rooibekrenostervoël (*Buphagus erythrorhynchus*) en die seldsame geelbekrenostervoël (*Buphagus africanus*) is die enigste twee spesies wat aan die familie Buphagidae behoort.

Die renostervoël is 'n klein tot medium-grootte voël wat hoofsaaklik van bosluse lewe. Hulle leef dus in simbiose met grootwild, maar ook beeste, perde en donkies.

Dié kleurryke voëls word gekenmerk deur hul helder rooi of geel krom snawels en die rooi, oranje of geel iris van die oog wat deur 'n helder geel oogring omring word.

Hul vere is olyfbruin, maar by die geelbekrenostervoël liggeel onder en op die agterste deel van die romp. Die bek van dié spesie is geel met 'n rooi punt, terwyl die bek van die rooibekrenostervoël donkerrooi is.

Die bruin bene is kort en stewig met sterk pote en lang klouagtig-gepunte tone. Die voëls kom in groepe van twee tot ses voor, selfs wanneer hulle broei.

Hulle lewe hoofsaaklik van bosluse, maar ook van insekte, los stukkies vel, weefsel uit wonde op die gasdier en soms van die gasdier se vloelstowwe.

Die nes is 'n kussing in 'n gat in 'n boom, oewer of gebou en bestaan uit soogdierhare (wat uit die lewendie dier gepluk word), gras en vere. Twee tot drie wit, ligblenk, ligblou of gespikkeld elers word gele.

heen in die Vrystaat, Lesotho en in die Oos-Kaap, so ver oos as Grahamstad, voorgekom het.

Die droom van die hervestiging van die renostervoël in Suid-Afrika was die droom van Johan Stutterheim, 'n voëlkundige by die Randse Afrikaanse Universiteit, wat sy doktorsgraad oor renostervoëls gedoen het.

Hy het geglo dat die omstandighede wat tot die voëls se verdwyning gelei het nie meer in die Krugerwildtuin geld nie, en dat die voël daar hervestig moes word. Hy is ongelukkig in 1982 in 'n vliegongeluk in Etosha dood, en het nooit sy droom bewaarheid sien word nie.

Ná sy dood is 'n gedenkfonds vir hom gestig en dié geld is gebruik vir die eerste hervestigingsprogram vir geelbekrenostervols wat in 1985 in die Umfolozi/Hluhluwe-gebied uitgevoer is. Die rooibekrenostervoëls is terselfdertyd in die Louis Trichardt-gebied in Noord-Transvaal hervestig.

Geoff Lockwood, 'n voëlkundige en omgewingsopvoedkundige, was sedert die begin by dié hervestigingsprogram betrokke.

Die eerste probleem was om voëls in die hande te kry, sê Lockwood. Weens die politieke situasie wou naburige lande soos Zimbabwe nie toelaat dat Suid-Afrikaners in hulle gebied voëls moes gaan vang nie.

Na indringende onderhandelings is toestemming verkry om in die Oos-Caprivi voëls te gaan vang. Ironies genoeg, toe die span op die punt was om te vertrek, het bevestiging gekom dat die geelbekrenostervoël weer besig is hulle om in die Krugerwildtuin te vestig.

Sedert die laat sewentigerjare is gerugte dat die voëls in die wildtuin gesien word, bra skepties ontvang en dié aangetekende voëls is as swerwers beskryf.

Lockwood sê die grensoorlog in die gebied noord van die Limpopo, en die daaropvolgende afname in boerdery-beheer in die gebied, het daartoe gelei dat beeste oor die grense beweeg het.

Die voëls het saam met die beeste oor die grens beweeg en hulle weer by grootwild gevestig.

Die voëls wat toe in die Oos-Caprivi gevang is, is in die Umfolozi/Hluhluwe-gebied in Natal hervestig. Tekens dat hulle broei, is anderhalf jaar later aangeteken.

Sedert die begin van die hervestigingsprojekte is die rooibekrenostervoël drie jaar gelede in die Loskopdam-gebied in Oos-Transvaal, en verlede jaar in September in die Oos-Kaap hervestig.

Die waarde van die renostervoël in die natuurlike beheer van bosluse word nou ingesien, en beesboere van oral oor doen navraag oor die hervestiging van rooibekrenostervoëls in hulle gebiede.

"Om die waarheid te sê, as daar 'n goeie bron van voëls was, kon ek nou voltyds rooibekrenostervoëls op beesplase hervestig het - vir finansiële wins. So graag wil boere dié voëls nou hê," sê Lockwood.

Maar vir Lockwood lê die grootste waarde van dié program nie net in die welslae van die hervestiging van die renostervoël in Suid-Afrika nie.

Hy sê die projek was van die begin af deur gewone mense geïnisieer en uitgevoer. Daar is nou saamgewerk met organisasies soos die Nasionale Parkeraad en die Natuurlewervereniging van Suider-Afrika, asook boere in die betrokke gebiede.

"Baie samewerking en konsultasie was nodig, en dit is gewone mense wat betrokke was. Dit wys dat die gewone mens 'n verskil kan maak."

Lockwood sê die samewerking met boere oor 'n natuurbewarings-aangeleentheid hou belangrike implikasies in vir omgewingsbewaring in die toekoms.

"In die toekoms gaan daar groot druk op grond in Suid-Afrika wees, en daar gaan min gebiede wees wat uitsluitlik vir bewaring ter syde gestel kan word. Die meeste van ons land se grond is boerdery-grond, en as boere kan insien dat bewaring ook vir hulle voordele inhoud, is dit vir die toekoms van ons omgewing ontsettend belangrik."

**S**onder veel lawaai, en met 'n rede-like lae profiel, is 'n reuse-omwenteling besig om in Suid-Afrika plaas te vind. Die aard van dié omwenteling is so omvangryk soos die beweging vanaf 'n rassige minderheidstelsel na 'n nie-rassige demokratiese bedeling. Trouens, dié nuwe omwenteling sal weliswaar die aard en welslae van 'n nuwe grondwetlike bedeling bepaal.

Nêrens was dit beter te bespeur nie as op 23 Februarie by die onlangse multi-laterale werkswinkel wat deur die Konsultatiewe Sakebeweging gereël is. Die onderwerp van bespreking was "Die interne noodsaklikhede vir die ekonomiese". Die verteenwoordigers was wyd verspreid. Lede van die Afrikaanse Handelsinstituut, ANC, Azapo, Cosatu (indirek verteenwoordig), die Demokratiese Party, Nactu, die Nasionale Party, SA Kommunistiese Party, SA Sakekameren senior sake-leiers het deelgeneem.

Die proses het heel bedaard begin met 'n referaat oor die grondslag vir gesprekvoering deur proff Servaas van den Bergh (Stellenbosch) en Mike McGrath (Natal). Verteenwoordigers van oor 'n breë spektrum het repliek gelewer, en dit is hier waar die nuwe ortodoksheid al hoe duidelik begin word het.

Tot onlangs nog was die debat oor die ekonomie hoofsaaklik gekenmerk deur diégene wat verouerde sosialistiese dwangbeingsels voorgehou het. Almal weet ook van die val van sosialisme in Oos-Europa. Politici, akademici enveral sakeleiers het dié aangeleentheid aangegrep om verteenwoordigers van die voormalige bevrydingsbeweging uit te daag om vir eens en altyd net een voorbeeld te wys waar sosialisme wel gewerk het.

Onlangs sê een van die senior ekonome binne dié beweging vir my: "Ek is nou siek en sat daarvoor dat Oos-Europa in my keelgat afgedruk word deur mense wat geen ander konstruktiewe oplossing vir armoede en ongelykheid in die land kan bied nie."

'n Ontleder uit Europa werp 'n bietjie lig op die saak: "Ons moenie dink dat kapitalisme in sy geëikte vorm nou gewen het nie. Dit is slegs die burokrasie van sosialisme wat verloor het. Kapitalisme staan nog voor die uitdaging om hom self reg te ruk." Een ding is egter gewis, die Oos-Europese les word daagliks duidelik, en dit het gemaak dat die bevrydingsbeweging se retoriek en beleidsvorming goed losgeruk en rondgeskommel is. Dit is dalk nog 'n bietjie vroeg om van 'n interne vernuwing te praat, maar die retoriek en uitsprake verskil nou hemelsbreed van dié van slegs 'n paar maande gelede.

Die voormalige radikale teenvoeter vir die ewe radikale sosialisme was die vrye markprofete. Hulle het hul oortuigings oor die jare, en veral deur die tagtigerjare, met bykans evangeliiese oortuiging verkoop. En dit baie goed gedoen. Hulle het dit reggekry om die media daarvan te oortuig om slags hul eie ideologie -isme te verkondig. Sommige het dit selfs reggekry om deruisende rande, dalk selfs miljoene, uit die sakesektor te rafel om sodende 'n sogenaarde "ground-swell" te begin. Dat dié mense hul produk vernuftig bemark het, kan nie ontken word nie, dis net jammer dat die produk so ondeurdag en onvanpas vir Suid-Afrikaanse omstandighede is.

Dr Rudolf Grüber, wat jare reeds die Suid-Afrikaanse Stigting in Wes-Duitsland verteenwoordig, stel dit duidelik: "Wes-Duitsland sou nooit in die ekonomiese reus van die 20e eeu verander het as hulle op die sogenaarde vrye mark staat gemaak het nie. Ná die Tweede Wêreldoorlog het hulle besef dat daar geen politieke en sosiale stabilitet kan wees indien daar nie ook ekonomiese regverdigheid is nie."

"Hulle het die sosiale mark as proses verkie en aanvaar dat daar in enige samelewning heelwat ryk mense, en heelwat erg verarmdes sal wees. Hulle het ook besef dat landsheil berus op die vermoë om 'n groot en relatief gegoede middelklas te skep."

"Dif het hulle reggekry deur wetgewing, samewerking tussen staat, die sakesektor en vakbond, asook die doelgerigte herverdeling van rykdom en geleenthede. Dit is 'n model wat goed gewerk het en steeds werk."

Prof Pierre Wack van Frankryk, wat as die wêrelde vooraanstaande scenario-beplanner beskou word, sê: "Daar is geen laissez faire-oplossing vir Suid-Afrika nie. Die omstandighede vir sogenaarde vryemark-teorieë bestaan doodeenvoudig nie. Mits die diep armoede en verstommende ongelykhede nie

# Uiteindelik besef hulle: die -ismes werk nie

**Volgens CHRISTO NEL van die Konsultatiewe Sakebeweging is 'n nuwe ortodoksheid in ekonomiese benadering besig om veld in Suid-Afrika te wen**

deur daadwerklike intervensies aangespreek word nie, het Suid-Afrika geen kans om politieke en sosiale stabilitet - en dus ekonomiese groei - te bereik nie."

Die is binne dié breë perspektief dat die nuwe ortodoksheid gestalte aanneem. Die sosialisme het "groei deur herverdeling" verkondig. Die ewe simplistiese teenvoeters in die vryemark-kamp het "herverdeling deur laissez faire-groei" verkondig. Namate die omstandighede in Suid-Afrika, asook lesse van oor die wêrelde, beter ontleed word, raak dit duidelik dat dit nie 'n en/of-vraag is nie, maar eerder een van en/en. Die nuwe ortodoksheid beklemtoon die onfeenseglike interafhanklikheid tussen groei en herverdeling van rykdom. Die een dien as grondstof vir die ander.

Die noodwendige interafhanklikheid raak duidelik wanneer die voorvereistes en verdere fasette wat betrekking het tot groei en herverdeling, ook ontleed word. Die interafhanklikheidsproses verloop min of meer as volg:

- \* Groei benodig beleggersvertroue.
- \* Beleggersvertroue benodig stabiliteit.
- \* Stabiliteit benodig waargenome regverdigheid.
- \* Waargenome regverdigheid benodig gemeenskapsinvestering.

\* Gemeenskapsinvestering benodig hervedeling van rykdom.

\* Herverdeling van rykdom benodig groei.

Dit is 'n nie-kousale en holistiese proses sonder beginpunt en sonder einde nie. Alles werk wederkerig en versterkend op mekaar in, of takel gelykertyd alles af.

Mits dié aaneenlopende siklus van groei en herverdeling ontleed word, blyk dit dadelik dat nie een van die twee sonder mekaar bereik kan word nie, en beslis nie sonder die voorvereistes van stabilitet en waargenome regverdigheid nie. Die werklikheid van die Suid-Afrikaanse omstandighede is dat ons te make het met diepgewortelde akute armoede en die wêrelde se ergste vlakte van onregverdigde welvaartsverdeling. Staatspresident FW de Klerk het in sy toespraak op 1 Februarie 1991 huis dié verbintenis gemaak toe hy dit onomwonne gestel het dat daar geen grondwetlike stabilitet bereik kan word indien daar nie ook dringende aandag aan opheffing van armoede en vernouing van ongelykheid sou geskied nie. Binne dié konteks is die nuwe ortodoksheid al hoe meer besig om te verkondig dat die interafhanklikheid van groei en herverdeling nie deur simplistiese sosialisties of vryemark-weë gevind kan word nie.

Dit vereis dan noodwendig dat 'n mens begin kyk na wat gedoen moet word om gestalte aan dié nuwe ortodoksheid te gee. Dit blyk dat die metodes wat gevolg moet word 'n kritiese mengsel van moets en moenies is. Eerstens verg dit egter erkenning van die feit dat Suid-Afrika se verlede geen lesse of aanduidings vir die toekoms bied nie. Dieselfde geld vir ou sosialistiese en vryemark-denke. Die kern hiervan is dat sentrale beplanning en burokrasie 'n bewese mislukking is, en dat laissez faire vryemark-benaderings onvoldoende is. Dit erken verder dat die sogenoemde "trickle-down"-effek nie voldoende is nie.

Trouens, onlangse ontledings van Suid-Afrika se totale groeproses, en die per kapita-verdeling van welvaart oor die afgelope sestig jaar toon geen noemenswaardige verskil nie. Kortlik gestel: die gaping tussen wit- en swartmense se per kapita-toegang tot welvaart het nie afgeneem nie. Daar het dus geen daadwerklike "trickle-down" plaasgevind nie.

Hoe dan verder? Dit verg bo alle 'n erkenning van die interafhanklikheid van ekonomiese, gemeenskaps- en politieke beleidvoe-



met min of geen inflasionele gevolge geloods kan word. Dit kan ook 'n verdere 1 000 000 werkgeleenthede skep.

Dit moet met 'n ewe groot nasionale elektrisiteitsvoorsieningsprogram gepaard gaan. Dit sal egter nie genoeg wees nie. Daar is ook 'n noodsaak om openbare werksprogramme te skep in gebiede soos padbou, riolering, parkaanlegte ensvoorts. Dit is soortgelyk aan die inisiatiewe wat tydens die donker jare van die depressie plaasgevind het.

Een aangeleentheid wat telkens genoem word, is die probleem rondom die jeug in die townships. 'n Benaderde 82 persent van die swart bevolking is jonger as 35 en bykans 50 persent is jonger as 16. Hulle sit sonder werk, met 'n swak opvoeding en dikwels met hoë aspirasies. Dit noodsaak spesifieke inisiatiewe.

Daar is nie veel opsies nie. Kan dit dalk oorweeg word om die Suid-Afrikaanse weerbaarheid in die Suid-Afrikaanse Weerbaarheidmag te omskep? Dit sou verg dat die meeste hulbronnen en infrastruktuur wat tans deur die weerbaarheidmag benut word, oorgedra word aan 'n nasionale weerbaarheidsmag waardeur die jeug van ons land opgelei word om sosiaal en ekonomiese weerbare individue en landsgenote te wees.

Internasionale navorsing toon dat 'n land se stabilitet, laer bevolkingsaanwas, en groeipotentiaal regstreeks herleibaar is na die vlak van menslike hulbronontwikkeling. Die wêrelde se vooraanstaande voorbeeld van demokratiese stabilitet en ekonomiese groei het 'n trotse rekord en benadering tot belegging in menslike kapitaal. Deur so 'n proses word mense as bates en nie laste nie, beskou. Dit verg 'n volgehoue en ewe enorme investering inveral primêre onderwys.

Wêreldbank-verslae toon dat investering in primêre onderwys tot die voordeel van die nasie strek, terwyl sekondêre en tersiêre onderwys hoofsaaklik ten gunste van die individu geskied. Verdere internasionale voorbeeld toon dat huidige infrastrukture, soos byvoorbeeld laerskole, benut moet word om bykomstige en verwante aangeleenthede aan te spreek, soos byvoorbeeld voeding en higiëne.

Min kan bereik word indien die ongelykheidsproblematiek nie ook aangespreek word nie. Die verbintenis tussen ongelykheid en onstabilitet is wêreldwyd bewys.

Verder is die verbintenis tussen ongelykheid en lae produktiwiteit ook aangetoon. Dit is dus onmoontlik om van nasionale produktiwiteit te praat mits landsburgers nie regverdigte verspreiding van welvaart ervaar nie.

Die Nasionale Produktiwiteit-instituut toon reeds vir jare dat Suid-Afrika met 'n jammerlike produktiwiteitspersentasie te kampe het. Dit mag trouens wees dat lae produktiwiteit die ekonomie noemenswaardig meer geknoei het as enige sinksies of selfs disinvestering.

Produktiwiteit is 'n funksie van behoorlike kapitaal-investering en doelgerigte ontwikkeling van menslike hulbronnes ofte wel menslike kapitaal. As sodanig is produktiwiteit 'n simptoom eerder as 'n oorsaak. Die produktiwiteitsprobleem kan daarom nie opgelos word deur te probeer om produktiwiteit op te los nie. Dit kan slegs bereik word deur al die interafhanklike velde wat te make het met produktiwiteit aan te spreek en sodende 'n kultuur en milieu van produktiwiteit te skep.

Die slotsom van 'n ontleding soos dié word duidelik. Die omvang van die probleem is so groot dat dit heeltemal buite die bestek van enige enkele deelhouers in die land se belang is. Die huidige om toekomstige regerings het geen hoop om dit alleen op te los nie. Die vakbondes kan dit nie vanself doen nie. Die private sektor het geen kans op welslae nie.

Dit benodig ten minste 'n drieledige ooreenkoms waardeur die private sektor, die regering en die vakbondes ooreenkoms om gesamentlik hul energie daarop toe te spits om Suid-Afrika uit sy liederlike verknoring te help. Dit sal uiteraard sekere kompromis en opofferings van almal verg. Beleggers sal hulself dalk moet vereenselwig dat hul opbrengste ietwat laer sal moet wees. Die regering sal moet aanvaar dat optimale belasting- en subsidiëringsskemas geloods moet word om die nodige hupstoot aan die ekonomie te verleen. Daarmee tesame moet primêre aandag aan onderwys en behuising geskenk word. Die vakbondes sal hulself moet afvra of massa-mobilisering, stakings en wegblýaksies die beste oplossing is, aangesien dit nou niet tot verdere vernietiging van die ekonomie lei. Maar nie een van dié drieledige partye kan vanself of alleen optree nie.



Amerikaanse helikoptertroepe land diep in Irak in die verrassingsbeweging van die geallieerde wat die wind heeltemal uit die Irakese se selle geneem het  
(Foto's: AP)

## Saddam se Moeder van alle Nederlae

**D**it was een van die kortste grondveldtoege in die geskiedenis, waarin die VSA en sy bondgenote die mees formidabele oorlogsmasjien sedert die Tweede Wêreldoorlog in beweging gebring het om Irak se eens gevreesde magte te verpletter.

Sedert Augustus verlede jaar het die Irakese diktator, Saddam Hoessein die woorde "Moeder van alle Veldslae" gebruik om sy magte se gewaande vasberadenheid om die leër van 29 nasies teen te staan. Die geallieerde sou in hul eie bloed swem, het hy oor en oor gesê.

Maar Operasie Woestynstorm het wat as die wêreld se vierde grootste weermag beskou is, opsy gegee, Hoessein verneder en meer as 50 000 krygsgevangenes in haastige kampe oral in die woestyn agtergelaat.

Volgens CNN het die skouspelagtige sukses in die Golf selfs die "mees optimistiese beplanners in die Pentagon" verstom. Die geallieerde dodetal was verstommende laag - 127 dood in aktie, met 51 vermistes en 13 krygsgevangenes.

Volgens militêre analitici was die geallieerde se lugmag, wat reeds vroeg in die oorlog behaal is, die bepalende faktor in die spoedige einde van die konflik.

Geallieerde vliegtuie kon ongehinderd die een aanval na die ander op frontlinie-troepe loods, sowel as die gepantserde reserwe-eenhede wat agter die sogenaamde Saddam-linie gewag het. Bowenal kon hulle toeslaan op die elite Republikeinse Wag wes van Basra en noord van Koeweit.

Uiteindelik is meer as 106 000 vliegendings afgehandel, en duisende tonne bomme is op die Irakese magte, op paaie, op brûe en konvoie, en op beheersentra afgegooi. Hierdie lugaanvalle het veroorsaak dat die Irakese so te sê blind moes veg, het genl Norman Schwarzkopf dit gestel.

Die tweede deurslaggewende faktor in die geallieerde oorwinning was 'n strategie wat hom hoofsaaklik op misleiding verlaat het. Dit het tot gevolg gehad dat 'n groot deel van die Irakese weermag in Koeweit vasegen was terwyl Amerikaanse, Britse en Franse pantserenehede dwarsoor Irak aangeval het om Koeweit van agter te nader.

Die basiese probleem was dat die Irakese die geallieerde eintlik met 3 teen 2 oorheers het wat getalle betref, het Schwarzkopf sy strategiese denke uiteengesit. "En as jy die aantal ondersteunende troepe wat ons gehad in berekening bring, was die oorwig sover dit gevegstroope aangaan in werklikheid 2 teen 1."

Die Irakese het ook meer tenks gehad - 4 700 teenoor die geallieerde se 3 500 - en heelwat meer artilleriestukke as die geallieerde. Aanvallers het 'n verhouding van 3 teen 1 om te slaag, en dit styg tot 5 teen 1 as jy te doen

het met troepe wat ingegrave was in bunkers soos die Irakese.

Om in te haal op die getallevoordeel van die Irakese, het die geallieerde 'n aantal stappe gedoen om die Irakese te verlok om hul magte in Koeweit te konsentreer, wat hulle meer kwesbaar vir geallieerde lugaanvalle gemaak het, terwyl Irak se grens met Saoedi-Arabië hoofsaaklik onverdedig gelaat is.

Dit is gedoen deur die teenwoordigheid

van die Amerikaanse vloot te vergroot, en die vrees by die Irakese te skep dat 'n amfibiese aanval deur die gevreesde Amerikaanse see-soldate die grondaanval sou inle.

En van die begin af is geallieerde magte doelbewus reg oorkant die Irakese linie in Koeweit opgestel, om dit te laat lyk of 'n grondaanval op 'n regstreekse aanslag op Koeweit sal konsentreer.

In reaksie op hierdie twee stukkies mislei-

ding, het die Irakese die grootste deel van hul magte in Koeweit gestoot, en hulle met hewige fortifikasies omring wat al langs die kus en die Koeweitse emiraat se grens met Saoedi-Arabië gestrek het.

Toe die oorlog op 17 Januarie begin, was een die hoofdoelwitte van die massiewe lugaanval om die Irakese magte in Koeweit vas te pen en af te sny van Irak.

Die geallieerde het begin om tienduisende troepe na nuwe posisies in die weste te beweeg sowel as na die onverdedigde grens met Irak self. Dit was 'n stuk misleiding waaroor die Irakese geen teenvoeter gehad het nie, al het hulle geweet dis aan die gebeur.

"Ek moet aan julle sê, ek kan geen tyd in die annale van die militêre geskiedenis onthou toe so 'n groot getal troepe oor so 'n groot afstand beweeg het orn hulself in posisie vir 'n aanval te bring nie," het Schwarzkopf gesê.

Duisende en duisende tonne brandstof, ammunisie, onderdele, water en kos is na die weste getrek sodat daar genoeg voorrade vir sestig dae kon wees. Schwarzkopf het dit 'n "reusagtige prestasie" genoem.

Teen 23 Februarie, die dag voor die offensief, het die konstante bomaanvalle die frontlinie-eenhede van die Irakese met minstens 50 persent verminder. Pantserenehede agter die front was minstens 25 persent swakker. Net die Republikeinse Wag het feitlik ongeskonke gebly ten sptye van daagliks bomaanvalle deur B-52-bomwerpers.

Die geallieerde het besluit om die offensief tog te begin waar die Irakese dit die meeste verwag het - reg teen hul hewig verdedigde frontlinies - om die flankbeweging te kamoeleer.

Die front is op 24 Februarie op twee plekke deurbreek. Saoedi-magte het langs die kus opgeruk. Terselfdertyd het amfibiese skynaanvalle plaasgevind onder 'n sambreel van artillerievuur van Amerikaanse skepe af.

In die weste is die inval in Irak gelei deur Franse pantserdivisies, begelei deur Amerikaanse valskeermeehede. Nog valskeermeehede het dieper in Irak toegeslaan om 'n voorwaartse basis op te rig.

Hierna het die geallieerde magte, met die Franse eenhede as 'n skerm, terugbeweeg in die rigting van Koeweit, 'n soliede muur van troepe wat enige terugtog van die Irakese magte afgesny het.

Die Irakese het toe al in hul tienduisende begin oorgee. Net die Republikeinse Wag het na Basra weggekom, waar die Hammoerabiedivisie die geallieerde in die enigste werklike veldslag van die grondoorlog aangevat het, in 'n poging om 'n gang te skep waardeur ander eenheid kon wegkom.

Ten Woensdag was 29 van Bagdad se 42 divisies "oneffektief" en is 3 000 van Irak se 4 200 tenks vernietig. - AFP.



Koeweitse soldate, gewapen met AK 47's en granaatgewere, waai hul wapens en julg bo-op hul pantservoertuig terwyl hulle deur die strate van Koeweit paradeer.

# Nou kom Saddam self aan die beurt

DIE val van die Irakese president Saddam Hoessein, wat net vaagweg genoem is deur Amerika met die aanvang van die oorlog op 17 Januarie, skyn nou een van die doelwitte van die geallieerdes te wees - hoewel dit nie deel was van die twaalf resolusies wat deur die Veiligheidsraad van die VVO geneem is nie.

Party van die geallieerde regerings steek nie hul wens weg dat Hoesein deur sy eie mense verwyder moet word nie. Dit lyk of hulle uit hul pad sal gaan om tot dié proses by te dra.

Op 25 Februarie het pres Francois Mitterrand, een van die leiers in die bondgenootskap wat van die begin af beklemtoon het dat die geallieerdes se doelwitte beperk moet bly, nie gehuiwer om die moontlikheid uit te spreek dat die Irakese volk hul president na die oorlog voor stok sal wil kry nie.

Op dieselfde dag het Saoedi-Arabië se staatsradio by implikasie die Irakese weer-mag gevra om Hoesein omver te werp, en hom 'n lafaard genoem wat in sy eie bunker wegkruip en tot op die laaste Irakese burger aan sy mag wil vasklou.

Maar dit kan dalk nie so maklik wees om die Irakese president te vervang nie omdat hy die afgelope jare stelselmatig 'n vakuum om homself geskep het wat, behalwe vir 'n groepie bittereinde-ondersteuners, meestal familielede is.

Hulle sal egter saam met Saddam vir die debakel verantwoordelik gehou word.

Die Irakese opposisie bestaan uit 'n hele aantal partye en groepe, van wie die meeste se leiers in selfopgelegde ballingskap is. Dit was nog altyd sterk verdeel op grond van gods-dienstige en/of ideologiese verskille.

'n Verenigde opposisie is ook ondermyn deur die verskillende groepe se bande met buurlande, veral met Sirië en Iran. In die geval

van die Koerdiese minderheid geld dit ook vir Turkye.

In Desember, na moeilike onderhandelinge in Damaskus, het die grootste opposisiebewegings 'n gesamentlike platform aangeneem vir die "omverwerping van die diktatoriale bewind" in Bagdad. Dit was veral gedoen met die uiteenlopende belang van Irak se buurlande in gedagte, wat 'n groter invloed in die Irak van die toekoms wil uitvoer. Dit sal egter nie in die smaak van die oliemonargieë val nie, veral nie van Saoedi-Arabië nie.

Volgens die New York Times het Rijad, met Amerikaanse toestemming, 'n paar voor-

malige Irakese politici en soldate laat vergader om die moontlikheid te bespreek om die mag in Bagdad oor te neem, en 'n demokratiese verkiesing af te dwing, sonder dat die buitewêreld hoeft in te meng.

In tussen, volgens Amerikaanse amptenare, oorweeg die geallieerde magte om met ekonomiese sanksies teen Irak vol te hou totdat die bewind van Saddam Hoesein heeltemal verkrummel het.




Die Britse sekretaris van buitelandse sake, Douglas Hurd, het na 'n ontmoeting met pres George Bush van Amerika dié gedagte in die openbaar ondersteun. Die duur van uitgebrei-

de sanksies teen Irak sal waarskynlik afhang van die beleid van die regering wat in Irak aan bewind is, sê Hurd.

Sou Saddam daarin slaag om aan bewind te bly, is daar die moontlikheid van 'n lang guerrilla-oorlog teen sy bewind. In die noorde van Irak het Koerdiese rebelle hulle lank reeds bereid verklaar om 'n tweede front vir die geallieerdes te open.

Hul magte bestaan uit sowat 3 000 guerrillas wat 'n reputasie as verwoede vegters het. Hul grootste motivering vir moontlike deelname aan die oorlog was om agterna 'n onafhanklike Koerdiese staat te probeer bedwing. - AFP

## Terugflitse:



## Stones se lied word afgeskiet

"HIGH WIRE", 'n anti-oorlogliedjie deur die Rolling Stones, wat teen die einde van Maart op plaat uitgereik word, kry heuwige teenstand van konservatiewe politici en mense in die vermaakklikheidswêreld.

"Die lied is veragtlik in 'n tyd van oorlog. As die groep 'n plek wil maak, waarom kan hulle nie iets met 'n bietjie meer ingoisme daarin maak nie?" vra sir John Stoke, Tory-LP en 'n gewese majoor in die Britse leër.

Die liedjie was die eerste deur 'n top-popgroep wat die oorlog kritiseer. Kritici het die Stones daarvan beschuldig dat hulle die situasie uitbuit.

Van die woorde lui as volg:

"We'll sell'em missiles, we sell'em tanks, we give'em credit you can ask the bank. It's just a business you can pay us in crude, you'll love these toys just go plant the fuse. We got no pride, don't care whose boots we lick, we act greedy, makes me sick, sick, sick."

Sedert Irak die krisis in die Golf op 2 Augustus begin het toe hy Koeweit binnegeval het, het die BBC geweier om 67 poplate te speel. Instudente John Lennon se "Give Peace a Chance" en Phil Collins se "In the Air Tonight". - AFP

# 'Dit is die begin van 'n ander oorlog: terrorisme'

NICOSIA - Terwyl die wêreld die bevryding van Koeweit vier en die geallieerde magte hul op die maklike oorwinning roem, is daar woede, hartseer en vernedering onder talle Arabiere oor die verwoesting van Irak.

"Die manier waarop hulle dié oorlog gema-neuvreer het, is verskriklik. Dit was boos, sinies en koelbloedig," sê Nidal Achkar, 'n bekende Lebanonese aktrise.

'n Steekproef onder Arabiere in Ciprus - tradisioneel 'n skuilplek teen die politieke en militêre onrus in die Midde-Ooste - toon dat die meeste Arabiere meen die geallieerdes het die mandaat van die Verenigde Volke oorskry.

Hulle het met die mense en die leërs van Irak in die "Killing Fields" van suidelike Irak geïdentifiseer, selfs al is hul weersin in Saddam Hoesein net so sterk soos dié in Washington en die geallieerdes.

"Die bevryding van Koeweit is wat ons almal wou hê. Maar as 'n Arabier het ek verneder gevoel toe hulle geweier het om vuur te staak deur hul begeerde om die Arabiere aan hulle wil te onderwerp," sê 'n Egiptiese joernalis.

"Wat se reg het hulle gehad om die Irakese soldate, wat besig was om in hul eie gebied terug te val, met bomme te bestook nadat die VVO-resolusie aanvaar is? Wat van die internasionale wette en konvensies waaroor hulle gedurig praat?"

Maar sommige Arabiere ondersteun wel die geallieerdes se standpunt dat Irak steeds 'n bedreiging vir Koeweit inhoud totdat al die troepe ontwapen is, hoewel hulle sê dat die Irakese self oor Saddam se lot moet beslis.

"Die gevegte in suidelike Irak was onontbeerlik," sê 'n gerespekteerde Lebanonese joernalis wat nie sy naam genoem wil hê nie. "Dit was 'n geskiedkundige flater van Saddam en 'n groot meerderheid Arabiere. Ons het gekry wat ons verdien."

'n Palestynse prokureur Anis Kassem, 'n gewese inwoner van Koeweit, het gemengde gevoelens: "Terwyl ek verheug is oor die bevryding van Koeweit, is ek neerslagtig oor die oormatige gebruik van militêre mag teen Irak.

"Die oormatige optrede deur die Amerikaners het 'n klomp haat in die gebied gekweek en was nie ooreenkomsdig hul sending nie," sê hy.



'n Groep Kuwaiti burgers staan langs 'n snelweg naby Koeweit-stad om 'n konvool Egiptiese troepe welkom te heet

(Foto's: AP)

Talle Arabiere waarsku dat die onbuigbare optrede van die geallieerdes in hul soek na algemene militêre oorheersing van Irak, 'n formule vir groter onrus in die gebied en toenemende anti-Westiese sentemente was.

"Dit is die begin van 'n ander oorlog: die oorlog van terrorisme, en die Amerikaners sal die hoogste tol betaal. Wat het hulle nou eintlik bereik?" vra 'n Lebanonese huisvrou.

"Die situasie is nou erger as in 1967 (toe Israel die Wes-oewer en die Gaza-strook beset het)," sê 'n Lebanonese uitgewer. "Die gevoel van magteloosheid is nou dieper en die situasie baie gevaariger."

Hy is jammer oor hoe Irak behandel is. "In 'n groot land soos Irak, met sy mag, opgevoede mense, antieke geskiedenis en kultuur, is dit vernederend om skielik prisoniers om genade te sien smeek."

Maar vir Kassem was Irak se verwoesting van Koeweit selfs meer vernederend omdat "dit alles wat ons as Arabiere geleer het, ondermyne."

Hy voeg egter by dat die grootskaalse oor-gawe deur die Irakese soldate daarop dui dat hulle nie in die bevele van hul leiers geglo het nie.

Te middel van die feesvieringe in die Weste oor die suksesvolle verloop van hul sending in die Midde-Ooste, wys talle Arabiere daarop dat buitelanders nooit die ingewikkeldes psige van die mense in dié gebied sal verstaan nie.

"Hy (Saddam) sal 'n simbool, eerder as 'n held word, van iemand wat die Weste durf teëgaan en 'nee' vir Amerika gesê het. Miskien

is hy mal, maar soms moet jy wees," sê 'n Tunisiese skrywer.

"In die Arabiese wêreld is dinge nie altyd rationeel nie. Passie speel 'n belangrike rol."

Maar die Arabiere meen hulle het ook op 'n ander front verloor.

'n Siriese ingenieur sê Israel is die "groot wenner, want nou is daar geen mag oor om hulle uit te daag nie omdat Sirië dit nie alleen kan doen nie".

"Vir 'n handjievol Bedoeïne het die hele wêreld oorlog gemaak, net omdat hulle olie het. Maar wat sal hulle vir Lebanon doen, of Ciprus, Palestina?" vra 'n Lebanonese fotograaf.

Met wantroue wat losloop in die Midde-Ooste meen talle Arabiere dat die internationale gemeenskap deur die geallieerdes om die bosgelei is deur hul oorspronklike doelwit om bly te Irak uit Koeweit te verdryf.

"Saddam wou meer gehad het as wat die Amerikaners vir hom beoog het," sê 'n Jordaniëse kunstenaar.

Achkar, die aktrise, sê dit is nie die Arabiese wêreld wat beskaam moet staan nie, maar die geallieerdes vir hul onmenslike vernietiging van die Irakese weermag, ekonomie en die hoofstad, Bagdad.

"Hulle was soos hondsdol diere agter Saddam in die woestyn aan. Hulle het die Irakese vernietig net omdat een waansinnige nie geweet het wanneer om op te hou nie."

"Ek voel nie verneder nie, want as jy 20 honde op een kat loslaat, en hulle skeur die kat in repies, is dit nie heroës nie."

- HARO CHAKMAKIAN, AFP

## Palestynse vraagstuk nou op die agenda

VOLGENS Faisal Hoeseini, direkteur van die Oos-Jerusalemse instituut en na aan die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO), is een positiewe gevolg van die oorlog die feit dat die Palestynse vraagstuk nou op die agenda is.

"Israel moet natuurlik nou aankondig dat hulle die Veiligheidsraad se resolusies sonder enige veranderinge aanvaar."

Nadat Amerika volgens die VVO-resolusie, daarop aangedring het dat Irak se onttrekking aan Koeweit tot op die letter gevolg moet word, sê Hoeseini dat dieselfde standaarde ook op Israel van toepassing moet maak moet word.

"Ná dié Israëli-aanvaarding kan die wêreld praat oor hoe dié resolusies gelimplementeer moet word en hoe hulle deel van toekomstige onderhandelings kan word," sê Hoeseini.


Hy verwys na Resolusie 242, wat ses maande na die Arabiese-Israelse oorlog van 1967 opgetrek is, en waarin gestel word dat die onttrekking van Israel se gewapende magte aan die besette gebiede 'n vereiste vir blywende vrede is.

Hoeseini sê as die Israel's werklik in vrede belang stel, sal hulle met die Palestynse moet praat en vrede met die PLO moet sluit.

"As hulle vrede wil hê, sal hulle met die vyand moet praat en nie hulle tyd mors deur ander mense te soek om mee te praat nie."

"Die Palestynse was in die middel van die see en die enigste skip wat 'n helpende hand uitgesteek het, was Irak," sê Hoeseini om die Palestynse se ondersteuning vir Irak te regverdig.

"As die Weste, wat besluit het om dié skip te bou, besluit om dit te kelder, is dit nie die Palestynse wat daarvoor moet betaal nie," sê hy. - AFP



'n Koeweitse helikopter jaag Irakese soldate aan oor 'n stroom in die suidooste van Koeweit.  
Meer as 50 000 Irakese soldate het hulself oorgegee.

(Foto's: AP)

**Rolprentgangers het die laaste tyd na Leon Schuster se jongste prent "Oh Shucks ... Here Comes Untag" gestroom, maar toe Manie van Rensburg se "The Fourth Reich" verlede jaar begin draai het, was die bywoning power. Wat verklap dit oor Suid-Afrikaners se oordeelkundighed? CHRISTELLE DE JAGER stel ondersoek in na die kykpatrone van Suid-Afrika se rolprentgangers.**

# Suid-Afrikaners hét smaak

SUID-AFRIKANERS hou van Leon Schuster, lagprente, aksieprente en gelukkige eindes, maar ook van internasionale rolprente van gehalte en kunsrolprente.

Dit blyk uit bywoningsyfers en marknavorsing deur M-Net se roltaankopers.

Dit is dus heeltemal onregverdig om Suid-Afrikaners daarvan te beskuldig dat hulle geen smaak het, en net na swak rolprente wil gaan kyk nie, sê Graham Fuhl, bemerkingsbestuurder van Ster-Kinekor.

"Ons volg maar wêreltdense. Suid-Afrikaners hou in die algemeen van lagprente, en daar is ook 'n goeie mark vir aksierolprente, net soos die Amerikaners en Europeërs. Dieselfde prente wat oorsee goed doen, doen gewoonlik hier goed."

Danny Lerner, een van NuMetro se bestuurslui, stem saam. Dis nie net ons wat internasionale rolprente geniet nie, maar plaaslike prente vaar dikwels baie goed oorsee. "The Gods Must be Crazy" het oral rekords gebreek en die Suid-Afrikaanse vervaardigde "American Ninja III en IV" was lokettreffers in Duitsland, Frankryk en, natuurlik, Amerika.

Fuhl sê die jongste wêreltdens in rolprentsmaak is vir die sogenaamde "goed voel"-fleks, en dit is nie anders in Suid-Afrika nie.

"Dit is die soort prente wat 'n gelukkige einde het, en wat jou met 'n warm, lekker gevoel uit die flick laat stap, films soos 'Ghost', 'Pretty Woman' en 'Dances with Wolves' - wat tans besig is om 'n reuse-sukses in Suid-Afrika te word. Dié films kan nie huis as swak beskou word nie."

"Pretty Woman" was verreweg die gewildste rolprent die afgelopen tyd in Suid-Afrika. Meer as 'n miljoen mense (964 294 in Ster-Kinekor se teaters alleen) het dié gesien.

Vir "Dances With Wolves", nog 'n internasionale treffer van goeie gehalte, word teaters selfs gedurende die week volgepak - al is die rolprent meer as drie uur lank.

M-Net se marknavorsing dui ook op 'n voorliefde vir aksie, dramas en lagprente, eintlik enigets wat goeie vermaak bied, onder hul leunstoelkykers.

Navorsing wat in Desember en Januarie gedoen is, toon dat die Chuck Norris-polisedrama, "Hero And The

Terror" en "The Blue Lagoon" baie gewild was. Gehalte-rolprente soos "A Cry In The Dark" en "Suspect" was ook baie gewild, asook lagprente soos "Arthur II" en "Switching Channels".

'n Woordvoerder vir M-Net sê daar word met die aankoop van rolprente goed kennis geneem van die feit dat gehalteprente, en selfs kultus-rolprente soos dié van James Dean, redelike groot ondersteuning in Suid-Afrika geniet.

Om rolprente te koop wat die breë publiek tevreden stel, moet daar dus redelik wyd gekoop word. Vermaak, aksierolprente soos "Rambo" en komedies moet gekoop word, maar ook internasionale rolprente van gehalte.

Oor die persepsië van 'n gebrek aan diskresie onder Suid-Afrikaanse filmgangers, sê Fuhl dit is duidelik dat Suid-Afrikaners ook stroom om na internasionale uitreikings van gehalte te kyk.

"Daar is twee markte, dié vir Leon Schuster-fans, en dan die algemene mark van rolprentgangers wat gehalte geniet en gereeld daarna gaan kyk."

Hy wys daarop dat die Rosebank-sentrum vir kunsprente, die grootste van sy soort ter wêrelde, deurgaans volgepak is.

Daar is ook baie kunsprente - soos "The Unbearable Lightness of Being", "Jean de Florette", "Bagdad Café", en "Cinema Paradiso" - wat uitstekend gevaaar het in Suid-Afrika, soms beter as oorsee.

'n Gehalteprent soos "Educating Rita" het byvoorbeeld baie beter in Suid-Afrika gevaaar as oorsee, sê hy.

Die bywoningsyfers vir dié rolprente wys ook dat hulle nie net deur 'n klein of elitistiese groep gesien word nie, maar deur die breë publiek.

So het meer as 200 000 mense "The Unbearable Lightness of Being" gaan sien en amper 100 000 "Cinema Paradiso" - syfers wat goed vergelyk met die aantal mense wat sogenaarde "swak" Suid-Afrikaanse trefferprente gaan sien.

Maar hoe strook dit dan met syfers wat toon dat meer as 500 000 mense na "Oh Schucks... Here Comes Untag" gaan kyk het en net 14 712 na "The Fourth Reich", wat wyd deur kritici as een van die beste Suid-Afrikaanse films nog geloof is. Fuhl sê dit is nie noodwendig 'n aanduiding dat Suid-Afrikaners in die algemeen 'n swak, ongesofistikeerde smaak in films het nie. Baie meer mense het inderdaad na "The Unbearable Lightness of Being" gaan kyk as na "Tolla Is Tops" of Schuster se prente, sê hy.

Daar moet ook onthou word dat Schuster 'n getroue gevolg het onder 'n sekere groep wat altyd sy rol-

## Bywoningsyfers

Bywoningsyfers vir 15 Suid-Afrikaanse vervaardigde rolprente, soos verskaf deur Ster-Kinekor:

The Gods Must Be Crazy II - 764 566  
Oh Schucks ... It's Schuster - 742 752  
Oh Schucks ... Here Comes Untag - 534 905

Fielo se Kind - 441 229  
Jock of the Bushveld - 305 981  
Tolla Is Tops - 268 282  
After Elke Man - 185 513  
Circles in the Forest - 70 581  
The Devil and The Song - 58 480  
Back To Freedom - 27 013  
The Emissary - 25 313  
The Fourth Reich - 14 712  
The African Dream - 4724  
The Native Who Caused All The Trouble - 3559  
A Private Life - 1539

Bywoningsyfers vir internasionale treffers en gehalte van kunsrolprente wat goed gevaaar het in Suid-Afrika:  
Pretty Woman - 964 294 (net v/r Ster-Kinekor teaters)  
The Unbearable Lightness of Being - 213 742  
Bagdad Café - 173 200  
Cinema Paradiso - 99 346  
Ghost - 125 376

prente sal gaan kyk, maar nie noodwendig die algemene rolprentpubliek is nie.

"Suid-Afrikaners hou daarvan om na hulself in identifiseerbare situasies te kyk, en vir hulself te lag. Dié soort prente gee hulle die kans daarvoor, en hulle word nie dikwels uitgereik nie, misken een of twee keer 'n jaar."

Fuhl sê dit is ook verkeerd om aan te neem dat Suid-Afrikaners nie plaaslik-vervaardigde gehalteprente waardeer nie.

Die probleem lê eerder in die onderwerp van die rolprente, sê hy. Suid-Afrikaners is moeg vir politiek en wil nie vir ontspanning ook daarmee gekonfronteer word nie.

"Politieke rolprente doen net nie goed by die loket nie. Dit is die werklikheid in Suid-Afrika. Dit was die probleem met 'The Fourth Reich'. Vir 'n rolprent met politieke konnotasies het dit eintlik redelik goed gedoen." Hy wys daarop dat gehalteprente soos "Jock of the Bushveld" en "Fielo se Kind" wel goed gedoen het by die loket, baie beter as "Tolla Is Tops" byvoorbeeld.

Fuhl sê daar is ook 'n relatiewe beeld van Suid-Afrikaanse rolprente, wat van die dae van swak gesubsidieerde rolprente met een internasionale ster af kom.

Daar is dus 'n neiging om te dink "Suid-Afrikaans is swak" en om plaaslike rolprente te vermy. "Die Leon Schuster-volgelinge gee nie om hiervoor nie. Hulle wil net gaan lag," sê Fuhl.

## 'n Nuwe rigting'

MANIE VAN RENSBURG, regisseur van "The Fourth Reich", kom nou met 'n rolprent wat 'n aanduiding kan gee van 'n moontlike rigting vir rolprentmakers in die nuwe Suid-Afrika, sê Graham Fuhl, bemerkingsbestuurder van Ster-Kinekor.

"A Taxi to Soweto", die komiese verhaal van 'n wit Afrikaanse vrou wat per ongeluk in Soweto beland en 'n dag daar deurbring, is reeds voltooi en gaan binnekort in teaters begin draai. Van Rensburg sê "Taxi" het iets van die regisseur Billy Wilder, se komedies en wyk heeltemal af van sy vorige prente.

Fuhl sê dit is 'n gehalteprent, snaaks, en beeld herkenbare, eg Suid-Afrikaanse situasies uit.

It is eintlik 'n "people's" prent in die tradisie van gewilde Suid-Afrikaanse "lag vir onsself"-fleks, maar wat deur beide swart en wit

geniet kan word.

"Al wys die rolprent hoe min ons van mekaar se lewens weet in Suid-Afrika, en dit dus onderliggend polities van aard kan wees, word daar eerder gefokus op die mense en die absurde, snaakte situasies wat ontstaan."

Die tema stem effens ooreen met die Franse prent "Romuald et Juliette", wat handel oor die liefdesverhouding tussen 'n wit sakeman en die swart vrou wat sy kantoor skoonmaak. Suid-Afrikaners is gaande oor dié prent.

"Dit sal 'n toets wees, en ons sal moet sien wat die reaksie is. Maar ons doel is om baie meer in die swart mark te beweeg, en misken kan dié soort film die nuwe universele 'popular' Suid-Afrikaanse film word," sê Fuhl.

## BESTUURDER: SOSIO-POLITIEKE ONTLEDING

Die Verstedelingseenheid is gemoeid met beleidsaangeleenthede ten opsigte van verstedeliking, en is 'n leier op hierdie kritieke gebied.

Ten einde te verzeker dat hy aan die voorpunt staan van neigings en ontwikkelings op die breë en dinamiese terrein van verstedeliking en stedelike aangeleenthede, benodig dié eenheid deurlopende en indringende ontleding op sy bedryfsgebiede. Die Bestuurder: Sosio-politieke Ontleding sal vir hierdie omgewings-monitor en -ontledingsfunksie verantwoordelik wees.

Sleuteltake behels:

- Die loodsing en bestuur van toegespitste navorsingsprojekte.
- Die produksie van 'n weeklikse ontledingsoorskig vir gebruik deur senior personeel in die Verstedelingseenheid.
- Die koördinering van navorsing vir Urban Focus, 'n spesialis analitiese keurblad wat wyd buite die Stigting versprei word.
- Die voorbereiding en aanbieding van interne toelichtingseminare oor sleutelaangeleenthede.
- Die koördinering van opleiding en ontwikkeling binne die monitorgroep.

Die suksesvolle kandidaat sal aan die hoof staan van 'n span ontleders en konsultante en sal in noue skakeling met die redakteur van Urban Focus wees. Die pos verg:


- 'n Breë kennis van die kontemporêre sosio-politieke milieu.
- Goeie ontledings- en skryfaardighede.
- 'n Bereidwilligheid om deel te word van 'n span, en die bestuur van beide navorsing asook personeel.
- 'n Duidelike toewyding tot die waardes en doelwitte van Die Stedelike Stigting.

'n Mededingende pakket, tesame met byvoordele, word aangebied. Indien u oor die gepaste kwalifikasies beskik en in hierdie pos belangstel, stuur asseblief 'n skriftelike aansoek sowel as CV (onder VERTROULIKE omslag) aan:

DIE BESTUURDER MANNEKRAF  
DIE STEDELIKE STIGTING  
POSBUS 1198  
JOHANNESBURG  
2000

Aansoeke sluit op 21 Maart 1991.

DIE STEDELIKE STIGTING



**Beteken 'n oper en meer geïntegreerde samelewing 'n meer lewensvatbare rolprentbedryf in Suid-Afrika? Het ons die talent om sodanige bedryf te ondersteun? Beskik ons oor die rolprentgehoore om so 'n bedryf aan die lewe te hou? ANDREA VINASSA soek antwoorde op dié vrae**

NIEMAND kan 'n kitsklaar wondermiddel bied vir die sukkelende Suid-Afrikaanse rolprentbedryf nie. En nou begin gefrustreerde regisseurs en vervaardigers twyfel of die probleme ooit opgelos kan word. Stygende produksiekoste maak dit by die dag moeiliker om 'n gesonde bedryf op die been te bring. Min beleggers is bereid om in 'n hoë-risiko-produk soos rolprente te belê.

Die stryd tussen die vervaardigers - wat hul beleggers se geld wil verseker - en die regisseur - wat die integriteit van sy kunswerk wil verseker - is een wat al sedert toentertyd se silent movies woed. Wanneer dié twee se doelwitte ooreenstem, is die eindprodukt 'n lokettreffer.

Amerikaanse vervaardigers en ateljees dok miljoene dollars op vir inligting oor hul gehore se behoeftes. "Targeting", ofte wel rolprente wat vir spesifieke gehoor vervaardig word, is reeds 'n gevorderde wetenskap in Hollywood, maar kenners kan nog nie met enige sekerheid vooruit bepaal of 'n prent gewild gaan wees nie.

'n Prent se welslae by die loket hang van baie meer af as die blote gehalte daarvan, sê Manie van Rensburg, die regisseur van "The Fourth Reich", een van die beste prente nog wat plaaslik vervaardig is. Dit is 'n mini-reeks wat verkort is en ook op die silwerdoek vertoon is.

Dinge soos hōé, wāár en in hōéveel teaters die prent vertoon word; of daar groot sterre in is; hype en ander bemarkingstrategieë; watter prente in ander teaters te sien is én die gewildheid van die onderwerp is net enkele faktore wat bydra tot loketsukses.

"Ek het pas Billy Wilder se "Fedora", 'n briljante prent, weer gekyk. Destyds, toe dit uitgereik is, het dit ná 'n kort ruk uit die teaters verdwyn. Dit was toeganklik, dit was nie 'n kunsprent nie. Waarom het dit nie finansieel geslaag nie? Dit was 'n weepy. Die inhoud is veelvlakkig en mense het net na een vlak gekyk: dat die ma die dogter gebruik het om haar loopbaan te bevorder. Hulle het gekyk na die oppervlakkige aspek. Die verhaal handel eintlik oor die waansinnigheid van die vermaakklikeheidswêreld."

Van Rensburg is daarvan oortuig dat "The Fourth Reich" heelwat kommersiële elemente bevat het, en die mislukking by die loket is vir hom 'n raaisel.

Die welslae van 'n rolprent soos "Fielo se Kind" bewys dat daar wel 'n gehoor vir Suid-Afrikaanse dramas is. Maar net 'n kortsigtige bedryf meet sy sukses in terme van loketgeld.

Mense wil eenvoudig nie politieke prente sien nie, nie eens die lefties nie, meen Frank Opperman, die akteur wat Ouboot vertolk in die gewilde televisiereeks "Orkney Snork Nie". "Sommige Suid-Afrikaanse regisseurs probeer om deur middel van die kunsform vir mense lesse te leer.

"Orkney se welslae is te danke aan die feit dat almal, nie net witmense nie, daarby aanklank vind. Mense wil net vermaak word en nie gekonfronteer word met issues nie. Die bioskoop is nie die plek vir bekerings nie. As jy iemand wil beker, gaan kerk toe," sê Opperman.

David Lister, die regisseur van "Oh Schucks, Here Comes Untag" wie se televisiereeks "River Horse Lake", "The John Ross Story" en "Barney Barnato" hoog aangeprys is, sê daar skort niks met Suid-Afrikaanse gehore nie, tensy jy swak smaak as 'n positiewe karaktertrek sien. Hulle is allermis ongesofistikeerd.

# SA rolprentkykers soek vermaak, nie politiek



'n Toneel uit Manie van Rensburg se "The Fourth Reich". Links voor Is Marius Weyers

**Vervaardigers bestee nie genoeg geld aan die ontwikkeling van draaiboek nie. Niemand kan dit bekostig om 'n draaiboek te skryf sonder die versekering dat hulle uiteindelik betaal gaan word nie.'**

Die loketsukses van "Untag" is nie aan Lister te danke nie, maar aan die feit dat Leon Schuster 'n ingeboude gehoor het: "Schuster het 'n aanhang. Hy het al vier rolprente gemaak en weet op watter vlak om die gehoor te vermaak.

"Ek ken nie eintlik Schuster se gehoor nie en dis nie my soort humor nie. Dit is kru en onverfynd. Mense mein dit is tegnies goed vervaardig, maar as ek kritis moet wees, sou ek sê ons kon nog baie aan die draaiboek gewerk het."

Lister sê hy sou wat wou gee om die geleentheid te kry om 'n prent soos Kevin Costner se "Dances with Wolves" te maak.

"Alles begin met die vervaardiger. Hy moet 'n man met visie wees, soos David Puttnam. Toe daar omlangs soveel geld vir prente beskikbaar was, het die bedryf nie saamgestaan nie. Hulle het nie in goeie rolprente belang gestel nie, net in transaksies."

Suid-Afrikaners beskik oor die tegniese vernuf en dalk die talent ook, maar op die belangrikste gebied skiet hulle te kort. Vervaardigers verwag dat volmaakte draaiboek op hul lessenaars moet beland.

"Vervaardigers bestee nie genoeg geld aan die ontwikkeling van draaiboek nie," sê Lister. "Niemand kan dit bekostig om 'n draaiboek te gaan skryf sonder die versekering dat hulle uiteindelik betaal gaan word nie."

Dis 'n ou gewoonte van rolprentmakers om die kritici en hul "negatiewe houding jeens die bedryf" te blameer vir hul mislukkings, maar resensies het net in uitsonderlike gevalle 'n invloed op rolprentgangers se smaak.

Vir die groot drie verspreidingsmaatskappy is daar net twee soorte prente: prente wat geld maak en prente wat nie geld maak nie. Hulle standpunt is om 'n prent blitzvinnig van die kringloop af te verwijder as die geld nie inrol nie. "The Fourth Reich" was 'n slagoffer van Ster-Kinekor se beleid wat hulle nie toelaat om Suid-Afrikaanse prente te koester nie. Die prent het in talle groot teaters begin draai, maar nie in die sogenaamde kunsteaters in Rosebank, Johannesburg nie. Dié treurspel duï op 'n gebrekke marknavoringsbeleid van die maatskappy.

Lister, wat ook vir die regie van die eksplorasie-prent, "The Rutunga Tapes", verantwoordelik was, meen rolprentmakers tree dikwels baie neerbuigend teenoor hulle gehoor op. "Dit is duidelik uit die sukses van prente soos 'Pretty Woman' dat Suid-Afrikaners intelligente, gehalte vermaakprente met 'n vars uitgangspunt soek."

"Suid-Afrikaanse regisseurs het geen selfvertroue nie. Hoekom kan ons nie prente maak soos Peter Weir se "Dead Poet's Society" nie. Ons is baie afgesondier hier. Interaksies met deskundiges in die bedryf maak beslis 'n verskil?"

Dit wil voorkom of 'n vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse en Australiese rolprentbedryf getref kan word, maar volgens Cedric Sundstrom, die regisseur van die loket-treffers "American Ninja III & IV" is daar in der waarheid groot verskille. Die Australiese Rolprentkommissie is in die middel-se wen-tigerjare gestig om Australiese prente van gehalte te maak en 'n infrastruktuur daar te stel. Dit het tien jaar geduur en talle pragprente

is vervaardig. Sedert die kommissie in die middel-taantigerjare afgeskaf is, gaan dit maar broekskeur.

Die probleem in Suid-Afrika is dat 'n minderheidsregering beheer uitoefen oor die geld wat moontlik vir rolprente beskikbaar sou wees. (Die chaos by die Departement van Binnelandse Sake is 'n storie op sy eie.) Daar is dus geen neutrale liggaam om die geld aan ons nie-homogene bevolking uit te deel nie.

Sundstrom sê hy was ná die mislukking van "The Fourth Reich" heeltemal terneergedruk. Die kritici het die prent hoog aangeprys, en tog was daar geen belangstelling by die publiek nie. Daarna was Sundstrom te bang om aan "The Foster Gang" - 'n menslike drama gegrond op die ware verhaal van die Foster-broers se avonture wat tussen 1906 en 1914 in Johannesburg afgespeel het - te begin werk. Geldmense is skrikkerig vir 'n geskiedkundige Suid-Afrikaanse prent wat ook aan die politiek van die dag vat-vat.

Intussen word regisseurs wat graag gehalte-prente maak gedwing om formule-prente te maak. Sundstrom het die relatief veiliger weg gekies en gaan voort met die beplanning aan "The Piscean Factor", 'n New Age-variase op die Ninja-tema. Ondanks die ongewildheid van politieke temas beplan sy broer, Neal, 'n liefdesverhaal met 'n politieke kleur.

Mense sal nog 'n B-graadprent se foute vergewe, maar hulle verwag volmaaktheid van A-graadprente. Hoewel baie skrywers, regisseurs en vervaardigers die resep vir 'n suksesvolle B-graadkomedie baasgeraak het, sukkel Suid-Afrikaners met gehalte-prente. 'n Mens is altyd verseker van 'n mark-oorsese of op video - as jy 'n formule-prent maak. Mense stel belang in ernstige dinge wat relevant is in hul eie lewens, of in totale ontvlugting.

"In dié interessante tussentydperk ly rolprentmakers almal aan dieselfde kwaal: gebrek aan geld. En selfs as daar geld was, moet 'n mens veg teen al wat 'n politieke oortuiging is, van die Broederbond tot die PAC tot die buitelandse anti-apartheidbewegings, om toestemming te kry," sê hy.



Die lede van "The Stick" van links: Cooper (Greg Latter), Mkonto (Dixon Malele), Frank (Frank Opperman), Lieutenant (Frantz Dobrowsky), O'Grady (Sean Taylor), Evans (James Whyle), Ferreira (Nicky Rebello) en Visser (Gys de Villiers)

SOWJET-REGISSEURS het jare lank verwikkeld metafore gebruik om hul regering van allerlei ongure dade te beskuldig. Tengiz Abuladze se "Repentance", 'n satire oor Stalin, is 'n uitstekende voorbeeld van 'n prent waarvan die simboliese trefkrag nie met glasnost verminder het nie.

Toe die 24-jarige Darrell Roodt destyds aan "The Stick" begin werk het, moes hy omsoetig te werk gaan met die beeld van die weermag. Dus is daar min regstreekse verwysings na die SA/Angola-konflik. Die verhaal is gelaa met simboliek en obskure beeldspraak. Het Roodt se prent die glasnost in Suid-Afrika oorleef?

Roodt dring daarop aan dat die prent nie handel oor 'n spesifieke oorlog nie en dat dit universele resonansies het. Tog plaas hy die handeling binne 'n bepaalde situasie wat moeilik met 'n ander vervangbaar is.

Die oorlog is nie die SA/Angola-konflik nie, maar is herkenbaar as die Rhodesiese bosoorlog. Die benoeming van die afdeling van die peloton, 'n "stick", is 'n term wat deur die Rhodesiese weermag gebruik is. Ook die verskynsel van die toordokter en die swart inisante is gegronde op legendes uit die Rhodesiese bosoorlog. Aan die ander kant is die tekstuur, die taalgebruik en die aanslag van die prent Suid-Afrikaans.

Dubbelsinnigheid is nooit 'n slechte ding in kuns nie. Maar in "The Stick" word dit gebruik as 'n skuilplek vir 'n idee sonder rigting.

'n Mens is nie seker in welke mate Roodt begeester is deur pretensies tot "grootse kuns" en in welke mate hy beperk is deur die veiligheidswette nie. Daar kan allerlei redes opgediep word vir die mislukking van die prent, maar 'n eerlike beoordeling daarvan sonder politieke tierlantytjies is tog verkiekslik.

Die prent gee 'n mens min aanduiding of Roodt 'n oorlogsprent wou maak om die onverskilligheid van Suid-Afrikaanse soldate in Angola uit te beeld of 'n prent oor die uitwerking van vervolgingswaan op die psige.

Wat die tema betref, kan "The Stick" se oorspronklikheid nie in twyfel getrek word nie. Dit is 'n mengsel van 'n psigo-riller en 'n oorlogsprent. Soos Roodt te werk gaan, is die kombinasie 'n dodelike een. "The Stick" herinner eerder aan 'n prent soos John Boorman se "Deliverance" - die onbedwingbaarheid van die menslike oorlewingsdrang - as Coppola se "Apocalypse Now", Stone se "Platoon" of De Palma se "Casualties of War".

Dis beslis onregverdig om Roodt met die regisseurs te vergelyk, maar eintlik is dit Roodt self wat die vergelykings tref. Heelwat elemente - soldate in konflik met mekaar, die digterlike voice-over, die filosofiese ondertone - kan elk herlei word na imponerende kommersele prente met groot begrotings wat onder makliker omstandighede gemaak is. Dalk het Roodt vir homself doelwitte gestel wat buite sy bereik was.

Roodt slaag nooit daarin om "Deliverance" se hipnotiese stemming van onheil, "Platoon" se stemming van verborge gevaar of "Apocalypse Now" se beklemmende onsekerheid weer te gee nie.

Nadat ek die prent vir die derde keer gesien het (ek sien dit een keer per jaar), het dit my opgeval dat die fout dalk in die onversoenbaarheid van styl en inhoud lê.

Paul Witte se asembenemende landskapfotografie, sy langsame "tracking shots" en sy

## 'n Barbaar agter elke bos

**Die Suid-Afrikaanse film "The Stick" is jare lank al omstrede. Ná 'n uitgerekte geveg van byna drie jaar met sensors, kan flikergangers self gaan kyk waaroor die bphaai gegaan het. ANDREA VINASSA en LAETITIA POPLÉ het daarna gekyk en tot uiteenlopende gevolgtrekkings gekom**

surrealistiese wyehoekskote bedien nie die verhaal nie. Die gehoor voel nooit die vyanigheid van die omgewing aan nie. "The Stick" lyk soos 'n A-graad prent met 'n B-graad prent binne-in wat wag om uit te bars.

Ons gee nie om vir die karakters nie, dit skeel ons nie wat met hulle gebeur nie en daarom skrik ons ook nie vir die toordokter en die assegai-gooiers met die wit gesigte nie.

"The Stick" slaag eintlik baie goed as 'n metafoor vir die paranoia van witte in Afrika wat 'n barbaar agter elke bos sien. Ongelukkig dien Roodt se regie nie ook as rigtingwyser vir sy gehoor nie.

Die teenwoordigheid van die plattelandse swart deelnemers aan die inisieringsritueel is die prent se grootste probleem. Roodt vertel dat "die vyand" in die Rhodesiese bosoorlog wel dié bangmaaktrucks op die wit soldate met weeslae beoefen het.

Nietemin, Roodt se invoering daarvan doen baie kunsmatig aan. Die okkulte is 'n gerieflike gimmick vir 'n horror-movie, maar Roodt neem nooit die emosionele resonansies van die beeld van die swartmense, wat hy met soveel selfvertroue rondslinger, in ag nie.

Is die toordoktor 'n manifestasie van die soldate se gemeenskaplike hipnose, hallusineer hulle, het hulle vyande hulle werkelik be-

heks, is die wit gesigte in die nag bloot simbole van hul paranoia? Roodt dink die onduidelikheid oor die spookgestalte sal tot die spanning bydra. Die teenoorgestelde is waar. 'n Bietjie helderheid oor Roodt se doel sou heelwat help.

Deur die wit karakters as deurtrapte boewe, amorele malkoppe en willose uitskuikens uit te beeld, probeer Roodt rassisme vermy. Die uitbeelding van die swartmense as barbaars, eksoties en in besit van bonatuurlike kragte is 'n klassieke verskynsel in koloniale kunsforms.

Die weerloosheid van die wit invaller teenoor die geslepenheid van die inboorling gee die witmense die reg om hul "andersheid" te herbeklemtoon en om uiting te gee aan hul oorlewingssdrang.

Wat Roodt hiermee sê, is dat witmense nie in Afrika hoort nie. Die span se oortreding oor die grens funksioneer as 'n metafoor vir kolonisering. Die enigste swart lid van "die stok" is aanvanklik aan hulle kant, maar sodra hy voor die bonatuurlike te staan kom, is Westerse redelikheid vergete.

Hiermee sê Roodt dat jy nie 'n "mak swartman" kan vertrou nie ... sy getrouwheid sal altyd by sy eie mense, dit wil sê ander swartmense lê. Dis 'n variasie op: "Jy kan 'n swartman uit die bosverwyder, maar jy kan nooit die bos uit

die swartman verwyder nie."

Dat die karakters in pikante Suid-Afrikaanse dialoog en in herkenbare plaaslike aksente met mekaar kommunikeer, is uiter verfrissend. Elkeen van die akteurs verleen 'n innerlike en 'n uiterlike lewe aan hul karakters sonder veel hulp van buite.

Hulle beeld die vervreemding, die banaliteit en die dekadensie van die Suider-Afrikaanse guerrilla-oorloë in besonder uit; van dienspligtiges wat in die bos veg omdat hulle gedwing word en van soldate wat nie uit ideologiese oortuiging optree nie.

Terwyl Roodt hoogdrawende statements probeer maak, verwaarloos hy die boeiendste aspek van die prent: die konflik tussen die individue. Hulle is nie volronde karakters nie, eerder simbole of tipies wat voorspelbaar optree, al het hul handeling dikwels geen motivering nie. Hulle loop hulle fisiek disnis, maar op 'n emosionele vlak trap hulle klei. 'n Opbouing van verwarring en hysterie is Roodt se plaasvervanger vir karakterontwikkeling. Daar is ook min betekenisvolle interaksie tussen hulle.

Die mees simpatieke karakter, ook die een wat sy pretensieuse gedagtes oor "flying coffins" ter verduideliking van die visuele beeld aanbied, is die een waarin ons die minste belangstel. Hy is 'n gawe, morele seun wat in afgryse toekyk hoe sy makkers vroue en kinders doodskiet. Al skort daar nijs met Greg Latter se vertolking nie, kan Cooper nie ontwikkel nie.

Die karakter wat 'n mens aangryp is Sean Taylor as die malkop O'Grady. Hy raak gerook voordat hy op die helikopter klim en blyk vreesloos en koelbloedig te wees. 'n Mens wil die hele tyd weet of daar iets agter sy machovoorkoms skuil. Helaas word jou nuuskierigheid nie bevredig nie.

- ANDREA VINASSA

## Die universele stiksienigheid van oorlog

"THE STICK" is 'n anti-oorlogsprent met 'n verskil. Diegene wat propaganda verwag: dit is nie naastenby so blatant nie. Dit hoef ook nie spesifiek as 'n Suid-Afrikaanse situasie geïnterpreteer te word nie. Dit kan eerder universeel vertolk word, want dit beeld die gruwel en verskrikking uit wat mense vir mekaar in senutergende situasies kan inhou.

Die film begin met die oorbekende frase: "Oorlog sal 'n man maak van jou, my seun", en 'n ontmunterende beeld in swart en wit van 'n vooroorgeboë seun in skoolklere wat op 'n windverwaaide skoolgrond sit.

Dit blyk dat die seun se ongeskonke jeugjare verby is en dat hy op die voorwand van bewuswording staan. Daarna sien die kyker hoe 'n hele peloton deur 'n spookagtige vyand afgemaai word. Dit noop die weermag om "sticks" uit te stuur - groepes van sewe soldate elk wat oor die grens gestuur word om die vyand te vernietig. Dis 'n ironiese naam, want in die taal van die weermag behoort dié soldate bymekaar te staan en mekaar te onderskaag. Die film ondermy die gedagte totaal en toon eerder die inherente selfsugtigheid en die wredeheid van die mens. So steek die film die grens na universaliteit oor.

Die sewe soldate se uiteenlopende maniere om die "oorlog" te hanteer, vorm die kern van die film. Al die akteurs is sonder uitsondering

baie oortuigend en ontwikkel elk 'n kenmerkende persoonlikheid. O'Grady (Sean Taylor) maak sy makkers wrelwelig met sy elkeen-vir-homself-houding en skep die spanning wat die "stick" laat verbrokkel.

Wie is die vyand? Die kyker word deurgaans met die vraag gekonfronteer. Is dit die vrouens en kinders in die stat, is dit die toordokter, is dit jou eie makker? Die film kies nie kant nie want daar is nie kante nie. Dit dramatiseer eerder die gevolge van die mens se oorlewingssdrang in 'n situasie wat mens teen mens afspeel. Die Camus-aanhaling aan die einde dui hierop dat die veragtelikhed van oorlog nie buite onself te vind is nie, maar binne onself.

Die fotografie is meesterlik hanteer deur Paul Witte (wat laasjaar in 'n motorongeluk dood is). Hy maakveral van wye skote gebruik. So word 'n groot bar landskap verkry met die sewe soldate weerloos soos miere daarin. Daarteen gebruik hy nabyskote van die soldate se gesigte om hul afgematheid en verskrikking uit te beeld. Die sonsondergangtonele word op 'n koggelende manier aangewend - in een toneel dra die "helde" 'n gewonde makker die sonsondergang in.

'n Skoot van soldate teen die sonsondergang nadat hulle 'n makker begrawe het, is 'n verheerliking en romantisering van soldaat-

wees, wat mens gewoonlik in die tydskrif Paratus se foto's sien. Maar tegelykertyd laat dit 'n wrang smaak in die mond van die kyker.

Die simboliek word deurgaans plofbaar aangewend. 'n Blikkie Coke word speels 'n handgranaat en tegelykertyd 'n bitter terugryp na die "normale lewe". Die bekende advertensie-klingel "Coke Ads Life" klink honend op en tart die suwe soldate. Die suggestie dat die noodlot 'n wrede kinkel inhou, word deur die flitse na 'n toordokter aangedui. Dit is 'n moeilike simbool - want tegelyk verteenwoordig hy 'n mistieke, ouer wysheid met 'n helder insig in die toekoms en 'n sterk band met die verlede. Deur hom dood te maak, probeer hulle sy mag oorwin, maar bestel in der waarheid hul eie dood. Die wraakelement, naamlik dat boosheid altyd die bose inhaal, figureer hier sterk. Die zebrokop (die kode-naam vir die operasie was Zebra) verklap die onheil wat wag.

Dis 'n aangrypende film wat die uitlewing van jong mans aan 'n vyandige situasie, aan die onbegrip en stiksienigheid van die mense in die "real" wêreld uitbeeld. Die film maak sy stelling op subtiële wyse deur suggestie en simboliek, maar tref ook tussen die oë met die gevegstonele en lyding. Die kyker word nooit gespaar nie.

- LAETITIA POPLÉ

# 'Ek kan nie help ek is wit nie en ek wil nie films in my kop maak nie'

**T**HE STICK is pas ontban en kry baie kritiek - soos dat dit 'n goedkoop poging is om die Suid-Afrikaanse weer mag se betrekkenheid in Angola uit te beeld, dit swartmense rassists uitbeeld en vol clichés is. Hoe voel jy daaroor? Die film is vier jaar gelede gemaak. Ek was 24 jaar oud. "The Stick" was 'n ambisieuse mislukking omdat ons iets probeer het wat nog nooit voorheen gedaan is nie... om die "ultimate" film te maak oor die Suid-Afrikaanse konflik in Angola, maar niemand wou so'n film borg nie.

Die aanvanklike idee was om 'n film te maak oor Angola, want dit sou waarde hê as 'n stuk geschiedenis. Alles was egter teen ons. Ons kon nie die weermag se toerusting gebruik nie, ons kon nie hul uniforms gebruik nie. Toe moes ek kompromiese gaan en ander maniere gebruik om die film gemaak te kry.

Jy het aan die kyker probeer sê dat dit oor die oorlog binne onself gaan; dit het nie gelyk of dit 'n stelling oor die Anglolese oorlog is nie. Dwarsdeur die film het dit geblyk dat daar nie werklik 'n "vriend" en 'n "vyand" is nie, maar dat albei in alle mense is. Ja, dit is waar. Die oorspronklike gedagte was om 'n film te maak oor seuns wat Angola toe gaan. Maar uiteindelik het dit veel meer gesê oor die konflik binne onself - 'n universele idee - die aard van oorlog, wat dit aan mense doen. Die morele implikasies van mense doodmaak. Ons het probeer om al dié dinge in die film in te bou.

#### Vir wie is die film gemaak?

"The Stick" is gemaak vir jong seuns, sewentienjariges. Toe die film in 1987 voltooi is, het ek dit vir 'n groep jong seuns gewys en hulle was verstom, verdwaas. Jy weet mos. As jy klaar met skool is en jy gaan weermag toe, is dit alles ra-ra-ra, maar vir die meeste is die army hel. Ek wou dit sê en dit wys.

Daar was nie duidelike "vyande" in "The Stick" nie. Die enigste mense wat as "die vyand" doogemaak is, was die groep vroue en kinders in die swart dorps...

Ja, ja, ja. En hulle was nie eens die vyand nie. Hulle was die enigste vyand wat werklik gekonfronteer is. Die ander vyande was in die soldate se koppe.

#### Hoekom het jy dit so voorgestel?

Omdat dit so is op die grens. Die vyand is nie daar nie, is nie sigbaar nie. Die vyand word geskep in die soldate se koppe. Die vyand is elke persoon wat daar is. Jy verbeel jouself dat daar 'n vyand is. Daar is geen logika en rationale nie. Dit is dierlik.

Wou jy dit oor oorlog in die algemeen sê of oor Suid-Afrika se teenwoordigheid in Angola?

Moderne oorlogvoering is so. Die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, die Golfoorlog. Dit gebeur in 'n vreemde land. Die soldate wil nie werklik daar wees nie. Dit is nie hulle land nie en later begin hulle dit verag om in 'n vreemde land 'n oorlog te veg waarvan hulle die redes nie werklik verstaan nie. Die enigste opsie aan die einde is om jou frustrasie en confusedheid op die plaaslike bevolking uit te haal, op die gewone mense wat daar woon, omdat jy nooit die vyand kan vind nie.


En die simbole - die Zebra-kop in die mik van die boom?

Dit was maar net slechte voorbodes, onstellende beeld. Wilddiewe het dit tradisioneel gebruik om die mense van die plaaslike omgeving af te skrik. Dit is net vreemd. Nkontho, die swart soldaat, sê ook vir die wit soldate om liever die omgewing te verlaat. Daardie dinge het betekenis binne 'n sekere konteks.

Daardie simbole het clichés geword.

Ja, maar daar is niks verkeerd daarvan nie. Dit is net clichés omdat witmense daardie simbole op 'n sekere manier waarnem. Dit is ons probleem. Die lefties het net so 'n groot chip

**The Stick, die oorlogprent van die 28-jarige regisseur Darrell Roodt, het verlede week in Nu-Metro se theaters begin draai. Roodt gesels met PEARLIE JOUBERT oor sy film, sy obsessies en sy droom om in sy volgende lewe 'n miskruier te wees**



Darrell Roodt

(Foto: Lee Joubert)

## The Stick breek Darrell Roodt se hart

op hul skouers soos die regses. Vir hulle het die gebruik van daardie simbole die idee geskep dat ek hulle voorstel as primitiewe barbare. Dit is bullshit en 'n baie naiewe sienswyse. Daardie tipe mistiek en magic bestaan. En die lefties het my soveel moeilikhed gegee omdat hulle sê ek stel swartmense op 'n verkleinerende manier voor.

Aan die een kant gee jy al die bloed, gore en geweld, maar terselfdertyd verlei jy die kyker met die skoonheid - die mite van die skoonheid-van-Afrika. Omdat jy die kyker in jou film wil intrek voordat jy hulle oor die kop slaan. Dit is soos dit is. Aan die begin is dit speletjies. Jy stap in die bos en dit is lieflik en voor jy jouself kan kry, skiet jy 'n kind in die rug terwyl hy weghardloop. Jy moet eers die kyker aan jou

kant kry voordat jy hulle begin slaan. Mense verwag geweld in 'n drein, in donker, vuil en lelike plekke.

Is dit ook hoekom jy al die mooi en aantreklike akteurs gebruik het?

Ja. Ja. Ja, ek wou die mooi seuns vat en hulle uitmekaar trek. Om te wys hoe lelik hulle met honderde koeëlgate in hulle lyk.

Is jy tevrede met "The Stick"?

Nee, ek kan nie daarna kyk nie. Die aanvanklike weergawe, my weergawe, was nie die weergawe wat ons wys nie. My weergawe, dinkek, was 'n blerie goeie een. Daarin het ek amper reggekry wat ek wou. Tematies, visueel en stilisties was dit baie ambisieus, maar 'n Academy-award-wenner het toe my film geneem en gesny - Lee Edward Percy. En hy

was só verwaand. Ek is Amerika toe om 'n scene daaroor te maak en het toe van die tonele saam met die man gesny, maar aan die einde van die dag was dit meer sy film as myne. Net sowat 60 persent van "The Stick", soos dittans vertoond word, is myne en ek kan die desperate noodsaaklikheid van daardie ander 40 persent voel. Daarom kan ek nie daarna kyk nie. Dit breek my hart.

Jy is besig om te werk aan 'n film van Karel Schoeman se "Na die geliefde land". Gaan dit in Afrikaans wees?

Ja, ek kon twee jaar gelede al dié film in Engels gemaak het, maar ek wil nie omdat Afrikaans dit net soveel meer lig en tekstuur sal gee.

#### Hoekom maak jy movies?

Ek het 'n visie gehad. Ek wou interessante mense ontmoet. Dit is cool om movies te maak - ek speel sommer. Nee, dit is 'n moeilike vraag. Dit was maar net iets wat my gedryf het. In my volgende lewe wil ek nie films maak nie. Dit is mal. In my volgende lewe wil ek 'n miskruier wees wat heeldag in die son stront rondrol. Mense wat films maak, moet siek wees. Wie spandeer 720 dae om genoeg geld te kry om 'n film te maak, dit vir drie en weke lank te sny en produseer - net om 90 minute op die skerm te sien? Dit vir vyf weke lank in die bioskope te sien en dan is dit verby - oor, klaar, verby. Dit is 'n obsessie. Ek was klein toe ek besluit het om 'n rolprentregisseur te word. Dit is soos 'n storm om films te wil maak - dit gaan bo-oor alles. Dit is soos die ultimate in fascisme. Jy skep jou eie klein wêreld en eie waarheid.

#### Wil jy teruggaan Hollywood toe?

Ja. Ek is moeg daarvoor om voorgesê te word. In die nuwe Suid-Afrika gaan dit net so moeilik soos in die oue wees om te sê wat jy wil. Ag, dinge verander, maar ek het reeds konflik gehad. Ons sal dalk net weer 'n sekere standpunt moet huldig, maar dit gaan 'n ander soort sensuur wees. Ek wil 'n film maak oor die Voortrekkers, maar wie gaan daarvoor betaal? Ek kan nie help ek is wit nie en ek wil nie films in my kop maak nie.

#### Wanneer het jy jou eerste film gemaak?

In 1984 na die army. Na twee jaar in Upington - hel op aarde - in die army het ek my eerste film gemaak. "Place of Weeping" was my eerste movie. Verskriklik. Dit is 'n verskriklike film.

Ek het die film vir bykans nijs gemaak nie - R15 000, en ek is bly dat hulle dit van die rakke gehaal het. Toe dit gemaak is, was dit 'n interessante film en het baie goed afgegaan omdat dit integriteit het.

Die Left het jou al baie gekritiseer omdat jou films argetipes uitbeeld en nie standpunt inneem nie.

Man, ek is nie 'n ekstremis nie. Ek is 'n ontnugterde liberaal. Hulle verstaan nie waar ek vandaan kom nie. Ek wil nie films maak wat vir die converted preek nie. Hulle het dit nie nodig nie. Ek maak films vir gewone mense. Dit is soos verleiding. Ek gebruik doelbewus beeldel wat mense ken en verstaan - Hollywood-beelde soos harde musiek en geskiery. Die mense wat daarvan hou, word dan stadig ingetrek.

#### Nou hoekom gaan jy Hollywood toe?

Ag, ek wil bietjie met Meryl Streep gaan uithang en dan kan ons "Out of Knysna" doen en so aan. Dit is 'n grappie. Ek wil gaan kyken leer en geld maak om terug te kom en my movies te maak.

#### Waarmee is jy tans besig?

Ek is op die oomblik besig met 13 verskillende films of draaiboekte. Ek wil in "Lightning Bird", waaraan ek tans werk, die hele probleem wat die lefties met my movies gehad het, aanspreek. 'n Witman wat 'n sangoma word en die redes daarvoor. 'n Man wat begin om vreemd te voel in sy eie kultuur, maar wat maak dit van hom? Kan mens dit doen? Kan jy 'n wit swarte word of 'n swart witte? Wat beteken dit en wat is die implikasies daarvan?

# Die dilemma van die fotograaf: is daar 'n toekoms vir dié kunsvorm?

In Suid-Afrika bestaan daar 'n stellige fotografiese tradisie, met 'n handvol fotograwe wat met die bestes ter wêreld kan saamgesels. Maar hulle moes die laaste tyd gebuk gaan onder meer as die gewone kwota omstreidenheid rondom fotografie as kunsvorm. HANS PIENAAR het by lede van 'n nuwe foto-agentskap, SouthLight, wat gaan spesialiseer in dokumentêre fotografie, gaan hoor of kunsfotografie 'n toekoms het in Suid-Afrika.

**D**ie foto wys hoe Amerikaanse see-soldate die oorwinningsvlag staan maak op Iwo Jima, na een van die ergste veldslae in die Tweede Wêreldoorlog, waarin feitlik die hele Japanse mag op dié eiland in die Stille Oseaan uitgeval is.

'n Paar van hulle beur teen die paal. Die agterste soldaat hou sy hande omhoog, asof in 'n uitrek na glorie, of oorwinning.

Maar wag 'n bietjie. Daar is iets verkeerd. Hoekom sal 'n moësoldaat, gly-gly in die modder, teen ander leun as hy sy hande omhoog wilhou in 'n gebaar van oorwinning. En waarom sal hy dit na die paal hou, en nie na die vlag nie?

Die waarheid is dat die soldate nie besig is om die vlag te laat staan nie, hulle is besig om te keer dat dit omval. Die fotograaf, Frank Capra, het pas 'n paar foto's van hulle geneem waar hulle in 'n langs die paal staan, en omgedraai om te loop, en begin dink of hy dié "snapshots" hoegenaamd moet laat ontwikkel.

Hy het skielik kretjie gehoor, omgeswai en was net bytys om hulle te "vang" waar hulle keer vir al wat hulle werd is. Op die ou end het die foto een van die beroemdste van die oorlog, en van die geskiedenis van fotografie geword. So beroemd, dat dit selfs omskep is in 'n lewensgetrou standbeeld, in Washington.

Verlede week is die monument vlugtig gewys in 'n CNN-program oor 'n amfibiese landing, wat maar slegs die tweede sou wees in die stuk van vyf en vyftig jaar na Iwo Jima.

Die foto illustreer tegelykertyd die mag van die fotografe, en ook sy swakhede en die probleme waartoe fotografie van die kaliber van Capra's nlei - dat mense van die eenvoudigste foto iets kan maak wat dit nie is. Ook in Suid-Afrika is die land se top-fotograwe nie onbekend hiervoor nie.

Die eerste foto-agentskap is pas in die lewe geroep wat hom veral gaan toespits op dokumentêre fotografie. SouthLight het in gelede waarskynlik die land se top-fotograaf, die veteraan David Goldblatt, en 'n paar energieke jongers wat al naam vir hulle self gemaak as fotograwe van formaat, soos Paul Weinberg, Steve Hilton-Barber en Guy Tillim.

Hilton-Barber was onlangs in die spervuur oor sy uitstalling van Sotho-kaapse van die Markeater. Hy oortree taboes van die swart gemeenskap, is hy van die een kant beskuldig. Ontrek hy egter die foto's, het die borge van die uitstalling gedreig, sal hulle nie weer so'n uitstalling by die Mark hou nie.

Die kern van die saak was die radikale verskillende lesings van dieselfde foto's. Op die ou end is die situasie beredder deur 'n komieklike eenvoudige oplossing: iemand het die borge van die uitstalling gedreig, sal hulle nie weer so'n uitstalling by die Mark hou nie.

Praat jy met lede van die agentskap in hul aantreklike werkplek in Yeoville, en jy druk 'n bietjie hier en 'n bietjie daar, lyk dit asof die debakel nog swaar op hul gemodere is. Die antwoord op vroeë is reguit, maar versigtig, en met die ontruggering vlak in die stemton.

"Baie mense in die demokratiese beweging wat ons goedgesind is, wou die uitstalling afstel," sê Thea Soggot, besturende redakteur van SouthLight, 'n gevstepte kunstenaar en 'n lid van die Markgalery se kuratorium.

Paul Weinberg erken dat baie fotograwe gepynig is deur die vertrekking en taamlik bedruk is daardoor. Hy sien dit as 'n manifestasie van die Suid-Afrikaanse sindroom - iets is of IN OF UIT. Subtiliteit is daar nie plek voor nie.

Self sê hy dit nie, maar vir fotograwe soos hy moes die uitsprake teen die uitstalling vanuit die

demokratiese beweging ekstra teleurstellend gewees het. Nie net as fotograaf nie, maar as aktivis het Weinberg diep spore getrap in wat 'n mens die "kulturele left" kan noem.

Veral van groot waarde in al die inisiatiewe wat die afgelope jare aan die Rand geloods is, van die kunsentrum in Kathlehong tot Jodac se Kulturele Forum, was die nutgerheid dog ingeligtheid van sy insette. Sy en ander se praktiese benadering het sterk daaroor bygedra dat sulke geleenthede nie ontaard in akademiese rugklasses nie.

En dan was dit die hardnekke pogings van goeie, top-fotograwe wat gesorg het dat die vergrypte van die staat en die polisie wêreldwyd versprei geraak het om druk op die bewind vol te hou, die druk wat uiteindelik sou lei tot De Klerk se inisiatiewe in Februarie 1990.

Weinberg praat nog steeds van "kulturele werkers", maar nou is daar 'n subtiele verskuwing: die stryd gaan voort, sê hy - te middel van die koel grys kleurskema van SouthLight se kantoor, wat meer tuishou by 'n middelklas-dokter se spreekkamer. Dié keer is dit egter 'n stryd vir die regte van dié "werkers".

Weinberg-hulle se poging gaan deurslaggewend wees vir die stryd wat in die algemeen vir die kuns te virle. Want fotografie demonstreer nou al die strydpuante en dilemmas van Suid-Afrika se kulturele toekoms.

Die is in die aard van dokumentêre fotografie om midde-in die politiek van die dag te staan. Dit is een van die min kunsvorms waar "tegniese" aspekte soos komposisie, kontras, fokus en die lees van die tekens in 'n toneel, regstreeks met die politieke boodskap van die kunsproduktie doen het.

Die foto van die "vlaghysing" op Iwo Jima illustreer dit dalk die beste. Die diagonale lyn van die skuins vlagpaal dwarsoor die foto, en die teenoorgestelde diagonaal van die skuins beweende soldate druk die gevoel van ywerigheid uit wat die generals graag in hul soldate sou wou sien.

Hilton-Barber se foto's van kaal adolescentes kan as teksvoorbereed van kompositie gebruik word. Maar dit is ook sy kompositiestechniek wat die kyker laat fokus op die ryte gesigte, en hul uitdrukkings van vrees, en hul eienaardige ingekeerdeheid. Die boodskap is duidelik: dit gaan vir dié jonges nie oor inlywing in mistieke geheimse nie, maar om net tot die volgende dag te oorleef.

Die gewildste konsep onder Suid-Afrikaanse fotograwe, wat ook hul behoeftige uitdruk om aan die stryd te "behoor", is dié van die deelname-kamera ("participatory camera"). Weer eens: die motivering is nie net polities nie, maar wille van die gehalte van die eindprodukt.

"Sonder verhoudinge met die mense sal jy net oppervlakkige pics kry. Die kamera moet nie net 'n waarnemende meganismus van buite wees nie, maar 'n manier om verhoudinge met mense aan te knoop," sê Weinberg.

Dit gaan oor die identifikasie van essensies, sodat jy kan wys wat in die gemeenskappe aangaan. As die fotograaf deel word van die gemeenskap, mense so vertrou wen, kan hy waarde onthul waarvan hulle dalk nie voorheen bewus was nie.

Al SouthLight se fotograwe, en die meeste ander fotograwe wat hul sout werd is, dit wil sê goed foto's wil neem, pas dié gedagtes as riglyne toe.

Mense in die demokratiese beweging het hulle egter blind gestaan teen die inhoud van die foto's, en die feit dat dit in volklore gedoen is. Dit is veroordeel as 'n verherkliking van die regses en 'n herbevestiging van die geldigheid van die Groot Trek.

Die debat hieroor, wat in Vrye Weekblad se kantoor aan die gang gesit is, het die gevaa-



Inslasie, deur Steve Hilton-Barber

persent van 'n projek in beslag.

David Goldblatt, die veteraan, stel dit selfs meer absoluut: "As mense nie afgeneem wil word nie, neem ek hulle nie af nie." Nie omdat dit immoreel sou wees nie, maar omdat jy dan gaan sukses om 'n goeie foto te kry.

Maar omdat mense foto's vertolk soos hulle wil, word die bedoeling van die fotograwe, of die ingeboude goeie resultaat van enige stel gode dokumentêre foto's nie verstaan nie, of eer nog, nie erken nie.


Gideon Mendel se foto's van die herhaling van 1938 se Simboliese Ossewatrek in 1988 is 'n demonstrasie hiervan. Mendel het 'n verhouding ontwikkel met die ver-regse deelnemers aan die trek, en kon sodoende ongehinderd foto's neem wat uiteindelik hoog geprese is vir hul gehalte.

Vir die meeste "lesers" van die foto's is die absurde toon duidelik. Trouens, dit was daar in die teatrale benadering tot die trek, die oordrewe taferelle, die natgeswete kakibeklede regses wat die wa self met gebroof hoofde trek. Al wat Mendel gedoen het, was om sy tegniese vermoeëns te gebruik om dié absurde trekke uit te lig en te aksenteer.


Op die ou end het die politieke boodskap vanself gekom: dat die trek behoort tot die mitiese, die ryk van die fantasie, en so ook die idees waaroor hulle staan.

Mense in die demokratiese beweging het hulle egter blind gestaan teen die inhoud van die foto's, en die feit dat dit in volklore gedoen is. Dit is veroordeel as 'n verherkliking van die regses en 'n herbevestiging van die geldigheid van die Groot Trek.

Nuusfoto's is ook belangrik, sê Weinberg, omdat hulle belangrike inligting oordra. Maar hulle is oppervlakkig in dié sin dat hulle mense nie oortuig van die bepaalde omstandighede in 'n gemeenskap nie. Een foto van 'n aanranding is so goed as 'n ander as dit nie daarin slaag om 'n dieper dimensie oor te dra nie.



Robert Welnek and Mandy Darling, Jeppe 1989 deur Jenny Gordon



Skaapwagter, Transkei, deur Guy Tillim



Uit Some Afrikaners Photographed, deur David Goldblatt

# Dié verhoor kon maklik anders verloop het

**A** En toe word ons veiligheidsmagte daarvan beskuldig dat hulle bewyse fabriseer. So, byvoorbeeld, is daar tydens die ondersoek na die Langa-skietvoerval in 1985 beweer dat die polisie klappe op die plek waar die voorval plaasgevind het, gestrooi het en daarna beweer het dat dit deur die mense gegooi is. Politieke aktiviste het beweer dat dwelms of verbode literatuur in hulle huise "geplant" is om hul te diskrediteer. Dié beweringe is moeilik om te bewys of te weerlê.

'n Tyd gelede het ek 'n kliënt gehad wat daarvan aangekla is dat hy in besit van 'n petrobom was. My kliënt, 'n 16-jarige jeugdige van 'n Wes-Randse township, (ek gebruik die skuilnaam Thabo) is deur lede van die onruspolisie in hegtenis geneem. Hulle het beweer dat hulle hom fisiek met die bom in sy besit betrappet het.

Thabo het my vertel dat hy tydens die onlangse geweld tussen hostel- en township-inwoners, een aand saam met ander jeugdiges bymekaar gekom het om die strate te patroleer en die township-inwoners teen aanvalle - wat hulle van die hostel-inwoners verwag het - te beskerm.

Thabo het erken dat hy met 'n bowie-mes bewapen was en dat sy kamerade ook bewapen was. Hy se die groep was besig met hul patrollie toe hy teruggeval het om te urineer. Voordat hy weer by die groep kon aansluit, het die onruspolisie in voertuie hom afgesny en omsingel. Hy is deursoek, die mes is gevind en hy is 'n paar harde klappe gegee. Een polisie man het van die mes gehou en dit in sy sak gedruk (wat kan verklaar hoekom hy nie weens die besit van 'n gevaaile wapen aangekla is nie).

Hy vertel dat 'n polisie man 'n petrobom uit 'n voertuig gaan haal het en wou hê dat hy dit in sy hand neem. Hy wou dit nie vat nie en het op die grond neergeval. Hy is weer 'n paar keer geklap. Die polisie man het toe sy oop hand

teen die petrobom gedruk. Die polisie man het die petrobom daarna met 'n sakdoek aan die prop hanteer.

Dit lyk na 'n moeilike saak. Die polisie man sou sonder twyfel Thabo se vingerafdrukke op die bom, tesame met die polisie manne op die toneel se getuienis, as bewys voor die hof kon indien. Dit sou 'n verdoemende saak teen my kliënt gewees het. Thabo se storie dat hy die slagoffer van 'n valstrik is, sou nie deur die hof aanvaar word nie. Dit sou sy woord teen dié van verskeie polisie manne wees en, verder, wat sou die moontlike motief van 'n geagte lid van die polisie mag wees om dié besondere individu, wat hulle nie eens ken nie en teen wie daar geen wrok bestaan nie, vals te beskuldig? Waarom sou die hof 'n aangeklaagde, wat erken dat hy 'n comrade is, bewapen en gereed vir oorlog was, glo.

Ek het besluit daar is net een manier om dié saak aan te pak. Ek het daarop aangedring dat die petrobom as bewyssuk moet dien en dat 'n vingerafdrukdeskundige moet verduidelik presies wáár op die bottel die afdrukke gelaat is. Die patroon van die afdrukke moes aandui dat Thabo se oop hand teen die bottel gedruk is en dat dié patroon nie ooreenstem met die afdrukke wat gelaat sou word indien die bottel wel deur hom gedra is nie. Ek het aan Thabo verduidelik dat ons, indien ons dié benadering volg, die hof in ons vertroue sal moet neem en ons verdediging reeds aan die begin bekend maak.

Ek het hom gewaarsku as hy nie die waarheid praat nie en die vingerafdrukke stem nie met ons storie ooreen nie, ons in groot moeilikheid sal wees. Thabo was gelukkig om die risiko te neem en hy het daarop aangedring dat hy die waarheid praat. Ek was tevrede om voort te gaan met die saak omdat ek uit ondervinding geleer het dat polisie manne, veral onruspolisie manne, dikwels in die hof lig. Die feit dat my kliënt 'n comrade was, was genoeg rede om dit te doen. Ek het ook in



Regspratjies

JURIE DE WET

Thabo se onskuld geglo.

Met ons volgende verskyning het ek die aanklaer van die aard van my kliënt se verdediging vertel en hom aangeraai om toe te siën dat die bom én die vingerafdrukdeskundige tydens die verhoor beskikbaar is sodat hy oor die patroon van die afdrukke kan getuig.

Op die datum van die verhoor is die saak teen Thabo teruggetrek. Ek kan net raai hoe kom die aanklagte teruggetrek is. As die polisie die waarheid gepraat het, het hulle 'n verdoemende saak gehad - die bom, die vingerafdrukke, die ander polisie manne se getuienis.

Ek dink Thabo was die slagoffer van 'n strikval, en toe ons die polisie manne uitgevang het, het hulle ontrek. As Thabo nie regsverteenwoordiging gehad het nie, sou die saak heel anders verloop het.

(*Jurie de Wet is 'n regspraktisy in die Suid-Afrikaanse howe*)

## Wat beteken 'onnatuurlik' nou eintlik?

**N**et soos rassisme beveg moet word, moet heteroseksisme ook beveg word. Dit is die mening wat in 'n artikel wat in die Februarie-uitgawe van van Opt Out, die lyfblad van die Gay en Lesbiërvvereniging van die Universiteit van Kaapstad, gelug word. Daar is gevra dat erkenning aan Opt Out en nie aan enige individu gegee word nie.

**H**oevel keer het ons nie al die ou cliché gehoor dat homoseksualiteit "onnatuurlik" is nie? Dit som die gemeenskap se houding teenoor lesbiërs en gays op: perverse, veronge en sick mense.

Maar wat beteken "onnatuurlik" eintlik? Ons gemeenskap is vol gelofies oor wat natuurlik is en wat nie. "Natuurlik" is wat ons gekondisioneer word om te verwag - die dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar, soos die feit dat mans en vroue "gemaak" is om seksuele verhoudings met mekaar te hê. "Natuurlik" is die status quo: die manier waarop dinge gedoen word. Enigets anders, is onnatuurlik, nuut, verrassend, radikaal, weird.

Net soos die gemeenskap se idees oor ras verander en ontwikkel met verloop van tyd, verander seksuele politiek in enige bepaalde gemeenskap van geslag tot geslag. Weer eens druk die mite van die "natuurlike" die heersende mode van die tyd uit. En biologie en godsdiens

word dikwels gebruik om die seksuele status quo te regverdig.

Heteroseksisme is die geloof dat heteroseksualiteit die enigste soort seksualiteit is wat normaal en "natuurlik" is. Heteroseksistiese argumente eggo dié wat gebruik word om rassisme of die onderdrukking van die vrou te regverdig. "Kyk biologies daarna," se die heteroseksiste, "seks is bedoel vir voortplanting. God en die natuur het bedoel dat penisse in vaginas moet ingaan."

Maar feit is dat homoseksualiteit deel van die werklikheid is en lank reeds op die toneel was. Wanneer twee vrouens se verhouding op seks gegrond is, is dit die werklikheid. Wanneer twee mans dit geniet om hul seksuele aantrekking aan mekaar te wys, is dit die werklikheid. Om aan dinge 'n waardeoordeel van goed of sleg te gee, is 'n kwessie van vertolkking.

In baie kulture, soos dié van die Hellenistiese Griekeland, is manlike seksualiteit vertolk as die hoogste vorm van seksualiteit - omdat vrouens as so minderwaardig gesien is dat hulle vir niemand anders kon deug as om babas te maak nie. Die Griekse digkuns is vol beskrywings van die vreugde van seks tussen mans.

Dieselde geld die digkuns van die antieke Islamitiese beskawing en die liedere van die Polinesiese stamkultuur. Vandag word sulke homoerotisme gesien as "korrupt" of dekant.

Die Joods-Christelike kultuur het die meeste van ons oortuig dat seks net goed is vir voortplanting, en enige erotisme - maar veral homoerotisme - vervul ons met skuldgevoelens en selfpyning.

In die verlede was dit 'n "misdaad teen die natuur" in die Westerse gemeenskap vir selfs 'n getroude paar om enige ander seks te hê as vaginal omgang in die sendelingposisie. Enigets anders - fellatio, masturbasie, noem maar op - was heeltemal buite perke.

Heteroseksisme brutaliseer die psiges van lesbiërs en gays. Ons word geleer om onself te haat en onself as sick te sien - en hoe het ons dit nie geleernie. Wanneer ons op skool te doen gekry het met die geheimsinnige aan-

trekkingskrag van mense van dieselfde geslag, voel ons dat daar iets met ons verkeerd is, en ons eie seksualiteit verskrik ons.

In ons kultuur word nooit openlik en eerlik oor seksualiteit gepraat nie, en wanneer daar oor seks gepraat word, word dit dadelik aangeneem dat die mense wat betrokke is, 'n man en 'n vrou is. Gays en lesbiërs word geignoreer.

Heteroseksisme kan natuurlik nie in isolasie van die breër sosiale en ekonomiese kragte in die gemeenskap gesien word nie. Die redes waarom lesbiërs en gays gehaat en verag word, het te doen met seksisme en kapitalisme en die nukleêre gesin, wat 'n produk is van die moderne tye. (Vroeër het stamgemeenskappe verskillende soorte gesinstrukture, soos veelwywy, gehad.)

*'In ons kultuur word nooit openlik en eerlik oor seksualiteit gepraat nie, en wanneer daar oor seks gepraat word, word dit dadelik aangeneem dat die mense wat betrokke is, 'n man en 'n vrou is. Gays en lesbiërs word geignoreer.'*

So word dit vandag as normaal beskou dat almal getroud moet raak en 'n gesin moet hê wat die warmte aan hulle moet verskaf wat hulle in die lewe nodig het. Die lewe hiersonder word as betekenisloos beskou. Dié soort heteroseksisme is onderdrukkend vir menslike vryheid en waardigheid in baie opsigte.

Eerstens word vrouens onderdruk deur heteroseksisme omdat daar aangeneem word dat dit hul "natuurlike" rol is om huisvrouens en

moeders binne die nukleêre gesin te wees. Hulle word gelyke toegang tot werke en opvoeding ontsê en word gebreinspoel om liefstallig, magteloos, en verfynde wesens te wees. Hewige druk word op hulle uitgeoefen om 'n man te kry om hulle te onderhou en te beskerm.

Tweedens word mans ook onderdruk deur heteroseksisme want dit word van hulle verwag om "kragtige" en "vrugbare" vaders te wees, babamakers en ekonomiese voorsieners in die behoeftes van hul kinders. Hulle word geleer om dominant, aggressief, mededwingend te wees - alles behalwe om ontspanne en gelukkig te wees.

Kinders word ook onderdruk deur die heteroseksisme van ons moderne kultuur. Omdat heteroseksisme kinders so nou verbind met die seksdaad, vergeet ons gemeenskap dikwels dat kinders nie die eiendom van hul ouers is nie, maar mense wat aan hulself behoort. Kinders word magteloos gelaat deur heteroseksisme, wesens wat gesien en nie gehoor mag word nie, en wanneer hulle aangerand word of seksueel benadeel word, was die bure gewoonlik hul hande.

'n Laaste kenmerk van heteroseksisme is dat sy basiese eenheid, die nukleêre gesin, bydra tot die selfsg en afsondering van die moderne kapitalistiese wêreld. Die nukleêre gesin hou mense gevange in geïsoleerde, onafhanklike menslike eenhede, en leer hulle om te presteer "ter wille van hulself en hul families". Binne die nukleêre gesin versterk rolle van ekonomiese afhanklikheid en voogdyskaps die onderdrukkende rol van die man as die baas.

Die nukleêre gesin is 'n struikelblok vir gemeenskapsvorming en ekonomiese gelijkheid.

Net soos rassisme beveg moet word, moet heteroseksisme ook beveg word. Dit beteken nie dat almal lesbiërs en gays moet word nie, maar dat konserwatiewe en onderdrukkende seksuele houdings in die gemeenskappe uitgedaag moet word. Ons gemeenskap moet getransformeerd word, nie net sodat lesbiërs en gays bevry kan word nie, maar sodat almal vryer en gesonder van gees kan word.

# Doen iets of dit is apokalips nou!

**E**lke minuut gee die lande van die wêreld 1,9 miljoen Amerikaanse dollar op militêre bewapening uit. Elke uur sterf 1 500 kinders weens honger of weens siektes wat deur honger en wanvoeding veroorsaak word. Na berekening sal honderd miljoen kinders gedurende die negentigerjare hieraan sterf.


Elke dag sterf een plant- of diersoort uit. En daagliks word een duisend kinders blind omdat hulle nie vyf-en-twintig sent se vitamine A per dag inkry nie.

Daar is gedurende die negentigerjare elke week meer mense gevange geneem, gemartel, vermoor, van hulle tuistes vedryf, of op ander maniere deur repressiewe regerings onderdruk as wat die geval gedurende enige ander periode van die wêrelgeschiedenis was, met die uitsondering van die jare van die Tweede Wêreldoorlog.

Elke maand word 'n verdere 7,5 biljoen dollar skuld gevoeg by die 1 500 biljoen dollar wat die lande van die Derde Wêreld alreeds skuld. Lande soos Brasilië en Mexiko se internasionale skuld is van so 'n omvang dat dit, menslike gesproke, nooit terugbetaal sal kan word nie.

Elke jaar word 'n deel van die reënwoud - die aarde se longe - wat driekwart so groot soos Korea is, onherroeplik vernietig. In Afrika alleen is die verlies 2,3 miljoen hektaar per jaar. Vir elke boom wat op ons vasteland geplant word, word agtien bome uitgekap. Jaarliks word ses miljoen hektaar produktiewe landbougrond in woestyn omskep. En die skade aan die osoonaag veroorsaak reeds paniek in sekere kringe.

Op maatskaplike gebied is die tol net so



Geloofspraatjies

DAVID BOSCH

hoog. Een uit elke drie volwassenes in die ontwikkelende lande is ongeletterd en van hulle is een uit elke twee vroue - 'n situasie wat hulle in die kompetente wêreld van vandaag 'n permanente agterstand gee.

En in Januarie 1990 het die VSA se National Council of Crime and Delinquency bevind dat, vanweë die stygende getygolf van verdowingsmiddels, daar tot 1995 in dié land selle vir 460 000 bykomstige gevangenes gebou moet word - 'n projek wat 35 miljoen dollar sal kos.

Dié is maar enkele van die skrikwekkende feite aangaande die toestand van ons planeet op die drumpel van die laaste dekade van die

tweede Christelike millennium.

Tensy ons spoedig iets daarvan doen, gaan ons ongetwyfeld 'n apokaliptiese situasie tegemoet: 'n toekoms meer bisar as die mees fantasievolle skildering wat die wêreldliteratuur ons kan bied, 'n slagveld vreesliker as Armageddon, 'n ontploffing verskrikliker as dié van Hiroshima.

Vir baie lank het Christelike kerke eensydig op mense se persoonlike heil gekonsentreer. Meer onlangs het hulle toenemend tot die besef gekom dat die evangelie ook met mense se sosiale, ekonomiese en politieke nood te make het en is die klem toenemend op dié aspek geplaas.

Dit was nodig dat die kerk tot die besef kom dat dit nie alleen die roeping het om siele vir die hiernamaals te versamel nie. Vandag weet ons egter dat selfs die byvoeging van die sosiale dimensie tot die kerk se bediening, hoe noodsaklik ook al, nie voldoende is nie.

Die evangelie het ook te make met die "goeie skepping" wat ons uit Gods hand ontvang het. En net soos gelowiges hulself met anderse persoonlike heil en met maatskaplike geregtigheid besig hou, behoort hulle ook die bewaring van die skepping en die bekamping van milieu-vervuiling in elke vorm as deel van hulle godsdienslike opdrag in die wêreld te sien.

Trouens, dié drie aspekte van die gelowiges se opdrag in die wêreld is onlosmaaklik aan mekaar verbond. Ons mag onsself nie die luukse veroorloof om slegs één van die aspekte as die geheel van ons roeping te bestempel nie.

Ons is geroepe om heil deur Christus te verkondig, geregtigheid te doen, én God's

goeie skepping te bewaar.

Om telkens slegs één opdrag uit te lig en te verabsouteer as dié opdrag van die kerk, lei daar toe dat ons die innerlike samehang van alle dinge, "geestelik" en "materiel", miskyk. Dit is sekerlik nie toevallig nie dat die woorde "heilig", "heil" (in die sin van genees) en "heil" (in die sin van ongeskode, volmaak) etimologies aan mekaar verwant is. Heling, heelheden heelheid het tesame te make met die omvattende "verlossing" van die mens.

Die evangelie gaan oor lewe en in sy sending is die kerk geroepe om aan mense die boodskap van omvattende lewe oor te dra. Hierdie lewe is nie net iets vir die hiernamaals nie, maar hou met ons hele bestaan verband.

Dit is daarom besonder verblywend dat hierdie integrale bediening van die kerk ten minste in sekere kringe raakgesien word.

Onder leiding van die Wêreldraad van Kerke is daar in Maart 1990 'n byeenkoms in Seoul, Korea gehou waarvan die tema "Justice, Peace, and the Integrity of Creation" was.

Tydens die pas afgelope algemene vergadering van die Wêreldraad (in Canberra) het geregtigheid, vrede en die integriteit van die skepping ook in die middelpunt van die belangstelling gestaan.

Ons kan - ook in Suid-Afrika - geen sosiale geregtigheid bereik as ons soek na geregtigheid nie hand aan hand gaan met die bewaring en hernuwing van die skepping nie. Ons begin uiteindelik ontdek dat dié taak, waarvan ons lank onbewus was, in werkelikhed tot die hart van ons geloof behoort.

(Prof Bosch is hoof van die Departement Sendingwetenskap aan Unisa)

## Wys my haar boeke, en jy wys my die mens

"In literature as in love, we are astonished at what is chosen by others," skryf die Fransman Andre Maurois in my immer-plesierige "The Pan Dictionary of Contemporary Quotations".

N BOEKERY in 'n huis is 'n teken van baie dinge.

Die besit en die koesterung van boeke, die saambring daarvan in spesifieke groepe, die verweerdheid daarvan al dan nie, vertel 'n mens heelwat omtrent ander.

Wat lees hierdie mense? Is 'n vraag wat ek myself feitlik altyd vra as ek 'n eerste keer by iemand aan huis kom. En een waarop ek soms verrassende of ontrugterende antwoorde kry.

Ek het al partykeer 'n floute voel aankom (goed dan: 'n lamheid in die knieë) as ek by kennisse, "leiers", meningsvormers of geleerde opdaag en sien wat staan daar op die rak. Aan die ander kant loop jy jou soms verstom vas teen 'n keurige boekmens waar jy haar glad nie verwag nie, soos die elektrisiteitsvoorman by die saagmeule hier waar ek woon.

Want geen kind gaan sommer 'n liefde vir lees en vir boeke ontwikkel as sy nie daartoe aangespoor word deur die beskikbaarheid van leesgoeters om haar nie.

Daarsonder sal ou Koning Eenoog in die boek vroeg reeds nog 'n slaaf inpalm vir sy oppervlakkige TV-koninkryk en sal nog 'n kind die wonder van die fantasie van lees ontsê word.

Dan is daar die leesgeriewe van die toilet, daardie oomblik van volslae privaatheid waarin sommige jou wil toegooi met swaardiens-tydskrifte en ander erken dat guittigheid huis hier haar beskeie aandeel moet hê.

En, uiteindelik terug in die sitkamer, die onvermydelike koffietafelboek, netjies gerangskik om in te pas onder die rangskikkings en langs die skinkbord. Om te verklaar: so lees ons hier.

"There are two motives for reading a book: one, that you enjoy it; the other, that you can boast about it," meen die filosoof Bertrand Russell ewe handig in my Pan-boek.

Die teenwoordigheid van 'n boek is op sigself natuurlik nog lank geen waarborg van enigsins nie. In 'n artikel in Time of Newsweek laat verlede jaar, is daar gewys op die diskrepansie tussen gekoopte boeke en boeke wat gelees is.


So het Salman Rushdie se veelbesproke "The Satanic Verses" buitengewone verkoop-sen dus besitsyfers behaal, maar op vroeë oor hoe die boek toe gelees is, het dié werk maar vaal gevra. Minder as 12 persent van sy kopers (en dit was 'n dik duur boek) het ooit 'n poging aangewend om dit te lees.

Die besit van sulke boeke, gewoonlik van literêre aard, skep 'n hele bestaanswerklikheid van haar eie. Dis soos die storie van die keiser se klere, behalwe dat dit nog moeiliker raak as in daardie verhaal om 'n seuntjie raak te loop wat met oorgawe kan uitroep: "Maar kyk, die keiser is dan kaal."

Natuurlik sal die besit van so 'n boek nie weggesteek word nie - almal moet kan sien dat sy in die boekery is en daarom word sy uitgestal iewers in die sitkamer of 'n besige portaal. Koffietafel par excellence.

Enkele resensies help die besitter van die boek om gemeenplasig daaroor te praat, maar omdat niemand anders die boek gelees het nie, word hierdie besitter mettertyd die plaaslike Rushdie-kennet.

Die verskriklike is dat hy of sy dit later self begin glo en allerhande uitsprake oor die boek



begin maak.

Die kans dat sy haar gaan vasloop, word geleidelik al hoe skräler omdat mense wat dieselfde paadjie loop, te bang is om 'n kritiese gesprek aan te knoop waardoor hulle onkunde en onwetenheid aan die kaak gestel gaan word.

Word hulle wel eendag gekonfronteer, word die gesprek of afgemaak deur te verwys na die neerdrukkende uitwerking van die fisiese omvang van die boek, of deur enigsins irrelevante opmerkings te maak rondom die boek, waardoor die gespeksie dan veilig kan verskuif.

Soos byvoorbeeld: Ek wonder wat Rushdie as Moslem se siening oor die Golf-oorlog is?

Die taktiek van hoe jou kennisie boeke versamel, boeke besit, boeke lees en boeke vertoon, lyk my na een wat die moeite wêrd is om grondig te bestudeer. En as jy niks verder daaruit sou wys word nie, het jy darem in die proses 'n boek of twee raakgeloop wat jy sou wouleen.

Maar oor die leen van boeke - daaroor skryf 'n mens weer 'n hele koerant vol...

**AGE OF IRON**  
Deur J.M. Coetzee  
Secker & Warburg

**GERRIT OLIVIER**

*And I thought: Now my eyes are open and I cannot close them again.*

*Age of Iron* is 'n boek wat die leser reeds op die eerste bladsy, in taal wat tegelykertyd poëties en brandskerp is, baie naby aan die verteller en haar dilemma bring, en hierdie intensiteit word byna deurgaans volgehoud. 'n Mens kan verstaan waarom na dié boek verwys is as 'n "minor masterpiece", hoewel ek miskien oor die kwalifikasie "minor" sou wil twis.

Die eerste dag van Elizabeth Curren se vertelling word gekenmerk deur 'n vreemde sameloop van gebeurtenisse wat bepalend vir die inhoud en struktuur gaan wees. Dis die dag waarop haar dokter haar meegeel dat sy terminaal siek is en hom daamá byna ongemerkt van haar laat wegdraai uit 'n "allegiance to the living".

"The news was not good, but it was mine, for me, mine only, not to be refused." Wanneer sy by haar leë huis aankom, word sy oorval deur verlange na haar dogter in die buiteland en dring "the true meaning of the embrace" tot haar deur: "We embrace to be embraced. We embrace our children to be folded in the arms of the future, to pass ourselves on beyond death, to be transported. We bear our children in order to be mothered by them."


Dit is dan twee groot dryfvere van haar vertelling: die begeerte "to forgive the living and take my leave without bitterness", om haar honger vir hierdie wêrfeld (bladsy 16) af te leer; en die ander begeerte: om oor alle afstande heen uit te reik na die één vertroostende aanraking en omhelsing, dié van haar dogter, wat sy nie sal kry nie.

An die briefromaan gee Coetzee sodoende 'n besondere funksie en skerpte. Skryf, die groot vyand van die dood, word vir Elizabeth Curren 'n refleksie rondom die dood, wat in 'n belangrike passasie gesien word as 'n kind waaraan sy nie geboorte kan gee nie. Skryf word ook die brief in 'n bottel, vir altyd prysgegee aan die golwe, met die naam van haar dogter as moeder en as draer van die lewe wat nou uit haar wegspel.

Onder die rykdom van motiewe in die roman is Elizabeth Curren se uitrek na haar moeder en haar dogter - die mens geopenbaar as kind in sy doodsangs, kind in sy drome - een van dié wat 'n mens die diepste aangryp. Dit is nie 'n

## Coetzee se 'Age of Iron' meesterlik

# Taal is self die kanker



J.M. Coetzee

nuwe gedagte in Coetzee se werk nie (dink aan Michael K by sy moeder se sterfbed: "I come from a line of children"), maar wat hier bykom, is die implisiete oortuiging dat woorde ook 'n omhelsing kan wees.

Ten opsigte van die leser word dit 'n interessante spel, want by gebrek aan 'n verskering dat die woerde in 'n bottel die dogter sal bereik, word ons in die posisie van intieme toehoorder geplaas.

Hiemee is slegs enkele aspekte van die roman aangedui. Op dieselfde dag dat sy die nuus van haar dokter verneem, ontdek Elizabeth Curren in die steeg langs haar motorhuis 'n slapende bergie in 'n skuiling van karton en plastiek: Mr Vercueil, "this other annunciation", soos sy hom noem.

Die swygsame, stinkende Vercueil bly in die roman 'n enigma - 'n gids na die dood (met agter hom al die klassieke portiere van

die dood), 'n engel in 'n woonbuurt deur engele verlaat, die een wat haar gekies het, hierdie land, en mettertyd die enigste oorblywende aanraking, die laaste omhelsing.

Vir die verteller word hy ook 'n mekanisme wat dit moontlik maak om te skryf en uit haarselvete beweeg: "Because he is and is not I. Because in the look he gives me I see myself in a way that can be written. (...) When I write about him I write about myself."

Waarom? Omdat Elizabeth Curren se vertelling, by al haar begeerte na vertroosting, óók buite sigself wil beweeg om rekenskap te gee van 'n tyd waarin die verteller haar al hoe meer vervreem voel. "I tell you this story not so that you will feel for me but so that you will learn how things are," sê sy op bladsy 95. "So I ask you: attend to the writing, not to me."

Die aanvaarding van Vercueil se teenwoordigheid bring

stelselmatig mee dat hy haar dogter se plek inneem, totdat sy haarself uitdagend "Mrs V" kan noem. Die woerde wat hieraan voorafgaan - "One must love what is nearest. One must love what is to hand, as a dog loves" - oorstryg hul eie oënskynlike sinisme omdat die laaste omhelsing nie net die komste van die dood is nie, maar ook die intieme oomblik met 'n medemens. Dit word uiteindelik 'n triomf van die liefde.

Vercueil het die een geword teenoor wie sy kan bely, al sê hy byna geen woord nie. Deur Vercueil verlaat sy haar "late bourgeois tomb", 'n huis vol dooie herinneringe, om 'n kondisie van volstrekte haweloosheid en behoefteloosheid liggaamlik én geestelik - te ervaar. Teenoor Vercueil kan sy liefde betoon wanneer alle ander moontlikhede verydel word.

'n Mens sou kan sê dat 'n geloof aan die moontlikheid van onversadigbare liefde en aan woerde wat die dinge beskryf soos hulle is, deur die hele vertelling loop - maar dan, op 'n ironiese wyse omdat sowel die verteller se woerde, haar patetiese monoloë, en haar dade van liefde in 'n konteks van verskrikking onbeantwoord bly.

In hierdie opsig bied *Age of Iron* 'n stroom verrassings. In plaas van 'n intieme bepeinsing oor die naderende dood, neem die boek vroeg reeds 'n ander verloop wanneer Elizabeth Curren meegesleur word in die lotgevalle van haar bediende, Florence, en die kinders.

Haar besluit om hierby betrokke te raak, is miskien te danke aan 'n tradisionele liberale instink, maar daardeur beland sy in situasies wat sy glad nie kan begryp of beheer nie, slegs nog regstreer met behulp van 'n understatement wat daarvan 'n byna hallucinêre kwaliteit gee.

Mevrou Curren vrugtelos pratend, vermanend, strikkelend deur die modder in die nag van Guguletu, met brandende pondokke en 'n woedende menigte om haar heen, lyke in die reën, verbyster en gepynig deur die krap in haar binneste - daar is iets potsierliks en tegelykertyd ontsettends daaraan. Sy is eerlik genoeg om te bely dat sy geen woerde het vir wat sy beleef nie, maar die dieper waarheid blyk te wees dat sy en haar soort heeltemal uitgesluit word deur die "age of iron".

Dit konfronteer haar met 'n ander soort dood: met die lyke van kinders in die reën, liggende wat nie sal verbrand nie, met die gesigte van swart mense waaroor 'n mens loop. Dit konfronteer haar ook met waardes wat buite haar verwysingsveld lê: comradeship, die ontkenning van wat dit is om kind te wees, 'n nuwe konsep dalk van "liefde".

Sy word gewoon agtergelaat deur dié mense wat hulle eie geskiedenis in die townships het. Hierdie ervarings lei egter wel daartoe dat daar aan die siekte 'n ander betekenis toegeken word.

*Skaamte* word nou 'n sleutelwoord van die vertelling: skaamte oor die vergrype van die

heersers, wat sy nog net kan sien as 'n trop skape of 'n swerm sprinkane. Die boek wemel van uitsprake oor hierdie land wat verlate geword het en liefdeloos, 'n plek sonder herberg en sonder mistiek.

Later word 'n verdere verband gevind: "I have cancer from the accumulation of shame I have endured in my life. That is how cancer comes about: from self-loathing the body turns malignant and begins to eat away at itself."

Op hierdie punt ontstaan uiteraard die moontlikheid om haar doodsweg te interpreteer as die ondergang van die wit samelewing, of die spesifieke groep waartoe sy behoort: die gegodee liberale middelklas as magteloze toeskouer van die skandes, van binne verteer deur die kanker van skaamte en 'n besef van sy eie historiese oortolligheid.

So 'n simboliese interpretasie sou egter die subtiliteit van *Age of Iron* oor die hoof sien. Want dis van die begin af duidelik dat alles wat hier meegedeel word, alleen betekenisvol kan wees in en déur die vertelling self wat taal as enigste bondgenoot het in 'n stryd teen die dood, tot die dood toe.

Daar is, met ander woorde, in hierdie boek 'n selfingeslotenheid en 'n uiteindelike verlatenheid-in-woorde (weer: die woerde-in-'n-bottel, toevertrou aan Vercueil as "kuil" of "kuller") wat enige interpretasie in 'n breër verband by voorbaat te maklik kan laat lyk.

Een van die beelde hiervan onder al Coetzee se onvergetlike beelde miskien die een wat 'n mens die langste sal bybly - is die van die vertelling as doolhof, met die verteller as loope teef daarin vasgekeer: "God is another dog in another maze. I smell God and God smells me. I am the bitch in her time, God the male. God smells me, he can think of nothing else but finding me and taking me. Up and down the branches he bounds, scratching at the mesh. But he is lost as I am lost."

Geen resensie kan naastenby 'n indruk gee van die rykheid van Coetzee se jongste roman nie: dis 'n boek wat 'n mens volledig sou wil aanhaal.

Wat Coetzee hier bereik het, is nie alleen 'n buitengewone evokasie van 'n persoonlike dood nie, maar ook 'n diagnose van 'n hele samelewing vanuit die perspektief van iemand sterwend aan skaamte en weersin.

By alle bewondering wil die vraag my nie loslaat of die dood van een persoon soveel kan dra nie. Maar dis 'n geringe beswaar. Uiteindelik mag die verteller voel dat sy sterf sonder "illumination", maar die vertelling demonstreer, sin na sin en paragraaf na paragraaf, dat taal brandskerp kan formuleer - al bly dit dan 'n gesuggereerde waarheid dat die woerde wat soek na omhelsing ook die woerde is waarin Elizabeth Curren toegevou word; dat taal self die kanker is.

*Gerrit Olivier* is hoof van die departement Afrikaans en Nederlands by Wits en die skrywer van die bundel essays "Ongerymdhede"

## Lovers of literature, be tempted



SERPENT'S TAIL

An exciting young publisher, now represented in southern Africa

'Daring, sophisticated and good-looking' – The Sunday Times, London

in your bookshop, now

For a catalogue write to local agents David Philip Publishers, Box 23408, Claremont 7735

# Sins of the sons of Sicily

**Director Francis Ford Coppola has recut 'The Godfather I' and 'The Godfather II' into a six hour film, incorporating more than an hour of previously unscreened footage, which will be released here on video in April. Unfortunately 'The Godfather Saga's' release comes after that of 'The Godfather III' today.**

**ANDREA VINASSA visits the old country**

MICHAEL CORLEONE: "My father is like every other powerful man - like every senator or governor."

Kay: "Come on, Michael. Don't be naive." Significant pause.

Michael: "Kay, who's being naive?"

This exchange between Michael Corleone (Al Pacino) and Kay Adams (Diane Keaton), his New England Wasp wife-to-be, marks the moment of Michael's final acceptance of his father's legacy, the moment he begins to work at consolidating his family, before taking on the outside world.


He had already lost his innocence when he killed Don Corleone's enemies over dinner - "how not to behave in your local trattoria," as a reviewer puts it.

Some time later, she asks him whether he did kill his sister Connie's (Talia Shire, Coppola's sister) husband, he says "No". She believes him only because she wants to. As the door closes on her expression of passion and contempt, his acolytes gather round him to kiss his hand. This echoes back to the scene where Robert de Niro as the young Vito Corleone is welcomed as the incipient "godfather" of the neighbourhood shortly after he kills the tyrannical Mafia-boss, Fanucci.

The saga spans the period from 1901 to 1959. The third part takes up in 1979 (and comes to the screen nearly twenty years after the release of the first film.)

Pauline Kael, in her 1972 review of "The Godfather II", called "The Godfather I" the greatest gangster movie ever made. Both these films have been eclipsed by Martin Scorsese's "GoodFellas". Having seen the saga again, I am convinced that Scorsese's vision of the Mafia as a metaphor for middle-class consumer society would not have had the impact without Coppola.

What Coppola built with operatic flourish, Scorsese - he by far the better stylist, his editing is far superior, his technique more economical - deconstructs with malicious glee. (Only once does Coppola allow himself



**Al Pacino**

to take himself a little less seriously when he allows the Miami-based underground king, Hyman Roth, to utter a good line: "I loved baseball ever since Arnold Rothstein fixed the World Series in 1919."

Coppola goes for the grand theme (part three offers even grander themes and trips to the Vatican). For him "The Godfather" films are obviously much more than mere gangster films. They are a sort of "Dynasty" with Italians instead of "regular Americans". Coppola's obsession with family relationships is evoked in an expansive and lyrical style, his insistence on equating the evil that men do with the religious rituals they engage in, is expressed in several crosscut scenes. The flashes to and from Michael presiding over a baptism - he becomes the new "godfather" - to his men wiping out the leaders of all the other New York Italian families, are manipulative, and I have to admit, still effective.

The Corleones (and the other five powerful families) become the unofficial rulers of corporate America. The rise and fall of the Corleone family as a metaphor for the birth and decline of the American Empire is all

the more clear in this newly cut version, since the action is chronological.

I have always found it rather ironic that the navigators who first "discovered" America, Amerigo Vespucci and Christopher Columbus, were Italians and yet Italian Americans are seen to be regarded as second-class Americans.

Coppola spends some time elaborating on the ethnic prejudice visited on them. "You try to pass yourselves off as decent Americans," says a Nevada senator, "I despise your kind of people ... with your greasy hair and silk suits."

"We are both part of this hypocrisy," comes Michael's retort, a man who will always exact a terrible revenge, even if he must wait years.

Coppola justifies the presence and behaviour of the Mafia (he never actually uses the term, except in a senate hearing) in America, as a sort of underground revolution.

Coppola's casting of De Niro - glowing, gruff-voiced and speaking the Sicilian dialect, he became a star in films which often did not do him justice - as the young Vito, an elegant Marlon Brando as the old Vito and

the impassive Al Pacino as his son, is nothing short of visionary.

The saga ends at the nadir of Michael's decline with the only flashback in the new cut: A volunteer marine and World War II hero, Michael's future has been mapped out for him by his father. He represents the Corleone family's only chance at legitimacy and after Vito discovers that it was Michael who pulled the trigger on his enemies he says: "I never wanted this for you." Michael did not want it either, which is why Pacino's portrayal is so poignant and riveting.

At first Pacino's face is unclouded, his eyes radiant, his smile diffident, almost wimpish. The gradual corruption of Michael's innocence and his betrayal of his father's legacy is more disturbing given his *raison d'être*. We watch with despair as Michael's initial assertiveness gives way to utter desolation until his face is devoid of expression, his spirit empty.

This brooding, Lear-like individual is the man who seeks redemption and finds an heir in his brother Santino's illegitimate son, Vincent (Andy Garcia) in "The Godfather III".

# Ersatz exiles concert

A "mini exiles concert" in the form of the "Unity 91" music festival is scheduled for Soweto's FNB stadium on Saturday March 23. It will feature a host of recently returned exile musicians.

But don't be fooled - this is not the exile concert. It is an event which wants to bring political organisations together.

The festival was officially launched at a top Johannesburg hotel this week. A spokesman for the organisers, Rare Promotions, said the concert will include internationally renowned performers Caiphus Semenya and his wife Letta Mbulu. The two will be joined by fellow artists in what is billed the most outstanding musical event of the year.

According to the promoters, the concert has been cleared by various political organisations as well as SAMA. Half the proceeds will be channeled to a special trust - to be formed after consultations with all political organisations - that will assist with the resettlement of all returning exiles, irrespective of their political affiliations. In the meantime proceeds will be entrusted to a firm of attorneys.

Asked why only a few of the expatriate musicians are featured in the line up, the promoters said negotiations are at an advanced stage with other exiled artists.

They denied reports that the majority of exile artists refused to take part because of disagreement on the proceeds from the music gala. The promoters conceded diplomatically that Unity 1991 is not the much talked about exile concert.


They explained that trombonist Jonas Gwangwa, just returned home, would not feature on the bill because he is scheduled to go abroad before the concert - necessitated by the recent death of his son.

However, from the grapevine it is rumoured that the Masekela-Makeba-Ibrahim alliance, who are not associated with the Unity concert, will enlist the services of local artists and throw their own concert sometime in April. There might be an element of truth in that. To back my suspicions, two of the afore-mentioned artist are currently at home and they haven't been mentioned whatsoever. Screening agreements have been concluded with the SABC. The concert will be recorded and available on video for those in regions which for technical reasons cannot receive live transmissions.

Some of the big names on the bill include Julian Bahula, Sankomota, Chicco, Brenda Fassie and the African Jazz Pioneers.



*Letta Mbulu and Caiphus Semenya*



*Jonas Gwangwa at Sun Music's launch Sunday night*

*Pic Suzy Bernstein*

Ticket at R25 each are available at Computicket.

## Sun Music launch

South African jazz buffs were treated to a five star performance by musicians during Sun Music Group's album launch at the Market Theatre last Sunday.

A mixture of local and international talent kept the audience's heads a-tapping.

The four new albums lunched were by some of South Africa's most distinguished artists: Abdullah Ibrahim, Jonas Gwangwa, Vuvu Pefile and the Brubeck-Ntoni Afro-cool concept.

Jazz music guru Abdullah Ibrahim proved he is still the lovable Dollar Brand of yesteryear, with jazzophiles begging for more song after song. The audience were held spellbound by his seamless jazz.

Gwangwa, who has been a vital cog in the development of South African music since the historic recording of the first album by a black group in South Africa two decades ago, rendered only two songs. He blew his trombone like a true professional. He outshone and outplayed local musos who were playing as supporting acts. He played with considerable elan if not with much sensitivity.

What made the event remarkable is that it was the first time since the mass exodus of the 60's that a show featured two exiled

artists on South African soil. (Last year some of the former exiles here for a brief visit were cornered to give an individual, almost impromptu performance.)

For us, the music-hungry South Africa which is yearning for the collective performance of all the expatriates artists under one banner, it was not enough - but at least we had something to enthuse about.

Other musicians who gave five star performances included Sipho "Master Blaster" Gumede, Pops Mahomed, Brubeck Ntoni, and Vuvu Pefile.

- PHINEUS TSHUKUDU

## Soli's sharp satire

**TAKE TWO**  
With SOLI PHILANDER  
Directed by ANDREW  
BUCKLAND  
*In the Laager, Market Theatre*

RANDY LE ROUX

IT'S not over till the thin lady demands a standing ovation from the audience.

The lady in question is Soli Philander's wickedly funny creation Rosie September and the applause is thoroughly deserved.

Plaudits are not all Rosie induces: (s)he makes that most intractable of creatures, the South African theatre audience, actively participate in the second half of the show. And we're not talking merely raising the clapping rate; what we have here is a roller-coaster that plucks patrons laughing, protesting or squirming enjoyably into the action.

Rosie engages suburban matrons in saucy dialogue; persuades some of the sedentary mass to venture on stage and transforms them into dance partners; makes razor sharp observations on her clients. Philander's sharp eye and agile wit seize on comic opportunity and milk it to the full.

It's a stunning extempore display, the equal of Evita Bezuidenhout's question fielding in her "Audience with ...". But beware: that's the extent of comparisons. Right off, Rosie rebuts any suggestions that she is an ethnicised Evita clone and then proceeds to demonstrate the veracity of that claim.

Philander emerges as a fine satirist, with an acute grasp of South African peculiarities and absurdities, which he pillories mercilessly. There's not a hint of favouritism or discrimination, as all and sundry come in for sharp lashings.

This tour-de-force is preceded by a superbly directed and performed first half, adapted from interviews in Elaine Durbach's book on District Six. Here Philander assumes various personae in a protean display of acting skills.

Andrew Buckland's input is clearly discernible here, with Philander's changing mien and mannerisms are a pleasure to observe. The sketches are finely wrought, didactic and diverting. Together they provide a moving portrait of a comprehensively dispossessed but unflinchingly resilient people.

"Take Two" is the best thing Soli Philander has yet done. It makes Rosie September a significant theatrical figure and heralds the advent of Philander as a sharp and subtle satirist.

**Galery**  
Standard Bank Sentrum  
h/v Simmonds- en Frederickstraat, Johannesburg

**'n Uitstalling van beeldhouwerk**  
deur  
**Edoardo Villa**  
kan van 6 Maart – 30 Maart 1991 besigtig word

**Galery-ure**  
Maandag - Vrydag 08:00 - 16:30  
Saterdag 08:00 - 12:30  
Om parkering te reël, skakel: (011) 636-4231

**JEANNE GOOSEEN**  
se poepstukke -  
ekskuuus kopstukke  
- van 6 tot 23 Maart  
in die Windybrow.  
Aanvaarbare,  
skoon Afrikaans  
gewaarborg.  
Sandra Prinsloo  
Produksies bied dit  
aan met Lizz  
Meiring en André  
Stoltz as die  
gekwelde  
verlamdes.  
Bespreek by  
Computicket.

# Gehawend en sexy: 'n vrou duisend!

**IMPULSE**

**Regisseur:** Sondra Locke.  
**Met Theresa Russell e.a.**

**JAN KONTERDANS**

**IMPULSE** is 'n spanningsrolprent oor 'n polisielokvink, gespeel deur Theresa Russell. Dis 'n realistiese, aksiebelaaide rolprent. Die titel verwys waarskynlik na die Russel-karakter se werkwyse: sy handel op intuisie en neem besluite op die ingewing van die oomblik. Sy is 'n vrou sien, al is sy so hardgebak soos 'n man.

Sy leef op die mesrand van gevaar en ontsnap net-net deur die regte ding te doen op die regte oomblik. Sonder om te dink, natuurlik. Die prent herbekragtig die 2de-rangse status van die vrou in die samelewings terwyl dit op die oppervlak lyk of dit 'n hardnekke manlike domein vir die vrou opeis. In dié opsig is "Impulse" seksisties. Maar in watter polisiemag ter wêreld sal 'n vrou nie 'n seksistiese posisie beklee nie? Sondra Locke het tog nie 'n feëverhaal

gemaak nie. Sy wys inderdaad sy is 'n regisseur, nie net aktrise nie.

Diegene wat hou van polisierolprente sal gewoond wees aan die onkritiese, selfingenome trant. Dis nou nie juis 'n genre wat die lewe ontleed nie, huh?

Daai Al Pacino-movies is uitsonderings wat die genre self dekonstrueer om iets gans anders te doen. Locke is skerp, maar sy gaan beslis nie haar sleuteltjies op die verkeerde plek indruk nie. Net nou spring 'n monster uit en haar naam haal die rolprentensiklopedies, en wat dan?

Me Locke het per slot van rekening jare by Clint Eastwood gesluit as't ware. Krities is sy dus nie, maar weet van 'n uur of wat se ontspanning. Impulse is oukei, en Theresa Russell is al onder meer in "Bad Timing" gesien.

Die rolprent neem die idee van impulsiwiteit beslis te ver. Wanneer dit lyk of daar geen hoop is om 'n verdwene sleutelgetui in 'n dwelmverhoor te vang nie, wat gebeur? Die lokvink ry huis toe in haar motor ná 'n nag se werk en kry 'n pap wiel. Sy trek in by die kwagga. Terwyl die

werkligkundige by die vulstasie die wiel omruil gaan wag sy in die kroeg oorkant die straat.

Wie nader haar omdat hy gedink het sy is 'n hoer? Die sleutelgetui, die aartsskarminkel homself. Wat hy daar soek, is duister totdat jy die vermiste skakel as leidraad gebruik: die vraag is wat soek sy daar. Antwoord: Haar intuisie, wat wiele op die regte tyd afblaas, het haar soontoe gelei. Sy is beslis baie goed met rubber, want die aartsskarminkel vind haar onweerstaanbaar en hulle gaan saam na sy huis toe. Sy weet nog nie dis hy nie, maar wil sy geld hê om uit die polisielewe te ontsnap. (Hy bied baie geld aan). By die huis word hy vermoor terwyl sy haarself in die badkamer opvars. Met "Impulse" natuurlik. Wat 'n spanningsprent nie alles vir okselhare doen nie?

Wat betref die herbevestiging van uitgediende geslagsrolle: Russell se rol doen vir die vrou se emansipasie wat die Israeliese vrouesoldate daarvoor gedoen het: Sy is goed genoeg om 'n man te wees, veral waar mans self nie mans genoeg daarvoor is nie, solank haar tradisionele vrourol nie in die

gedrang kom nie. Nothing wrong with double vision. 'n Bietjie rolwisseling is mos sexy.

Daar moet nog 'n cop-movie gemaak word wat nie kop uittrek nie - en 'n polisievrou wys wat nie slegs op grond van haar tradisionele vroulike eienskappe polisievrou is nie. 'n Vrou wat nog polies is selfs bokant die lies, as't ware.

Wat werklik verdag is: die polisievrou word as moreel gebreklig uitgebeeld teenoor haar manlike kollega en minnaar. Sy wil op 'n kol die polisiebuit waarvan niemand weet nie, steel. Haar kollega en minnaar "toets" haar, omdat hy weet van haar voorneme, deur haar die sleutels van die motor te gee waarin die buit is. Sy kan daarmee wegry as sy wil, maar sy kom terug. Ah, so 'n goede meisie sien. Of miskien wil sy hom nie verloor nie. 'n Vrou het darem 'n man nodig. Hy sou natuurlik nie daaraan gedink het om die buit te vat nie, te blinkgestyel en platgestryk daarvoor. Anyway, hy gaan polisiehoof word, sy nie.

Russell se spel is deurgaans oortuigend. En sy kan gehawend én sexy lyk. 'n Vrou duisend!

## Vasgenael

**DIE HAASVANGER**

**Deur Dolf van Niekerk**  
**Met Jan Ellis, Lida Meiring,**  
**Louw Verwey e.a.**  
**Regie: Nic van Rensburg**  
**In die Nico Malan-teater**


**ARNOLD BLUMER**

UITEINDELIK het ons nou waarvoor ek so lank al pleit: 'n toneelstuk vir die jeug (12 tot 18 jaar). Dis nou nie so besonders oorspronklik nie, 'n roman verwerk tot drama; ook die tema klink bekend, 'n alleenloper-skoolseun (Jan Ellis), skugter en onseker van homself, wat vanweë sy haasvanger in die veld 'n paar blitsige bene ontwikkel het en nou met Ou Boel (Louw Verwey) se hulp die skool se naam op die atletiekbaan inere herstel. Intussen verbrokkeldie gesin: Ma (Lida Meiring) pak die skuld vir sussie se dood op pa (Neels Coetzee) se skouers, Pa is alewig weg na sy dambouery toe en tussendeurkuier hy by sy houvrou (Lindsay Redman) totdat ma uiteindelik ook van die huis af wegloop.

Dramaturgies werk die stuk met filmiese elemente: kort tonele wat soos filmsnitte aamekaar geryg word; en dan is daar filmsetsels, partykeer uit fokus, maar miskien was die wasigheid so bedoel. Dit het eienaardige vervreemdingseffekte tot gevolg gehad as die "slow-motion" wedloop op die film skielik oorspring na die "Harde werkliekheid" van die atletiekbaan op die verhoog.

Die regisseur behoort die moontlikhede van dubbelmedium-opvoerings verder te ondersoek; Erwin Piscator het reeds in die twintigerjare opwindende ontdekings daarmee gemaak.

Die spelers lewer deurgaans goeie spel binne die beperkinge van die teks. Daar is selfs 'n uitmuntende vertolking van die posmeester se kameerolletjie deur André Rossouw. Maar die belewenis van die aand was vir my die reaksie van die gehoor wat tot 90% uit hoërskoolkinders bestaan het. Dat hulle min of nog nooit in die teater was nie word gewys deur hulle gegiggle terwyl die posmeester per draaiverhoog verskyn: dis tog te potsierlik: En toe Jan Ellis sy klere uit trek en in sy onderbroek onder die komberse inglip was die herrie behoorlik los. Maar tydens pouse is daar heftig gedebatteer oor Kiewiet se ma wat hom so stief behandel. Hierdie kinders het intens meegeleef met die karakters op die verhoog al speel die hele stuk in die jare toet af. En dit laat my vra of ons nie 'n soortgelyke stuk kan kry wat vandag afspeel in 'n stedelike omgewing met hedendaagse kinders se probleme as tema. Hoeveel meer sou dit nie kon bydra om toekomstige teatergehoore te kweek nie.



## Alfred Jarry se 'Ubu' op die planke

*Robert Colman en Charles Comyn is die geldgierige egpaar, Ma en Pa Ubu, in Alfred Jarry se 'Ubu'. Dié toneelstuk, 'n aanklag van magsgug en hebsug, word van 6 Maart in die Upstairs by die Mark-Teater opgevoer. Neil McCarthy behartig die regie. Truk bied ook later vanjaar 'n weergawe van Jarry se stuk aan: in Afrikaans en net in Pretoria*

# Garnale en die geur van rewolusie

DESTYDS toe ons nog geld gehad het om in New Orleans rond te drentel, Franse bubbly te drink en nog seekos ook te eet, nooi 'n boorling van die bekoorlike dorps ons vir 'n garnaal-ete.

Die was 'n tipiese New Orleans-ete, met baie, baie wyn en lageit hier teen middernag (ons Kaapse jollers ken dit altemit goed). Die gasheer het gesweer die garnale wat hy aan ons voorsit, is tipies van die streek. Miskien het hy bedoel Kreools-Cajun-suidelik, so 'n wilde mengelmoes van goddelike smake wat sommiges beweer krokodilvleis ook insluit.

Nou ja die garnale was heerlik. Gemaak met letterlik lepelsvol varsgemaalde swart peper, koppiesvol gesmelte botter, 'n rissie of twee net so heel en dan die heel garnale in hul doppe in dié sous gaargemaak.

En toe ons daardie aand die doppe afstrek en die seekos met smaak en druppende kin opent, het ek besluit: Garnale is vir my. Kreef ook, hoor, en mossels en natuurlik oesters en so aan, maar garnale wat so dierbaar in hul doppie lê, pootjies omhoog, en daardie ogies wat uit die kop vir jou loer... toe maar.

'n Paar jaar later was ek en 'n Amerikaanse student die heellaaste gaste in die befaamde Polana-hotel in Maputo voor Samora Machel dit sy hoofkwatier gemaak het, en daar het ons LM-prawns geëet. Die geur van revolusie in die lug het hulle 'n pikante smaak gegee.

In die Kaap is daar hoofsaaklik drie plekke om garnale te koop. Moenie simpel wees en die goed in 'n restaurant bestel nie, jy sal jammer wees. Koop hulle rou of bevore en maak self tuis gaan. Die prys wissel, dus koop maar by die betroubare



plek soos Lusitania-groothandelaar, of Marpro-viswinkel. Woolworths is altyd 'n goeie roep.

Daar is dosyne verskillende soorte gamale. Die kosbybel Larousse, asook Alan Davidson wat alles weet van seekos, sal dit saam kan uitsorteer, maar ons bly hier vandag by die middelslag-soort wat ons goed ken.

Heel klein garnaltjies, die shrimps, staan my eintlik nie aan nie, hulle is te fynjtjies en sonder smaak en herinner anyway aan shrimp cocktail in die Grand Hotel met pienk sous, of aan daardie ongelooflike sout gereg wat Hollanders as 'n treat aan jou voorsit. Koop jou garnale so groot as jy kan bekostig.

Dis moeite en grillerig om die doppe van rou garnale af te trek. Kook hulle liewers eers. Jy eet die stergedeelte van die dier. In die groottes se sterre is so 'n swart lynnderm wat jy moet uittrek, maar met die kleineres is dit nie nodig nie.

Maak verder so met jou pakkie garnale:

## Gemarineerde garnale

Jy benodig sowat anderhalf kilo gamale, afgedrop of nie, nes jy wil, drie uie, vier dik-snye suurlemoen, 'n handvol pietersielie, 'n skootjie of twee Tabasco na smaak, olyfolie en drie lourierblare.

Meng alles saam in 'n groot bak en pak die garnale in lae daarin.

Marineer vir ses of agt uur vóór jy hulle oor die kole braai, of saggies in die oond in hul marinade gaarmaak.

Ons eet deesdae baie rys - dis goedkoop en vullend en die gegeurde basmati-rys is veral lekker met seekosse. Hiermee dus;

## Maklike garnaal-pilaf

Kook twee koppies rys tot gaar en hou warm oor die kookwater onder 'n vadoek.

Braai twee fyngesnyde uie in olyfolie tot net bruin, en haal uit die pan. Voeg by die pan 'n gekapte huisie knoffel of twee, 'n lepeltjie fyn komynsaad en koljander elk, die sap van twee suurlemoen, 'n paar kerfies vars gemmer, twee stokkies kaneel of kassia asook een koppie wyn.

Kook die mengsel vir 15 minute. Voeg dan 'n paar stukkies witvis in blokkies, asook 'n handvol heel garnale by. Kook tot net gaar en proe vir sout en peper. Haal die stukkie kaneel of kassia uit.

Keer die rys uit in 'n groot opdienbak en meng die seekos en sous met die rys.

Roer 'n hele paar keer deur en skep op

met ekstra suurlemenskyfies en dark Tabasco. As jy hou van brand skep lepeltjiesvol rissiesous oor jou bakkie pilaf.

Vaniewers south of the American border kom die heerlike manier om garnale- en ander vis soms gaar te maak deur dit oomag in suur lemmetjie- of suurlemensap te marineer. Die suur vrugtesap maak inderdaad die fyn vleis spierwit en gaar sonder dat dit gekook hoeft te word.

Hierby maak hulle 'n bakvol gladde avokadopeersous soos guacamole - gegeur met uie, Tabasco, knoffel en stukkies tamatie en elkeen doop sy bordjie garnale een vir een in die doopsous. Dis 'n vreemde maar fyn smaak, glad nie ryk of olierig nie.

Jy kan natuurlik ook garnale soos enige seekos delikaat gaar posjeer in visafreksel. Bedien hulle dan elegant (haal die doppe af) met 'n tuisgemakte groen mayonnaise of rémoulade-sous.

Uit Katalonië kom 'n resep vir garnaalsous wat ek rellig nie wil probeer nie, maar dit staan vers en kapittel in Larousse opgeteken: Maak 'n sous van onversoete sjokolade, tamaties, amandels, haselneute en peper. Voeg garnale by.

Sal 'n avontuurlike leser dit probeer en kom vertel hoe dit was?

## Die einde van die wêreld



Antoinette Kellerman

## Kellerman en Taylor kry Fleur du Cap-toneelpryse

Die Fleur Du Cap toneelpryse vir 1990 is onlangs bekend gemaak. Sean Taylor en Antoinette Kellerman is as beste akteurs aangewys. Taylor vir sy vertolking van Rene Gallimard in Pieter Toerien se "M Butterly" en Kellerman vir haar rol as Helena Alving in Kruik se "Spoke".

Christopher Weare is as die beste regisseur aangewys vir sy regie van "East", 'n Baxterproduksie.

Ralph Lawson is die beste ondersteunende akteur vir sy vertolking van die hertog van York in "Richard II" en Elma van Wijk is as die beste ondersteunende aktrise vir haar rol as Honey in "Who's afraid of Virginia Woolf" aangewys.

Deon Opperman se "Stille Nag" is as die beste inheemse teks aangewys. Camilla Waldman van die Universiteit Kaapstad is as die beste student aangewys.

Die "Rosalie van der Gucht-prys vir regisseurs" is deur Chris Weare gewen.

## dié week by die MARK-TEATER

### MARK-TEATER

#### SHADOLANDS

deur William Nicholson

Regie deur JANICE HONEYMAN - Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Norman Coombes

Ma tot Vr 8nm; Sa 5.45nm en 9nm

#### upstairs by die MARK-TEATER

Ma - Vr 8:15nm. Sa 6.15nm & 9:15nm

ANDREW BUCKLAND in sy 'Ugly Noo Noo'

Regie: Janet Buckland  
A hilarious winner every time - GM, Star Tonight!

#### KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So 9nm  
Sarafina Band

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040  
Johannesburgse Vloolmark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm  
Nieuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9vm tot 4nm.

#### Warehouse by die Mark-Teater

PIETER-DIRK UYS en LIZZ MEIRING in

An Audience with Evita Bezuidenhout - The Ultimate Indaba with Bokkie Bam

Di tot So 8:30nm; aandete 7nm

## Internasionale danser

JAMES Saunders, 'n choreograaf van Duitsland, is dans as gas van die Dance Alliance in Suid-Afrika. Tydens sy verblyf sal hy talle werkswinkels in Johannesburg en Soweto aanbied.

Nadat hy sy studies in beeldhouwerk en skilder voltooi het, spits hy hom voltyds toe op die studie van ballet. As 'n professionele danser het hy vir die Pennsylvania Balletgroep, Béjart se Ballet vir die twintigste eeu, Tanz-Forum Cologne en die Frankfurt-ballet gedans. Die werke het gestrek van Balanchine, Van Manen en Spoerli tot Tetley, Bruce en Beatty.

Sedert 1976 het Saunders as 'n choreograaf gefokus op nuwe, jong talent. In 1977 en 1979 het hy deelgeneem aan die eerste Gulbenkian Choreografie-Somerskool in Guildford in Brittanje.

Hy tree vandeelsweek op in "Bridge Over Time" 'n solo in drie dele vir die AA Life Vita Danssambrel.

# Gee ons eerder 'n lekker skinderversessie as 'n goeie saak

**ELMARI RAUTENBACH**  
skryf oor TV

TELEVISIE is 'n onregverdige medium. Hoe dikwels gebeur dit nie dat die beeld waarmee die kyker gelaat word ná afloop van 'n program ge- "kleur" is deur faktore wat met die onderwerp van daardie program niks te make het nie.

Kyk nou maar na twee onderhoude wat dié week met onderskeidelik twee bekendes gevoer is. Op M-Net se "Carte Blanche" Sondagaand het ons vir Ruda Landman in gesprek gehad met dr. Willem de Klerk, terwyl "Dr. John Maree: 'n Man met visie", 'n dokumentêre program op TV1 was waarin die voorsitter van Eskom met 'n gesiglose onderhoudvoerder gesels het. Waar albei mans iets gehad het om vir TV-kykers te sê, was die "Carte Blanche"-onderhoud boeiend en interessant, terwyl die Maree-profiel 'n mens uiteindelik met net 'n dodelike verveeldheid gelaat het.

Hoekom?

Met die De Klerk-onderhoud het ons reeds 'n onderwerp gehad wat die kykers prikkel: dr. De Klerk het gesels oor die boek wat hy geskryf het oor sy broer, die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk. Dié boek, "F.W. de Klerk, die man en sy tyd", het pas verskyn. Dit is algemeen bekend dat daar tye was dat dr. De Klerk en sy broer in hul politieke sieninge radikaal van mekaar verskil het. Selfs die grootste politieke leek sou graag wou hoor wat die skrywer te sê het oor daardie tyden watter verhouding hy nou met sy broer het. (Daar is niets soos die geur van 'n lekker skinderversessie om mense te laat regop sit nie!)

Maar selfs die mees belowende onderwerp kan vaal word as die vroeë daaroor nie indringend, krities, miskien soms selfs 'n bietjie omstrede is nie. En dit is presies wat Ruda gedoen het toe sy dr. De Klerk begin uitvra het oor die teenstrydigheid rondom mnr. De Klerk se sogenaamde politieke "bekering" en sy rol as die kritiese koerantman.

Die "Carte Blanche"-onderhoud is ook lewendig aangebied. Daar is ruim gebruik gemaak van ou foto's en bykomende filmmateriaal ter illustrasie, en die twee mense is ook nooit toegelaat om té lank vas te val op dieselfde stoel nie.

Wat sy onderwerp betref, het die John Maree-profiel reeds 'n agterstand gehad: dr. Maree is weliswaar 'n bekende in sakekringe, maar die breër publiek sal nie sommer sy naam herken nie. En hoewel dr. Maree klaarblyklik 'n dinamiese sakeman is en 'n indrukwekkende loopbaan het, is dit nie noodwendig interessante materiaal vir 'n TV-program van 26 minute nie. Die regisseur moes dus ekstra moeite doen om sy materiaal só lewendig moontlik aan te bied.

En Louw van der Merwe het probeer: die dramaturg Deon Opperman is gevra om die teks te skryf. Nic Swanepoel het die leeswerk gedoeno in sy bekende fluweelstem. Maar televisie is nou een maal 'n visuele medium en eindeloze skote van mense agter, voor of op lessenaar met net rekvisiete wat verander na gelang van die onderwerp van bespreking ('n elektriese skakelbord vir Eskom, 'n kanonnetjie vir Krygkor, 'n skinkbord met koppies en 'n teepot vir die kinderjare) is beslis nie goeie TV-materiaal nie.

'n Goeie voorbeeld van die vervelige



"The Making of 'Dances with Wolves'" word Maandag om 10:35nm op M-Net vertoon

regie wat dié program in sy geheel gekenmerk het, was die skoot van eers 'n leë kantoor en gang, dan 'n man wat in die gang afgestap kom, op die lessenaar gaan sit en begin met sy huldeblyk.

Die één onderwerp wat 'n ligpunt kon wees in die program, dr. Maree se sieninge oor atoomenergie en sy houding ten opsigte van die omstredenheid rondom Koeberg se ligging, is aangehandel in skaars 'n minuut.

Dit bring 'n mens uiteindelik by die slotsom: maak nie saak hoe goed jou saak is nie, meer is nodig om 'n goeie TV-program te maak. En neem jy dit nie in ag nie, kan jy jou onderwerp skade aandoen - soms ten onregte.

## O, die smart van grootword

SOWAT vyf jaar gelede het die SAUK al gewonder wat die beste tydgleuf sou wees vir die Kanadese jeugreeks "Degrassi Junior High". Nou uiteindelik begin dié reeks Maandagmiddag in die heel geskikte tydgleuf van 4:30nm. op TV1.

Die rede hoekom die TV-base destyds onseker was oor wat 'n geskikte kykgleuf sou wees vir die reeks was omdat hulle die reeks graag wou skeudeleer in 'n tyd wat geskik sou wees vir sowel die teikengehoor, tieners, as hul ouers.

"Degrassi Junior High" is 'n besonderse reeks in dié sin dat dit lekker op-en-wakker stories het wat spreek tot tieners, maar terselfdertyd dié vermaak combineer met spesifieke probleme van adolossensie, soos die druk wat 'n tiener se portuurgroep op hom kan uitoeft, tienerswangerskap en aborsie, dwelmmisbruik, of die emosionele probleme wat kinders van enkelouers ervaar. Ook word die probleme in die algemeen baie reguit behandel - só reguit by tye dat die TV1-base gevoel het dat moet ouers saamkyk om te kan raad gee of verduidelik waar nodig.

Hoewel "Degrassi Junior High" ná vyf jaar glad nie meer so omstrede lyk soos toe nie, is dit tog verkiekslik dat ouers saamkyk na 'n reeks soos dié - al is dit dan net om miskien meer te leer omtrent hul kinders se smake en te sien met watter probleme hulle kinder identifiseer.

Die eerste episode is beslis nie die beste van die reeks nie. Later kom daar egter episodes wat lewendig genoeg is om enige tiener se aandag te prikkel, maar steeds probleme op 'n verantwoordelike manier uitgespel en oplossings aanbied. In die reeks word ook klem gelê op die feit dat kinders self moet leer om hul probleme raak te sien, dit te identifiseer en 'n oplossing daarvoor te vind.

## 'Dr. Kildare' in Hawaii

DIE SAUK gaan ongelukkig nie altyd soomsig met sy skedulering om nie - en veral nie waar dit sy volwasse kykers raak nie. Die oogmerk van skedulering is tog

immers om te probeer om goeie programme en vermaakklike programme (en die twee is dikwels nie dieselfde nie) só te plaas dat dit deurso 'n groot gehoor moontlik geniet kan word. Die SAUK volg egter nou al so lank 'n beleid van mag-dit-tref dat 'n mens al amper verwag die beste programme word net duskant middernag uitgesai.

Terwyl ons sit met opgewarmde reekse soos die armsalige "Dynasty" (kyk iemand nog?), of die slakkepas van al die oorgeklanke Duitse programme word 'n heerlik spitsvondige reeks soos "Lenny" weggesteek om 11:30nm. op 'n Dinsdagavond, en 'n lekker ou tranetrekker-hospitaalreeks, "Island Son" om 10:24nm. op 'n Maandagavond.

In dié nuwe TV4-reeks is Richard Chamberlain 'n mediese dokter in Hawaii en dis nie al nie, hy is boonop die aangenome seun van 'n Hawaïaanse egpaar. Dit beteken natuurlik hy ken al die ou gebruikte en rituele van die eilandbewoners. Kyk, Chamberlain is geen Costner nie, maar daar is min akteurs wat by hom kan kers vashou as dit kom by lekker, sappige, outydse TV-vermaak. En in dié reeks is die las swaar op die traankliere!

## Bloedstollende sielkundige rilreeks

HEELTEMAL van 'n ander aard is die uitmuntende, uiter spannende mini-reeks "Echoes in the Darkness", wat Woensdagavond om 9:04nm. op TV4 begin. Die reeks is gegronde op Joseph Wambaugh (ook die skrywer van "The Onion Field") se roman oor die werklike polisie-soektog na en verhoor van die moordenaars verantwoordelik vir die sogenaamde "Mainline Murders".

Die bizarre verhaal begin in 1979 met die ontdekking van die verminkte, naak lyk van 'n geskeide onderwyseres, Susan Reinert (Stockard Channing), in die bak van haar motor. Die verhaal kry 'n verdere diaboliese kinkel wanneer die polisie uitvind haar twee jong kinders was saam met haar in die motor en het spoorloos verdwyn. Die soektog word aangevoer deur die Pennsilvaniese polisieaan Jack Holtz (Gary Cole), wat daarvan oortuig is die moordenaars is die Engelse onderwyser William Bradfield (Peter Coyote), 'n manipuleerde uitnemendheid, en die skoolhoof, dr. Jay Smith (Robert Loggia), 'n man met 'n voorliefde vir pomo-seks en sado-masochisme. Holtz het egter nie genoeg bewyse om sy teorie te staaf nie. Dit is eers wanneer nuwe getuienis aan die lig kom en hy hulp kry van 'n FBI-agent (Treat Williams) dat die net al nouer trek om Bradfield - sewe jaar ná die moord...

Die regisseur Glenn Jordan, wat daarin geslaag het om hier 'n geloofbare, maar ontstellende prentjie te skilder van die verwrone werkinge van 'n psigopaat se brein.

## Spesiaal vir rolprentfanatici

ROLPRENT bly maar die gewildste vorm van vermaak - iets wat M-Net beslis weet. Nou het die betaalkanaal nog 'n nuutjie vir sy rolprentgeesdriftiges: 'n weeklike program, "Box-Office America", waarin gekyk word na die week se gewildste Amerikaanse fliks.

Die reeks begin vanoggend om 12:05nm.

Ook vir flielustiges en veral aanhangers van Robert Redford is die dokumentêre program, "Robert Redford, Sydney Pollack: The Men and their Movies" mōreandaan om 8:20nm. op M-Net.

Pollack en Redford het heelparty prente saam gemaak, waarvan die bekendstes seker is "Out of Africa" en "Electric Horseman". In dié program word 'n intieme kykie gegee in die persoonlikhede van dié twee rolprentname.

Die beste rolprente van die naweek is toevallig albei op TV1 mōreandaan: eers "The Man who would be King" om 9:30nm., 'n prent deur die regisseur John Huston, wat gegronde is op 'n Rudyard Kipling-verhaal. Hierin is Sean Connery 'n oud-Britse offisier wat in 'n primitiewe land as koning gekroon word - tot die irritasie van sy vriend, gespeel deur Michael Caine.

Net hierna kom "Alice doesn't live here any more" om 11:40nm. aan die beurt, 'n komedie met - van alle mense - Martin Scorsese as die regisseur. Ellen Burstyn het 'n Oscar as beste aktrise ontvang vir haar spel as 'n 35-jarige weduwe wat saam met haar jong seun 'n nuwe lewe loop soek. Pauline Kael noem dit: "Full of funny malice and breakneck vitality", "absorbing and intelligent".

## Hoogtepunte:

Vandag:

\* "Reds" om 7nm. op M-Net, met Warren Beatty as John Reed, die Amerikaanse joernalis, aktivis en Kommunist, wat in Rusland begrawe lê.

Môre:

\* Die twee TV1-fliks, "The Man who would be King" en "Alice doesn't live here any more" om 9:30nm. en 11:40nm.

\* 'n Her-uitsending van die Grammys om 11vm. op M-Net.

\* "Elton John: Tour de Force" om 2nm. op M-Net, die laaste konsert van Elton se toer deur Australië.

\* "Elvis - His '68 Comeback Special" om 7nm. op M-Net, Elvis se "terugkeer" na TV op 3 Desember 1968.

Sondag:

\* "The Tender Trap" om 9:04nm. op TV4, met Debbie Reynolds (wat deur Shiley MacLaine gespeel word in "Postcards from the Edge") en Frank Sinatra.

Maandag:

\* "Degrassi Junior High" om 4:30nm. op TV1.

\* "The Making of 'Dances with Wolves'" om 10:35nm. op M-Net, Kevin Costner se triomf.

Dinsdag:

\* "The Best of British" om 9:55nm. op TV1 bekijk die bo-natuurlike in Britse fliks.

\* "Lenny" om 11:43nm. op TV4.

Woensdag:

\* "The Big Town" om 9:15nm. op M-Net. Matt Dillon is 'n jong dobbelaar met 'n "goue arm" in Chicago in die jare vyftig.

\* "Knight and Day" om 7:30nm. op TV1, 'n nuwe komediereeks wat afspeel in die jare veertig in 'n radiostasie. Met Jack Padden en Mason Adams as twee omroepers wat beroemd was as 'n span, maar uitmekaar gegaan het nadat albei op dieselfde vrou verlief geraak het.

Donderdag:

\* "In Stukkie paradys", 'n nuwe reeks met Lindsay Wagner as die direktrise van 'n wildreservaat. Om 7:05nm. op TV1.

\* "Austin Encore" om 11:41nm. op TV4, met Kris Kristofferson.

\* "Hill Street Blues" om 8:35nm. op TV1, wat nuwe lewe gekry het met draaiboeke deur David Mamet.

# Vrye Weekblad

## Die doodstraf

Die moratorium op die doodstraf het dié week verval. Die minister van Justisie, Kobi Coetsee, het dié week in die parlement aangekondig dat die 22-jarige Paul Bezuidenhout Dinsdag gehang sal word weens die moord op twee vroue in 1988.

Dit gaan 'n donker dag wees vir Suid-Afrika. 'n Reuse stap agteruit.

Volgens die Menseregte-kommissie is 325 mense tans in die dodeselle waarvan 55 weens politieke dade skuldig bevind is.

Die laksman gaan besig wees.

Die afgelope vyf jaar is 627 Suid-Afrikaners gehang. Toe die doodstraf nog in Brittanje gegeld het, het dit hulle 50 jaar geneem om soveel mense te hang.

Dit is 'n klad op Suid-Afrika en 'n bespotting van ons aansprake dat ons 'n "beskaafde land" is.

Kom ons kyk wat gebeur as iemand gehang word. 'n Tou word om die veroordeelde se nek gebind en dan val die vloer weg. Dr Chris Barnard het dit al sō beskryf: "The man's spinal chord wil rupture at the point where it enters the skull, electro-chemical discharges will send his limbs flailing in a grotesque dance, eyes and tongue will start from the facial apertures under the assault of the rope and his bowels and bladder may simultaneously void themselves to soil the legs and drip unto the floor."

Hoeveel meer barbaars kan die dood van 'n mens wees? En dan is dit in die naam van die staat, van die mense, van reg en geregtigheid.

Veral in ons gemeenskap is gewelddadige misdaad die produk van 'n gewelddadige, getraumatiseerde gemeenskap.

Die verdere geweld van die galg gaan dit nie verander nie.

Ons vind dit bitter jammer dat die regering dit nie oor hul harte kon kry om die moratorium te verleng tot die dag dat Suid-Afrika 'n nuwe grondwet kry nie.

Want sekerlik gaan ons dié barbaarse gebruik nie in die Nuwe Suid-Afrika toelaat nie.

## Die oorlog

Met die skrywe hiervan het dit gelyk asof die oorlog in die Persiese Golf op 'n einde gekom het.

Die mensdom kan net dankbaar wees dat die apokaliptiese scenario's wat voor die oorlog geskets is, toe nie gerealiseer het nie.

Nou dat die patriotisme en die dapperheid van die seuns van dié lande wat aan die oorlog deelgeneem het, begin vervaag, begin die nabetrating. Wathet die oorlog aan menselewens gekos? Watter lyding en pyt het dit aan hoeveel mense veroorsaak? En wat het dit opgelos?

'n Mens kan net hoop die wêreld - ook die mense van Irak - besef opnuut: oorlog is altyd boos.

Kom ons hoop die oorlog was nie heeltemal vergeefs nie.

'n Mens kan net hoop Saddam Hoesein is sō verneder dat hy nie weer enige imperialistiese neigings op buurstate sal toepas nie. Hopelik is dié Moeder van alle nederlae die einde van hom.

'n Mens hoop ook die Moslem-fundamentaliste in alle nasies wat Saddam so emosioneel gesteun het, ook Suid-Afrika, nou koeler en rustiger na dié soort optrede sal kyk.

Maar bowenmal moet die internasionale gemeenskap sorg dat die Golf-oorlog ook gaan leitot 'n oplossing van die Palestynse kwessie wat die Midde-Ooste nou al dekades lank in 'n konflik-situasie hou.

Saddam Hoesein het nou al die Veiligheidsraad se resolusies aanvaar.

Ons mag nie vergeet nie dat die Veiligheidsraad amper 23 jaar gelede 'n resolusie aanvaar het wat tot vandag toe nie nagekom is nie: Resolusie 242, waarin Israel aangesê is om aan die Wes-oewer, die Gasa-strook en die Golan-hoogtes te onttrek.

Die magte wat so bloedig teen Saddam geveg het, behoort nou ewe energiek toe te sien dat dié resolusies ook uitgevoer word.


Dit was 'n wonderwerk dat Israel soveel selfbeheersing aan die dag gelê het en nie self aan die oorlog begin deelneem het nadat Irak dié land met missiele bestook het nie.

Die regering en mense van dié land moet nou aangemoedig word om verdere verantwoordelikheid aan die dag te lê in die belang van wêrelvdvrede en die Palestynse hul regmatige plek in dié deel van die wêreld te gun.

Ons wag veral op president George Bush, president Francois Mitterrand en premier John Major om spoedig sterk inisiatiewe in dié verband te neem.

Sanksies en boikotte het in die geval van Suid-Afrika gewerk.

## Die Moeder van alle Oorloë?



### BRIEWE

Vrye Weekblad plaas graag brieue wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Brieue korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om brieue te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Brieue, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.

## Gays welkom, solank hulle nie gay lyk nie

**Herman Lategan van Groenpunt skryf:**

'n Ruk gelede het twee vriende van my met twee Britse gaste in Knysna gaan kuier. Hulle het 'n paar maande vroeër reedshulle plek in die Yellowwood Lodge in Knysna bespreek en daarvoor betaal. Met hulle aankoms het die eienaar van die Lodge en sy vrou, Nic en Isabella van der Walt, hulle kortaf meegedeel dat hulle nie welkom is nie, omdat die Lodge vol families met kinders is. My vriende is toe geskok daar weg.

Daarna het ek met my Van der Walt gesels oor die voorval. Sy onthou dit goed en sê ek is heeltemal verkeerd om hulle homofobies te noem. Die Lodge laat wel gay paartjies toe, maar dan moet hulle net nie gay lyk nie. Sy onthou dat een van die vier mans verwyf was en dat haar man onmiddellik nie van hom gehou het nie. Hy sou die beeld wat die Lodge probeer uitdra, skade berokken.

Boonop, as hulle vooraf bewus was van die feit dat dit twee gay paartjies was, sou hulle nie die kamers met die twee queenbeddens (excuse the pun!) gekry het nie, omdat gays (wat nie verwyf lyk nie) gewoonlik die dubbelkamers met die enkelbeddens kry. Sy het my ook gedreig en gewaarsku dat as ek voortgaan met die brief, hulle my gaan dagvaa.

Ek voel om die Yellowwood Lodge te ondersteun, dieselfde is as om die eienaars se pasé en motgevreve idees oor die lewe en oor hóé ander mense behoort te wees, te ondersteun. Mag hulle eendag tot ander insigte kom, maar tot dan is daar gewis nie plek vir hulle in die nuwe Suid-Afrika nie! (Moontlike lasterlikhede uitgehaal - Red)

### Een bloed

**Franz Auerbach van Berea, Johannesburg skryf:**

Die mense wat 'n Afrikaner-tuisland bepleit, is blykbaar nie bewus van ons geskiedenis nie: Nog in die Boere-republieke, nog in enige ander Suid-Afrikaanse staat het daar net witmense gebly.

In die verlede het ons wel "ander" Suid-Afrikaners wat naby gewoon en saam met ons gewerk het, gewone menseregte ontsê, en sonder hulle toestemming wette gemaak wat hulle moes gehoorsaam. Maar

dit gee ons nie die reg om dié mense vandaag te ignoreer of te verskuif nie.

Hoe kon die Departement Waterewe die Orania-gebied verkoop sonder om die mense wat daar woon - al die mense - teen gedwonge verskuwing te beskerm? Blybaar is daar 600 of meer mense wat in dié gebied woon en net weens velkleur verskuif sal word.

Mnr Fick, wat nog net ses maande daar woon, sê net: "Mense moes nog altyd hulself ontwortel en wegtrek." Asof vrywillig wegtrek met gedwonge verskuwing verglyk kan word!

Wanneer sal ons regse broers en susters aanvaar dat ons almal uit een bloed geskape is?

(Brief verkort - Red)

### Come off it

**Chris Claassen van Pretoria skryf:**

U onderskrif by die Amerikaanse advertensie vir 'n T-hemp waarop Saddam 'n kameelhol is, lui: "Sé veel vir dié nasie se mentaliteit..." (VWB, 22 Februarie 1991). Come off it. Dis een opportunistiese maatskappytjie wat 'n vinnige dollar wil maak. Om die ganse Amerikaanse nasie aan een T-hemp te meet, is 'n holle stelling (as u die woordspeling sal verskoon!).

### Namibia/Namibië

**Fanie Olivier van Louis Trichardt skryf:**

Net toe ek begin dink julle het aanvaar dat daar 'n redelike eenvormigheid in spelwyse is wat niks met die stryd te doen het nie, duik "Namibia" met sy -a waaragtig weer op. Kop en all!

Die Italianers praat van "Italia", die mense van Wes-Afrika van "Nigeria", byvoorbeeld, maar terselfdertyd het ons in Afrikaans nog altyd reggekom met "Nigerië" en "Italië". Kyk maar na al die ander voorbeeldde ook.

Waarom die belaglike voortfoery met -a en die gevolglike diskriminasie teen Namibië.

Terloops: in Afrikaans het jy verder "iets gemeen met" iemand (nie "in gemeen met" nie - dit staan ook in 'n opschrift) en ons beste vriend is nie "die man op die straat" nie, maar "die man op straat" of "Jan Alle-

man". Albei is buitenland korter en beter vir 'n koerantman.

(Die vrou op straat beteken natuurlik weer heel moontlik iets anders...)

(Dié Namibië/Namibia-debat is lankal reeds gevoer én afgehandel - Red)

### Word wakker

**Gustav van Kaapstad skryf:**

Daar word gereeld ligweg verwys na "ons" of "my" land. Die politici herinner ons ook voortdurend daaraan dat dié "ons" land is en dat ons trots daarop moet wees. Party van ons lewer soms selfs die "ultimate" offer vir "ons" land.

Maar wat beteken dié "eiendomsreg" in die alledaagse praktyk? Vir my lê dit opgesluit in 'n gemeenskaplike ekonomiese, 'n gemeenskaplike daagliks lewe onderskryf deur gemeenskaplike waardes asook 'n gemeenskaplike natuurvernis en omgewing.

Daarom kan ons met reg iemand aanspreek as hy of sy iets doen wat die ekonomiese, opvoeding, vredesame naastestaan ensvoorts openk.

Dit is vanuit dié konteks dat ek nou deel van my "eiendomsreg" op die land uitoefen. Mnr Kruger van Bankorp en Sol Kerzner gaan soek vir julle 'n ander plek om julle geld te maak! Sandybaai behoort aan ons almal en dit gaan so bly.

Dit is tyd dat die sakeman in Suid-Afrika besef dat profyt nie 'n heilige koei is nie. Jy moet jou besigheid en jou eiendom met verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap aanwend.

Dit is ook tyd dat jy, Jan Publiek, wakkerskrik en jou regte uitoefen, anders word Tafelberg nog onder jou gat uitverkoop.

### Go for it

**LSM Claassen van Eersterivier skryf:**

Although in a late response, I must congratulate you. You have brought a new dimension to publishing the facts behind the story. I am willing to walk with you... all the way.

Vrye Weekblad is what we expect the new South Africa to be like. Let's go for it.

Aits! Hoe liggeraak raak die manne by die Nasionale Pers darem nie hier in die Nuwe Suid-Afrika met sy Onafhanklike Joernalistiek en Verantwoordelike Beriggewing nie!

Wimpie de Klerk, broer van FW, was die redakteur van Rapport. In die flapteks van sy nuwe boek oor sy broer staan daar: "Uit protes teen inmenging deur Staatspresident PW Botha in sy koerant en politieke joernalistiek het hy as hoofredakteur van Rapport bedank..."

Dit so min of meer algemene kennis.

Maar dié week kom 'n rubriekskrywer in Beeld en vaar uit teen Wimpie: "As dr De Klerk toegelaat het dat hy uit sy pos gedryf word, dan moet hy die skuld net by homself soek. Geen ander redakteur van die Nasionale Pers het al toegelaat dat politici hulle op so'n manier in sy sake inmeng nie."

En dan gee die skrywer voorbeeld van hoe "aanslae" van John Vorster en PW Botha deur redakteurs afgeweert is.

#### Skaam-kwaad.

Want dit is so dat nie een van die resente Nasionale Pers-redakteurs nou juis die regering of die Nasionale Party van voor af aangevat het nie. (Miskien net Johannes Grosskopf, en met sy gal het Nasionale Pers self gewerk voordat die regering dit behoorlik kon doen.)

Die een voorbeeld wat die rubriekskrywer noem, is dié van John Vorster wat wou hê Schalk Pienaar moes rubrike in Die Beeld deur Denis Worrall en André Brink laat daar. Dit is geweier.

Maar het Beeld of Die Burger ooit vir John Vorster of PW Botha kaalkop aangevat oor hul beleidsrigtings waaraan Beeld self en Nasionaliste nou die een na die ander om vergifnis vra?

Nie so dat 'n mens dit kon agterkom nie.

Om die waarheid te sê, Brolloks kan onthou dat dié twee sisterskoerante nogal bankvas agter PW geslaan het totdat die arme man 'n beroerte-aanval gekry het. Eers toe is die lang messe uitgehaal. En toe skop hulle hom toe hy lê - en dank sommer vir Rozanne as rubriekskrywer af!

Dalk moet die betrokke rubriekskrywer net oorweeg dat Willem

# Skaam-kwaad in die nuwe Suid-Afrika

de Klerk dalk nie net een of twee gewaagde hoofartikeltjies geskryf nie, maar dat sy hele filosofiese aanslag op die politiek en staatkunde basies van dié van PW Botha ver-skillet.

Maar deesdae is ons mos almal waagmoedig, want FW de Klerk is nie net die soort persoon wat nie inmeng nie, hy is boonop die Nasionale Pers vóór in sy politieke denke.

\* Dit smaak Brolloks dié rubriekskrywer protesteer dalk net 'n bietjie te veel.

#### Kierankies

Kierankies sal braai, het Bittergal se oupa altyd gesê. En daar begin Veldmaarskalk Magnus dit nou ookervaar:

Die monster wat hy help skep het, die Burgerlike Samewer-

kingsburo, begin nou vir hom grom. Dié dat hy nou wil dekrete uitvaardig dat die ontevreden BSB-manne hom nie mag dagvaar vir pensioen nie.

Vandesweek het van die ontevreden BSB-manne 'n dokument bekend gemaak waarin hulle Malan en sy manne se integriteit kwaai bevraagteken.

Die BSB is deur manne in die hoogste plekke gevorm en gesteun as 'n koverte organisasie wat "die land se vyande moes uitroeи met metodes wat die res van die veiligheidsmagte nie kon gebruik nie", se die manne in die stuk.

Die Weermag, gaan hulle voort, het hulle in dié "boosheid" betrek sonder om te dink aan die politieke gevolge, en nou weier hulle om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

"Could the bureaucrats not see in

1986 that these 'murderous scum' would lead to political embarrassment? Is the label now being hung around their necks for convenience?" vra die BSB-manne.

\* Ja-nee. Daar is nie eens meer eer onder diewe nie.

#### We waz robbed

Welcome Ncita, die wêreld junior veergewig-bokskampioen van Suid-Afrika, klim toe in die kryt om sy titel teen "Sugar Baby" Rohas, die geharde Columbiaanse Amerikaan en gewese wêreldkampioen, te verdig. M-Net is daar en Brolloks kyk.

(En vir dié van julle wat nie weet nie, Nkosi Sikele' fs die Suid-Afrikaanse Volkslied, maar net op M-Net se Engelse kanaal. Die Suid-Afrikaanse Volkslied op M-Net se Afrikaanse kanaal is, wel, doodse



**BROLLOKS EN BITTERGAL**

stilte.)

Die geveg begin en Ncita dans, en Rohas neuk hom. Dan dans Ncita dié kant toe en Rohas neuk hom. Ncita dans daai kant toe, en Rohas neuk hom. Kortom: Ncita word deeglik verpletter en gaan twee keer grond toe. Twee keer. Rohas lag reeds aan die einde van die 11e rondte van die geveg oor 12 rondtes, want hy weet, sy come-back het gewerk. 'n Man weet mos as hy gewen het. Maar nee, Rohas se uitbundigheid was van korte duur. Die beoordelaars se uitslag oortref alle verwagtinge - Ncita bly die kampioen.

Brolloks is nou nie 'n grootse bokskennner nie, maar hy kan sien as iemand op sy moer kry, en Ncita het op sy moer gekry en hy het dit ook geweet. Want daar staan Ncita toe na die verrassende uitslag, met sy hande so halfhartig omhoog, skaamskaam en rondtrap en nie juis gretig om sy briesende teenstander in die oë te kyk nie.

\* Nou wonder Brolloks of affirmative action nie te ver gevoer word nie? En of doodse stilte beter is as 'n gebed dat Afrika gesê moet word?

#### Vat alles

Sommer vinnige voetwerk, dié naam wat nou aan die nuwe belasting gegee word: BTW.

Bittergal glo soos met Aids wat niemand Vigs noem nie, moet ons ook maar van VAT praat.

\* Want dis mos waar: Barend gaan alles VAT.

**PENTHOUSE**  
THE INTERNATIONAL MAGAZINE FOR MEN

BUTHELEZI  
MAN IN THE MIDDLE  
BY LOUIS DU BUSSON

THE SOVIET EMPIRE'S SELF-DESTRUCTION  
BY HARRISON E. SAULSBURY

CHRISTIAN BRAEND'S LOVER Tells All  
BY ROBERT STONE

PET PICTORIAL  
COOL GINGER

PLUS:  
SMART SEX  
SPORT  
TRAVEL  
RIGHT STUFF  
SUPER-SLEEK CAR FARE

,,Start panting,,  
Penthouse is here

The International Magazine for Men. Sizzling with hot features, viewpoints... vive la difference! And oh what heavenly bodies. Take off to CNA and get your copy.

Hou die Pet of the Year-kompetisie wat in dié uitgawe van Penthouse aangekondig word dalk verband met die feit dat hulle belangrikste artikel oor Mangosuthu Buthelezi handel?

VRINDE, die koddigste wit gedoen-tjetjes pop uit die woestyngrond op. Kan dit mushrooms wees? Seg Oswald hy twyfel, nie genoeg fosfate in die grond nie.

Kyk mooi, geliefdes, en julle sal sien dit is vlaggies.

Goeie genade, sou onsenigste en kosbare verlore Springbok die pad so byster geraak het dat hy nou ewers in die woestyn rondvaar in sy gedoeende seiljag? Seg Miesies Klaagvoort praat van 'n ship of the desert. Maardaar is te veel vlaggies. En onse Springbok seil nie waar daar ander skepe is nie.

Vrinde, dit is jou wrat tag die Saddamite wat kermis hou, the more the merrier, en waarom nie?

#### Roelfie for president

Intussen gaan die oorlog voort. Niks minder nie as totale verwoesting is aantreklik vir mister Bush. Dié kêrel raak by die dag knorriger en as hy 'n vinger kon rondswaai, sou daar weinig verskil in styl tussen hom en ons dear departed en unlamented Volksheld wees.

Na 'n wandelende kadawer soos Ronnie Reagan moet die man seker maar so te kere gaan sodat die volk kan sien hy skop darem nog. Ek meen te sê, dit kan tot hysterie lei as

# Het ons kosbare Springbok die pad nou só byster geraak?

die Amerikaanse volksvrees bewaarheid word en die nat agter die ore Quale die leisels moet oomeem.

Dit is so goed as om te sê Roelfie Meyer for President.

Iedergeval, hoeveel oorlewendes van die slagveld gaan na dese saalam doen vir Sy Allerhoogste Edele Saddam, na wie se beeld hulle almal geskape is, snor en al?

Seg Moeder, include me out.

#### Nog 'n instituut

Dit is 'n pragtige ideaal van Oscar Dhlomo, eens Gatsha-you-know-who se regterhand, om 'n instituut vir demokrasie in die lewe te roep. After all, die man is nou al lank werkloos en 'n mens moet maar 'n plan maak. Waarom nie 'n instituut nie, daar is dan soveel ander?

Dit is verblydend dat dié jongste wit olifant onpolities gaan wees, sonder enige ideologiese voorkeure.

Pragtig sappig, dus dat die eerste

waardige instansies 'n uiters oorspronklike siening van demokrasie het.

Egbertus wens dié siele sterkte toe, met 'n voorstel: Begin tog om die Skoon Administrasie te demokratiseer - sal dit nie mooi wees as die swart regters wat hulle so angstig is om aan te stel, sommer stemreg het nie?

#### Lothar's Lament

Die polieste het ons weer vergas, dié keer gelukkig nie met traanrook nie, maar met 'n eienaardige persverklaring wat glo Dirk Coetzee se uitlatings in perspektief moet stel. Waarop dit eintlik neerkom, is 'n verklaring dat die polieste onskuldig is. (Wie kon tog ooit daarvan twyfel?) En dat Coetzee lieg (ditto).

Wat vreemd omtrent die hele gedoeente is, is dat die stomme siele skoon vergeet het van die sub judice-reël waarna hulle telkens so

naarstiglik gryp, veral sedert Lothar's Lament. 'n Bewering dat Coetzee 'n leunaar is, is tog sekerlik meer relevant tot die onderwerp van enige appèl as wat die vraag is of Neethling sy eie koste gaan betaal? Die demokrasie is voorwaar selektief.

#### Galblaas

Terselfdertyd kom die sappige nuus aangeswem dat Ibrahim-Ibrahim (wat nie verwair moet word met Egbertus-Egbertus nie) se 20 jaar tronkstraf opsy gesit is deur die Appèlhof omdat 'n orgaan van die Skoon Administrasie hom uit Swaziland ontvoer het om hier tereg te staan.

Watter orgaan sou dit wees? Seg Moeder, waarskynlik die galblaas.

Welkom, vrinde, by die Winnie Mandela Support Committee. Onse funksie is om die persberigte in perspektief te stel en selfs te voorkom as ons kan.

As julle nie hiervoor kans sien nie, is daar altyd die Chris Ham-ondersteunersgroep. Dié ouens rits die hele Transkei vol in Mercedese en soortgelyke euwels. Sou dit waar wees dat Kappokhani van die Transkei 'n persoonlike en "viesdom" gemaak het?

Nou vir die Ciskei, en dan Koeweit.

**HOE RYM  
DIT DAN?**

EGBERTUS  
KLAAGVOORT

direkteur jare lank die hoogste poste bekleë het in Azapo en die National Forum, en ons weet almal dat dié

Hier verskyn  
verkorte  
resensies van  
die beste  
vermaak. Waar  
geen voorletters  
verskyn nie, het  
ons nog nie kans  
gelyk om die  
befrokke stuk te  
resenseer nie.

## Rolprente

DANIE PIETERSE - DP  
JAN KONTERDANS - JK  
ANDREA VINASSA - AV  
PETER GOLDSMID - PG  
RANDY LE ROUX - RR

CYRANO DE BERGERAC - Gerard Depardieu se hande staan vir niets verkeerd nie. Net Depardieu met sy logge lyf en deurdringende oë

kon 'n 1897-drama oor 'n 17de eeuse digter en swaardvechter met 'n ble lang neus omskep het in een van Frankryk se gewildste prente ooit. Dis 'n pragstuk. - AV

GOODFELLAS - 'n Nuwe Martin Scorsese-prent is altyd 'n even. Sy jongste, ook 'n sociologiese traktaat soos "Mean Streets", is gegrond op Nicholas Pileggi se biografie van 'n New Yorkse gangster. As Henry Hill stof Ray Liotta vir Robert de Niro uit. Lorraine Bracco skitter

as 'n verdrukte vrou. Vol brillante tegniese truks, intense emosionele tonele en galgehumor. - AV

THE KRAYS - 'n Britse rampokkerprent gegrond op 'n ware verhaal wat soos 'n psigo-analiseer na die redes vir die Krays-tweeling se psigotiese optrede. Stilisties imposant met goede vertellings deur Spandau Ballet se Kemp-broers. - AV

TRACK 29 - Dié offbeat-

riller het nog nie hier in die Transval gedaal nie, maar dit word deur al die rolprentydskrifte aanbeveel. Met Gary Oldman en Theresa Russell. In die Oscar in Kaapstad.

KORCZAK - Hollography soos die "Holocaust"-tema is, is Andrej Wajda se swart-en-wit huldeblyk aan 'n Poolse kinderdokter wat 'n weeshuis vol kinders na die Nazi's se doodskampe vergesel het, 'n uitsonderlike prent. Wajda se ver-

naamste prestasie is die beheersing waarin hy dié hoogs vlambare onderwerp hanteer. - AV

THE MUSIC TEACHER - Dié asembenemende Franse periodestuk is Romanties in die ware sin van die woord. Die skeppingsgees en die dood, albei versier met kant. 'n Middeleeuse (getroude) musiekonderwyser besef die nuteloosheid van sy liefde vir sy talentvolle jong sangstudent. Hy nooi 'n straatsonger en deeltydse misdaadiger na sy huis waar hy sy natuurlike sangtalent ontwikkel. Sy op die oog af wrede metodes is ten einde lonend wanneer die twee studente hulle by 'n sangwedstryd in vyandige geselskap bevind. - AV

## Onafhanklike rolprentteaters

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915: Vandag tot Sondag: Withnail and I".

Middernagvertoning: 1 Maart "Angel Heart" en The Exorcist". Dinsdag tot Donderdag: "Pixote". Vertonings om 3.00, 6.00 en 9.00.

SEVEN ARTS: Grantlaan, Norwood. (011) 483-1680. "THE MUSIC TEACHER" daaglik om 2.00, 6.00, 8.00 en 10.00. CINE CORLETT: Bramley, (011) 786 0324. "EAT A BOWL OF TEA" en "JAZZ GREATS SEASON".

KAAPSTAD

CHAMBRE A PART - Michel Blanc, die akteur wie se mesmeriserende teenwoordigheid in "Monsieur Hiré" die deurslag gegee het, speel 'n Fransman wat sy eensaamheid probeer oplos deur verlief te raak op 'n beeldskone "con-artist". Martin skryf sy alleenheid daarvan toe dat hy 'n Fransman in Londen is en wanneer 'n vreemde Franse egaap hulle opdring, leer Martin dat emosies al te wisselvug kan

LABIA

- Oranjestraat 68. (021) 245927 'n Keur van films o.a. Decline of the American Empire, Venetian Woman, Haunted Summer, Mascara. Bel gerus hulle is vriendelike mense.

## Kunsgalerye



JOHANNESBURG  
Gallery on the Market: 'n Uitstalling van Beezy Bailey (bo) tot 19 Maart. Wolhuterstraat 50, Newtown. (011) 492-1028.

Sanderling-galerie: Die waterverf kunstenaar Alfred Gunderson se land- en seeskappe. Smalstraat-deurloop 7, Johannesburg. (011) 29-3889. Maandae tot Vrydag 9vm - 5nm, Saterdae 9vm - 1nm. Johannesburgse Kunsmuseum: Ukyo-e: kleurvolle Japanse houtblok-afdrukke (c. 1615 tot 1868). Hierdie afdrukke beeld die hedonistiese wêrelief van die stedelike bevolking uit. Dinsdae tot Sondae 10vm - 5nm.

Goodman-gallery: Kendell Geers tot 9 Maart. Gallatin se skilderwerk met mineraal en metaale en Benny Alice se beeldhouwerke. Hyde Park. (011) 788-1113. Dinsdae tot Saterdae 9.30vm - 6nm.

Markteater gallery: Werke van Judy Woodborne en Christine Dixie tot 22 Maart.

## PRETORIA

Kunsmuseum: Alexis Preller (1911 - 1975). Werk wat die skilder se hele skeppende loopbaan dek. Arcadia Park. Tel. (012) 344 1807.

Wag-'n-bietjie roete: Die roete is weer hierdie naweekoop van 9vm tot 5nm. Volg die helderoranje windmeulens oos van Pretoria. Roete kaarte is verkrybaar by S A Toere se kantore in Pretoria en Johannesburg.

## KAAPSTAD

Natale Labia-museum: Die permanente versameling. Hoofweg 192, Muizenberg. (021) 88-4106. Dinsdae tot Sondae 10vm - 5nm.

Irma Stern-museum: 'n Keur uit Sankam se permanente versameling. Cecilweg, Rosebank. (021) 685-5686. Dinsdae tot Sondae 10vm - 1nm; 2 - 5nm.



## NU METRO THEATRES

NOW SHOWING: 1 - 7 MARCH  
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6  
HYDE PARK 447-3091  
THE GODFATHER III  
Al Pacino, Andy Garcia (2-14)  
DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30

GOODFELLAS  
Robert De Niro, Ray Liotta (2-19)  
DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30

WILD ORCHID  
Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LAST EXIT TO BROOKLYN  
Stephen Lang, Jennifer Jason Leigh (2-19)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MY BLUE HEAVEN  
Steve Martin, Rick Moranis (A)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

GHOST  
Patrick Swayze, Demi Moore (2-14)  
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO CITY 1-8  
(Formerly Star City)  
Cnr. CLAIM/PLEIN ST.  
337-3033/23-5871

THE GODFATHER III  
Al Pacino, Andy Garcia (2-14)  
DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30

AMERICAN KICKBOXER  
John Barrett (2-10)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

GOODFELLAS  
Robert De Niro, Ray Liotta (2-19)  
DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30

DEATH WARRANT  
Jean-Claude Van Damme (2-18)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

WILD ORCHID  
Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEN AT WORK  
Charlie Sheen, Emilio Estevez (A)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

THE KRAYS  
Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18)  
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

IMPULSE  
Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2  
BALEFOUR PARK 887-8548

THE GODFATHER III  
Al Pacino, Andy Garcia (2-14)  
DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30

GOODFELLAS  
Robert De Niro, Ray Liotta (2-19)  
DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30

NU METRO 1-2  
ALBERTON 907-2362

THE GODFATHER III  
Al Pacino, Andy Garcia (2-14)  
DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30

GOODFELLAS  
Robert De Niro, Ray Liotta (2-19)  
DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30

LEBA KLERKSDORP (018) 24564

CRAZY PEOPLE  
Dudley Moore, Daryl Hannah (2-14)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MY BLUE HEAVEN  
Steve Martin, Rick Moranis (A)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339

AMERICAN KICKBOXER  
John Barrett (2-10)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DARKMAN  
Liam Neeson, Frances McDormand (2-16)  
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266

MEMPHIS BELLE  
Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10)  
MON-FRI: 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

150 MEN AT WORK  
Charlie Sheen, Emilio Estevez (A)

MON-FRI: 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

CINE MMABATHO SUN HOTEL: (0140) 2-1144 EXT. 2830

NOW SHOWING: Jessica Lange THE MUSIC BOX (2-10)

## NU METRO THEATRES PRETORIA

Now Showing 1-7 March  
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO OSCAR  
Jeppe Street, Sunnyside 341-7682

NU METRO 1-2  
HILLBROW 725-1095

AMERICAN KICKBOXER  
John Barrett (2-10)

NU METRO VILLAGE 1-2  
Sunnyside 44-6096

GHOST  
Five Oscar Nominations (2-14)

NU METRO 1-7  
Menlyn Park 47-4568

THE KRAYS  
Crime Thriller (2-18)

NU METRO 1-7  
MAIN ROAD 434-7951

THE GODFATHER III  
7 Oscar Nominations

NU METRO 1-7  
MAIN ROAD 434-7951

LAST EXIT TO BROOKLYN  
Stephen Lang, Jennifer Jason Leigh (2-19)

NU METRO SEA POINT 1-4  
MAIN ROAD 434-7951

THE GODFATHER III  
Al Pacino, Andy Garcia (2-14)

POSTCARDS FROM THE EDGE  
Meryl Streep, Shirley MacLaine (2-16)

MEN AT WORK  
Charlie Sheen, Emilio Estevez (A)

NU METRO BRACKENFELL 1-4  
MAIN ROAD 981-8100

THE GODFATHER III  
7 Oscar Nominations

NU METRO OSCAR  
Adderley Street 45-5285

DRUGSTORE COWBOY  
Matt Dillon, Kelly Lynch (2-18)

NU METRO RONDEBOSCH  
MAIN ROAD 685-4569

MEN AT WORK  
Action Comedy

NU METRO NELSPRUIT 1-3  
The Promenade (01311) 25767

MY BLUE HEAVEN  
Hilarious Comedy (A)

ANOTHER 48 HOURS  
Action (2-18)

RELENTLESS  
Judd Nelson (2-18)

ARACHNOphobia  
Thriller (2-10)

ROCKY V  
Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10)

GHOST  
Patrick Swayze, Demi Moore (2-14)

IMPAULS

CHARLES  
Jeff Daniels, Julian Sands (2-10)

THE MUSIC BOX (2-10)

## TOWERFLIEKE

### DIE WEEK OP M-NET

- OUTLAW JOSEY WALES
- FLOWERS IN THE ATTIC
- SUNSET
- BIG TOWN

WESTERN 1/3  
GRUWEL 2/3  
KOMEDIE 3/3  
DRAMA 6/3

M-NET  
BESPREK NU JHB (011) 889-2222 & PTA (012) 346-2222

## Kaapstad

</

# Kaapstad



NOW SHOWING

FRIDAY and SATURDAY

1st &amp; 2 MARCH 1991

**Kenshawth  
Centre**

4 Cinema Complex - TEL. 683-1209

DAILY: 10.00 am, 2.30, 5.30 and 8.30 pm

AL PACINO • ANDY GARCIA

IN

FRANCIS FORD COPPOLA'S

**THE GODFATHER PART III** (2-14)

FRI: 9.30 am, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00 pm

• ROBERT DE NERO •

**GOODFELLAS**

AWARD WINNING THRILLER (2-19)

★ SATURDAY: 9.45 am, 12.00, 2.30 pm \*

**HONEY I SHRUNK THE KIDS** (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 4.45, 5.45, 8.00, 10.00 pm

• ANDREW McCARTHY •

**WEEKEND AT BERNIE'S**

WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.45, 5.45, 8.00 pm

TOM SELLECK • TED DANSON

**THREE MEN AND A LITTLE LADY**

PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE! (ALL)

NIGHTLY: 9.10 pm ONLY

• DANNY GLOVER •

**PREDATOR 2**

HES COMING TO TOWN WITH A FEW DAYS TO KILL (2-19)

TYGER VALLEY

Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 948-6710

DAILY: 10.00 am, 1.30, 5.00 and 8.30 pm

• KEVIN COSTNER •

**DANCES WITH WOLVES**

Golden Globe Winner

RATED ★★★★ The Argus (2-12)

DAILY: 10.00 am, 2.30, 5.30 and 8.30 pm

AL PACINO • ANDY GARCIA

IN

FRANCIS FORD COPPOLA'S

**THE GODFATHER PART III** (2-14)

FRI: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

SAT: 5.15, 7.45, 10.00 pm ONLY

GLENN CLOSE • JEREMY IRONS

**REVERSAL OF FORTUNE**

A SAGA OF MONEY AND MYSTERY (2-13)

★ SATURDAY: 9.45 am, 12.00, 2.30 ONLY \*

**HOME ALONE** (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 pm

• ANDREW McCARTHY •

**WEEKEND AT BERNIE'S**

WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

FRI: 9.30 am, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00 pm

SAT: 3.00, 6.00 and 9.00 pm

• ROBERT DE NERO •

**GOODFELLAS**

AWARD WINNING THRILLER (2-19)

★ SATURDAY: 9.45 am AND 12.00 pm ONLY

**OLIVER & CO.** (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

MERYL STREEP • SHIRLEY MACLAINE

**POSTCARDS FROM THE EDGE**

A MIKE NICHOLS FILM

Co-starring Dennis Quaid - Outstanding Drama (2-16)

Maynard Mall

Wynberg

MAIN ROAD, TEL. 761-0131

DAILY: 10.00 am, 1.30, 5.00 and 8.30 pm

• KEVIN COSTNER •

**DANCES WITH WOLVES**

Golden Globe Winner

RATED ★★★★ The Argus (2-12)

DAILY: 10.00 am, 2.30, 5.30 and 8.30 pm

AL PACINO • ANDY GARCIA

IN

FRANCIS FORD COPPOLA'S

**THE GODFATHER PART III** (2-14)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

ANDREW McCARTHY •

**WEEKEND AT BERNIE'S**

WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.45, 5.30, 8.00, 10.15 pm

MERYL STREEP • SHIRLEY MACLAINE

**POSTCARDS FROM THE EDGE**

A MIKE NICHOLS FILM

Co-starring Dennis Quaid - Outstanding Drama (2-16)

Monte Carlo

Foreshore, TEL. 25-3052

- PLEASE NOTE SPECIAL TIMES -

DAILY: 10.00 am, 1.30, 5.00 and 8.30 pm

• KEVIN COSTNER •

**DANCES WITH WOLVES**

Golden Globe Winner

RATED ★★★★ The Argus (2-12)

DAILY: 9.30 am, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00 pm

• GERARD DEPARDEU •

**CYRANO**

French with English sub-titles (All)

DE BERGERAC Highly Acclaimed (All)

Protea Claremont

MAIN ROAD, TEL. 61-7979

DAILY: 10.00 am, 1.30, 5.00 and 8.30 pm

• KEVIN COSTNER •

**DANCES WITH WOLVES**

Golden Globe Winner

RATED ★★★★ The Argus (2-12)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.45, 5.30, 8.00, 10.15 pm

MERYL STREEP • SHIRLEY MACLAINE

**POSTCARDS FROM THE EDGE**

A MIKE NICHOLS FILM

Co-starring Dennis Quaid - Outstanding Drama (2-16)

Drive-ins

NIGHTLY AT 8.00 pm

★ R12.00 per Cat. Com or LDV for 2 films \*

Goodwood-Tel 54-4339

Next to Goodwood Showgrounds

MERYL STREEP • SHIRLEY MACLAINE

**POSTCARDS FROM THE EDGE**

A MIKE NICHOLS FILM

Co-starring Dennis Quaid - Outstanding Drama (2-16)

plus

Julia Roberts

**FLATLINERS**

Kiepen Sutherland - Kevin Bacon (2-16)

Seabreeze-Tel 701-3009

Pollaroo Rd. Tokai

Nick Nolte • Eddie Murphy

Another 48 Hours

COMEDY THRILLER (2-18)

plus

Liam Neeson

**DARKMAN**

STARTLING THRILLER (2-16)

Skyline-Tel 903-5130

Main Road Kuls River

• DANNY GLOVER •

**PREDATOR 2**

Coming to town with a few days to kill (2-19)

plus

Schwarzenegger

**TOTAL RECALL**

NO PERSONS 2-19 WILL BE PERMITTED

(EVERYBODY'S FINE) with sub-titles (All)

Constantia Rosebank

MAIN ROAD, TEL. 66-6449

DAILY 9.45 am, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm

**THE VANISHING**

Award-winning Dutch Thriller with Sub-titles (All)

DAILY 9.30 am, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00 pm

• GERARD DEPARDEU •

**CYRANO**

French with English sub-titles (All)

DE BERGERAC Highly Acclaimed (All)

Daily 9.45 am, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm

- MARCELLO MASTROIANNI -

**STANNO TUTTI BENE**

(EVERYBODY'S FINE) with sub-titles (All)



STER-KINEKOR

1 MAART - 7 MAART  
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET  
NAVRAE (011) 331-9991 - ALMAL WELKOM
**SENTRAAL NOORD**

KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2/3

Daaglike: 10.00, 2.30, 5.30, 8.30 nm

**THE GODFATHER PART III** (2-14)

GENOMINEER VIR 7 OSCAR TOEKENNINGS!

Daaglike: 10.00, 1.30, 5.00, 8.00 nm

**DANCES WITH WOLVES** (2-12)

GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!

Maan-Don: 10.00, 12.00, 2.15, 5.30, 8.00, 10.15 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.00, 2.15, 5.30, 8.00, 10.30 pm

**AMERICAN KICKBOXER** (2-10)

GENOMINEER VIR 2 OSCAR TOEKENNINGS!

Daaglike: 10.00, 1.30, 5.00, 8.00 nm

**THE RUTANGA TAPES** (A)

GENOMINEER VIR 1 OSCAR TOEKENNINGS!

Daaglike: 10.00, 1.30, 5.00, 8.00 nm

**PREDATOR 2** (2-19)

GENOMINEER VIR 1 OSCAR TOEKENNINGS!

Daaglike: 10.00, 1.30, 5.00, 8.00 nm

**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)

GEN

# Kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

PERSOONLIK	VERBLYF		BEDREWE VERWER	VISUAL ART COURSES	Boyes	MARK
Die Takhare vir Vrede is verdrietig oor die Jongman se vertrek	LUUKSE-WOONSTELLE, ten volle toegerus en gemaublieerd. Sentraal in Pretoria, op busroete en naby hospitaal, ook binne loopafstand van Kerkplein. Ideaal vir besighedsbesoeke en toeriste. Besprekings: (012) 26-6346 (16h00-18h00).		Huisse, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)	Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm	Hours: Mon; Tues; Thurs : 09h30 - 20h30 Wed & Fri : 09h00 - 19h30 Saturday : 09h00 - 13h00	PHAMBILI BOOKS: Huge selection of Academic Titles 22 Plein Street Tel: (011) 29-4944 WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying Open: Mon-Fri 9h00-17h30 Saturday 9h00-13h00 Sundays 13h00-17h00
Die Bleskoppe teen Apartheid sê 'n volk sonder 'n staat is 'n volk op straat	ENROL NOW TEL: (011) 29-4116/7 The future is yours through education	DRESSMAKING & DESIGN BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS ENQUIRIES CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL 7th Floor Charleston House 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001 • Computer courses • Secretarial	TIK- EN VERTAALWERK Bel Louise by (012) 46-6577	DIENSPLIK ADVIESDIENS Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w) Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h) Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm) Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm	The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079	FAMILY MENTAL HEALTH IS PRICELESS This is the theme for the MARCH IS MENTAL HEALTH MONTH campaign, culminating in the MENTAL HEALTH MONTH CONFERENCE, on 2 & 4 March 1991 (7h30-16h00); at Koinonia, 115 Derby Rd, Judith's Paarl, Johannesburg. The aim of this campaign is to create public awareness of the paramount importance of the emotional and social well-being of families, the building blocks of society, and the role families play in the development of healthy individuals and therefore a healthy nation. We would like as many families and couples as possible to attend the workshop. ENQUIRIES: Liz Norman or Louise Eatock at 725-5800 (Tel) or 725-5853 (Fax) or write to the National Council for Mental Health, PO Box 2587, JHB 2000
Teen slegs R40 (AVB uitgesluit) sal ons u klein-advertensie vier opeenvolgende weke in Vrye Weekblad plaas. Skakel Louwrens by 836-2151 NOU en plaas jou advertensie. (Slegs 25 woorde of minder)				KIM SACKS GALLERY is currently hosting an exciting exhibition of • Contemporary Zulu Iimbenges (Telephone wire baskets) • Porcelain, Stoneware & Sawdust fired vessels • Ceramic Sculptures • Jewellery, Mobiles & African Beaded Necklaces • Textiles & cloths from Thailand, Mali, Cuba & Ecuador • Copper Candlesticks by Carol		STET STET STET Die jongste Stet, met 'n deernis vir die landbouer, het pas verskyn. Stuur 'n tjek of posorder van R6 na: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

## Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06).

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.

Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.

Die telefoonnummer is (011) 836-2151-9 en die faksnummer 838 5901.

### Redaksie

Redakteur: Max du Preez

Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde, Hennie Serfontein

Nuusredakteur: Hans Plenaar

Sub-redakteur: Ryk Hattingh

Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Esma Anderson, Irene Louw, Phineus Tshukudu

Fotoredakteur: Lise Joubert

Ontwerp: Esma Anderson, Andrea Vinassa

Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo, Laetitia Pople

Sportredakteur: Tinus Horn

Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh

### Bestuur

Advertensies en bemarking: Marie Eagar, Louwrens Potgieter

Redaksionele assistent: Cathy Fennessy

Boekhouding: Clara Nkutha

Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan


### Buitekantore

Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche. Tel (021) 47-8960 en 47-8819

Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar.

Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.



# Morele waardes styg toe Gokke se straatvrou trek

DIE besluit van die Goudstadse rugbyklub om te onbind, het verlede week skokgolwe deur Transvaalse rugbykringe gestuur. Wat veral insiggewend was, was die sterk standpunt wat die klub teen die ewel van "geldrugby" ingeneem het.

'n Deel van hul verklaring lui: "Hierdie klub sien weens 'n tekort aan rugbyspelers en fondse nie sy weg oop om verder deel te hê aan geldrugby nie. Na ons mening word sport in die algemeen en rugby in die besonder nie na wense daardeur gedien nie."

'n Mens sal ver soek na 'n verdoemender erkenning van skynheiligeid. Goudstad het geen beswaar teen die koop van spelers gehad toe hulle dit self kon bekostig om 'n wenspan aan te skaf nie. Nou dat 'n geldnood druk, is die aakklike gedagte dat spelers betaal word, heeltemal onaanvaarbaar.

Dis soos 'n plattelandse gemeenskappie wie se enigste straatvrou besluit om te trek. Dit laat die manlike inwoners, wat lekker gekuier het toe hulle nog kon, skielik skerp uitvaar teen losbandigheid.

Almal in Transvaal weet dat net Roodepoort in die verlede die tjakboek met groter behendigheid onder 'n top-speler se neus kon vryfas Goudstad. Dis nie toevalig dat dié twee klubs Transvaal se rugby die afgelope vier jaar so oorheers het nie.


(Askies, Randburg. 'n Mens in geneig om van julle te vergeet, omdat julle ten spyte van al die geld nog steeds niks kon uitrig nie).

'n Afname in manstudente word as 'n verdere rede vir die Gokke se drastiese besluit aangegee. Hoekom is dit 'n probleem? Die Gokkies was immers 'n oop klub wat in die verlede gevestigde spelers ten koste van hul eie studente ingevoer en vir die eerste span gekies het.

Dis deesdae die gebruik by baie kolleges en universiteit om hardebaarde te koop om hul span te versterk en hul beeld te verbeter. Maar wat beteken die welslae as huursoldate dit namens hulle behaal?

Dalk is dit dié taktiek wat uiteindelik tot die klub se einde geleë het.

Die kon op die lang duur net misluk: Laat in die dekade tagtig



het die Gokke goed met hul eie studente presteer. Nadat die manne afstudeer het en deur ander klubs opgeraap is, wou die Gokke aanhou wen en moes hulle spelers by ander klubs weglok.

Dit het op die oppervlak gelyk of dit werk, maar die sterk rugbyklub, wat studente na die kollege moes lok, het voornemende studente dalk eerder afgeskrik, omdat daar in die wenspan g'n plek vir groentjies was nie.


Verlede jaar het agt Gokke vir Transvaal uitgedraf. Die meeste van hulle het al voor die Anglo-Boereoorlog hul buiging vir die Rooibontes gemaak.

Die Gokke se besluit om te onbind laat 'n mens net weer besef dat alles deesdae om welslae draai. As ons nie kan wen nie, speel ons nie.

As dié gedagte by die provinsiale rugby-owerhede posvat, is Ellis Park dalk binnekort Saterdae vir sokker beskikbaar.

**Atletiek** is vinnig besig om een van Suid-Afrika se gewildste toeskouersportsoorte te word, en die SAUK saai vanaand en Maandagaand groot byeenkomste uit. Vanaand is dit die United Bank-byeenkoms op Potchefstroom, en Maandagaand die Volkswagen-byeenkoms in Port Elizabeth.

M-NET se groot hoogtepunt is die rugbywedstryd tussen Engeland en Ierland op Lansdown Road. 'n Oorwinning is bale belangrik vir Engeland, wat saam met Frankryk voorloopt in die Vy-Naslereeks.



## Dalk sal Bland nou erkenning kry

John Bland is die soort sportman wat altyd presteer maar eenvoudig nie die publiek se verbeelding aangryp nie.

Hy het vanjaar vir die soveelste keer bo-aan die merletelys vir die Sonskynreeks geëindig, maar hy bly nie temin op die agtergrond. Van superster-status is daar geen sprake nie.

So is daar die afgelope paar jaar byna sonder uitsondering groot oomin oor sy uitsluiting uit die toernooi om \$1 miljoen by Sun City. As hy nou nog nie genoeg gedoen het om 'n plek in die toernooi te verdien nie, sal hy nooit genoeg doen nie.

Dat Bland op 45 nog Suid-Afrika se voorste speler is, is 'n uitsonderlike prestasie.

Hy kan nie meer met die jong turke saampraat wat boshouse betref nie, maar vir dit wat hy in krag inboet, vergoed hy met onberispelike beheer.

Die bewering dat hy bestendig maar vervelig is, hou ook nie meer water ná die brillante 62 waarmee hy Woensdag die baanrekord by Kensington verpletter het nie.

Waaronder minder talentvolle spelers dan steeds die kalklig? Die vernaamste rede is dalk Bland se beskedenheid, wat verhinder dat hy hom aan selfverheerliking in die media skuldig maak.

By sy huis is daar geen teken van sy welslae nie. Hy bêre sy bekers in 'n kas, omdat hy nie tuis aan ghof herinner wil word nie. En intussen ryg hy die oorwinnings in...

## Die week se TV-Sport

Die week se volledige sportprogramrooster is:

**SAUK:**  
Vrydag, 1 Maart:  
TSS, 14h30: Gholf: Trust Bank se toernooi van kampioene. krieket: TV1 10:00 en TSS 13:00: WP teen Natal op Nuweland  
TV1, 18h30: Gillette World Sport Special.  
TV4, 20h35: Power Mania  
**Saterdag, 2 Maart:**

TSS 10h00: Motorwedrenne vanaf Aldo Scribante; krieket: WP teen Natal op Nuweland  
TV1, 12h00-1756: Junior Sport; Motorwedrenne vanaf Aldo Scribante; Seljagvaart (BOC-wedvaart: jongste nuus); Peredewrenne vanaf Milnerton; Gholf: toernooi van kampioene; krieket: WP teen Natal op Nuweland  
**Sondag, 3 Maart**  
TSS 10h00: Junior Sport (heruitstelling); krieket: WP teen Natal op Nuweland  
**Maandag, 4 Maart:**  
TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 12. Atletiek vanaf Port Elizabeth.  
**Dinsdag, 5 Maart:**  
TSS 21h00: ATP Tennis  
**Woensdag, 20 Februarie:**  
TSS 21h00: Sokker: Manchester United teen Montpellier.

**Donderdag, 21 Februarie**  
TSS 21h00: RAF-byeenkoms uit Gosford, Engeland

**M-NET:**  
**Vrydag, 1 Maart:** World of National Panasonic  
**Saterdag, 16 Februarie:**  
15h00: Gholf: Nissan se Los Angeles Ope 16h00: Motorsport News 16h30: Regstreks: Rugby: Ierland teen Engeland vanaf Cardiff Arms Park 28h45: Sportsfire  
**Sondag, 17 Februarie**  
14h00: World of National Panasonic; 17h00: Sokker, regstreks: Liverpool teen Arsenal 22h15: ATP-tennis vanaf Rotterdam  
**Dinsdag, 19 Februarie:**  
22h00: Nashua se Britse sokkerhoogtepunte en Road to Wembley

'Een oorwinning en ons is daar'

## Deurbraak wink vir die Noorde

Noord-Transvaal se krieketspan kon nog nooit een van die land se drie belangrikste trofee wen nie. Hulle was die vorige twee seisoene bitter ongelukkig om die Curriebeker-eindstryd mis te loop en verlede seisoen het hulle hul kans lelik in die Nissanskild-eindstryd verspeel. Met nog twee wedstryde in die Curriebeker-reeks oor, is hulle vanjaar nog stewig in die prentjie. Gaan hulle dié keer die wendroogte breek? TINUS HORN het met die Noorde se kaptein, MANDY YACHAD, oor sy skitterende vorm met die kolf en sy span se gebrek aan geluk gesels.

DIE Noord-Transvaalse krieketkaptein, Mandy Yachad, is 'n kolwer vir elke geleenthed.

Hy is bekend as 'n man wat 'n lang beurt kan bou en sal voor in die ry staan wanneer Suid-Afrika weer die dag 'n span vir 'n vyfdaagse toets moet kies.

Maar wanneer hy moet, kan hy ook met mening onder die boulwerk inklim; daarvan getuig twee honderdtalle in eendaagse wedstryde en 'n blitsige honderd op die laaste dag van 'n Curriebekerwedstryd teen die WP.

"Enige kolwer wat sy sout werd is, moet die vermoë hê om hom by onstandighede aan te pas," sê hy.

Dis die teorie. In Suid-Afrika is daar min spelers wat dit kan doen. Die meeste van hulle kan vuurwerkvertontings lever, maar hulle verkrammel heeltemal wanneer hulle ten alle koste voor die penne moet bly.

Yachad se uitstekende konsentrasievermoë en sy groot verskeidenheid houe, wat hy pynlik korrek uitvoer, rus hom toe om oral te presteer.

Hy is reeds dertig jaar oud, maar meen dat hy nou eers werklik wasdom as kolwer bereik het.

"As jy jonk en onervare is, kan jy presteer omdat niemand jou ken nie en omdat jy nie werklik besef hoe belangrik jou rol is nie. Maar dan begin die druk oplaai en gaan baie spelers deur 'n soort serfvertroue-krisis. As hulle ongedeerd daaruit kom, is hulle reg vir groot dinge."

Yachad het dié seisoen die Noorde se kapteinskap by Lee Barnard oorgeneem en dadelik baat gevind by die groter verantwoordelikheid van sy nuwe rol.

"Ek hou daarvan om te voel ek moet 'n groot telling aanteken. Ek beskou myself ook nog altyd as 'n denker op die veld en dis lekker om my idees in die praktyk te beproef."

Yachad is 'n gebore en getoë Johannesburger wat in die Goudstad as prokureur praktiseer en sy provinsiale buiging vir Transvaal gemaak het. Daar is egter min liefde vir sy ou provinsie by hom te bespeur.

"Agt lede van die Noord-Transvaalse span woon en werk in Johannesburg. Maak maar jou eie afleidings daaruit," sê hy.

In Transvaal word daar gereeld spottenderwys na die Noorde as Transvaal B verwys. Yachad stel dit duidelik dat hulle nie vir Noord-Transvaal speel omdat hulle nie in die Transvaalspan sou kon plek kry nie.

"Een of twee spelers was dalk gefrustreerd omdat hulle nie daar die A-span kon haal nie, maar die vernaamste rede waarom ons vir die Noorde speel, is eenvoudig dat ons dit daar verkie." Yachad het in 1983 tydens sy militêre diensplig met Noord-Transvaal se krieketkennis gemaak en ná 'n middelmatige eerste seisoen so verbe-

ter dat hy die daaropvolgende jaar die Sprinbgokspan teen Lawrence Rowe se Wes-Indiers gehaal het.

In die toetsreeks was hy een van Suid-Afrika se bestendigste kolwers en een van min wat werklik die Windies se snelaanval behoorlik kon baasraak.

"Hul boulwerk het my nogal gepas, omdat hulle daarvan gehou het om die bal kort te plant. Haak- en kaphoue was nog altyd my sterke punte en daarvoor was daar baie kans."

Na sy diensplig is hy terug Transvaal toe, waar dinge maar net nie wou vlot nie. "Daar was te veel groot sterre om my. Ek het nie my natuurlike spel gespeel nie, maar eerder by 'n patroon probeer inpas."

Hoewel hy dit nie openlik wil sê nie, is dit duidelik dat hy ontvrede was met die behandeling wat hy in die Transvaalspan ontvang het.

'n Mens dink dadelik aan stories oor 'n

"krieket-Mafia" wat uit gesoute Transvaalse spelers bestaan het en dinge glo bitter moeilik vir nuwelinge gemaak het.

Dis opvallend dat die Noord-Transvaalse snelbouler, Gerbrand Grobler, Yachad-hulle aan die begin van die seisoen daarvan beskuldig het dat hulle 'n Transvaalse kliek in die Noorde se span vorm. Dalk 'n "Mafia" in die kleine?

"Ek was nie beïndruk nie. Gerbrand se uitlatings was ongegrond en ongevraagd. Daar skort niets met ons spangees nie en daar is geen sprake dat sommige spelers ten koste van ander voortrek word nie."

Yachad is teleurgesteld oor die feit dat sy span nie die halfieindronde van die reeks om die Nissanskild of Benson & Hedges se aandreeks kon haal nie, maar in sy skik met hul spel in die Curriebekerreeks.

"Sedert Kersfees is Noord-Transvaal

beslis die beste driedaagse span in die land," sê hy en staaf dan sy bewering met 'n lys van hul vertonings:

"Ons het die Curriebekerseisoen swak begin deur ons eerste wedstryd teen Transvaal met vier paaltjies te verloor. Daarna het ons die OP op die laaste dag diep in die moeilikheid gehad op twintig vir vyf, maar die tyd om hulle uit te boul, was te min."

"Teen die WP op Nuweland was ons net een paaltjie weg van 'n oorwinning, maar slegs 10 lopies weg van 'n nederlaag."

"Die tweede wedstryd die OP het ook op 'n oorwinning vir ons afgestuur. Kepler Wessels het 'n billike teiken gestel, maar van vertragingstaktiek gebruik gemaak toe dit begin lyk het of sy span dalk kan verloor."

Hul wedstryd teen Transvaal in Verwoerdburg is deur 'n morsdooie blad en Clive Rice se negatiewe benadering in die wiele gery.

Die hoogtepunt van die seisoen vir die Noorde was 'n briljante oorwinning teen die WP, waarin Yachad en Mike Rindel 'n teiken van by die sewe lopies per beurt gejaag het en met 'n hele paar beurte oor verbygesteek het.

Daarna het die Noorde twee paaltjies

weg van 'n sege teen die Vrystaat omgedraai en verlede naweek teen Natal slegs een paaltjie nodig gehad toe die penne opgetrek is.

Dit is dus duidelik dat hulle met 'n raps meer geluk nou bo-aan die puntelyst kon wees. "Dit is so, maar ek glo ook jy is vir jou eie geluk verantwoordelik," sê Yachad.

Verlede naweek se wedstryd teen Natal is 'n voorbeeld hiervan: kort voor die einde het die Noorde 'n vangkans verbrou wat hul oorwinning sou verseel. 15 kosbare punte daarmee heen. Dit kan die Noorde die beker kos.

Maar hulle het hulle al vanjaar bewys as vegters soos min. Moenie vebaas wees as hulle by die wenpaal die beker voor die WP en Transvaal wegruk nie. "Net een oorwinning, en ons is daar," sê Yachad.

En 'n goeie tweede plek sal dié keer eenvoudig nie goed genoeg wees nie.

